

Visie van
Die Beloofde Land
Die Verhaal van
Moses
Louis Nel

# Visie van die Beloofde Land

## Die Verhaal van Moses

**Louis Nel**

April 2012

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

1 Voorwoord

2 Die Baba in die Riete

3 Moses die Vlugteling

4 Die Doringbos wat Brand

5 Moses Kry ‘n Opdrag

6 Drie Wondertekens

7 Terug na Egipte

8 Ontmoeting met Farao

9 Die Israeliete Kerm

10 Moses Protesteer Alweer

11 Groot Wonders Op Pad

12 Eerste Twee Plae

13 Nog Vier Plae

14 Die Sewende plaag

15 Sprinkane en Duisternis

16 Nag van Smarte

17 Voorwaarts Mars!

18 Vasgekeer soos Rotte

19 Droogvoets Deur die See

20 Water, Water!

21 Kwartels uit die Hemel

22 Manna

23 Die Sabbat

24 Water uit die Rots

25 Oorlog! Oorlog!

26 Jetro Praat Hard

27 By die Berg

28 God Praat met die Volk

29 Die Tien Gebooie (deel 1)

30 Die Tien Gebooie (deel 2)
31 Die Tien Gebooie (deel 3)
32 Die Tien Gebooie (deel 4)
33 Die Altaar
34 Die Goue Kalf
35 In Gesprek met God
36 Die Ark
37 Ons Soek Vleis!
38 Delegeer jou Pligte
39 Land van Melk en Heuning
40 Water uit die Rots
41 Bileam se Donkie
42 Moses Sterf

# 1 Voorwoord

Moses - die baba in die mandjie wat “toevallig” deur ‘n Egiptiese prinses ontdek word tussen die riete van die Nylrivier. Hy groei op as ‘n Egiptiese prins.

Maar dan gebeur die onvermydelike wanneer hy sy eie mense ontmoet, en sien hoe hulle mishandel word. Hy vermoor ‘n Egiptenaar, en dan moet hy vlug vir sy lewe.

Hy verruil die luukse van die paleis vir ‘n nomadiese bestaan in die woestyn, waar hy moet skape oppas. Maar dit is ook dáár waar sy ganse lewe verander, wanneer hy God ontmoet.

Ons leer Moses ken as die onwillige gesant wat uitstyg bo sy omstandighede en swakhede om een van die grootste leiers van alle tye te word. Iemand wat in ‘n intieme verhouding met God leef - wat nie skroom om die magtige Farao aan te vat nie. Maar ons leer hom ook ken as ‘n mens wat ook sy foute het, en soms ook maar sy geduld verloor wanneer die Israeliete se gekerm een te veel word vir hom.

Moses - leier, profeet, man van God.

Louis Nel

# 2 Die Baba in die Riete

## Eksodus 1:1-2:10

Dit was so naastenby in die jaar 1250 vC toe hy sy eerste lewenslig sien in die Gosen gebied - die Nyldelta in Egipte. Klein Moses word gebore in ‘n tyd van groot swaarkry vir die Israeliete - die afstammelinge van Jakob. Die Farao, koning van Egipte, het hierdie mense wreed onderdruk deur hulle aan slawerny te onderwerp. Met dwangarbeid is hulle verplig om reuse bouwerke te doen vir die Egiptenare. Die lewe is bitter gemaak vir die arme Israeliete.

Elders in die wêreld, aan die oorkant van die Middellandse See, was ‘n ander drama besig om hom af te speel tussen twee lande: Sparta en Troje. ‘n Beeldskone vrou met die naam Helena was die spilpunt waarom die hele drama gedraai het. Sy het van haar man, die Spartaanse koning Menelaus af weggeloop agter ‘n Trojaan aan met die naam Paris. Dit het ‘n bloedige oorlog tot gevolg gehad wat vir jare aangehou het. Die oorlog het tot ‘n einde gekom met die berugte Trojaanse houtperd - die breinkind van Ulysses.

Maar dit was in Troje. In Egipte het dinge al slegter en slegter geraak vir die Israeliete. Die Farao was ‘n bekommerde man, want hy het gesien hoe hierdie Israeliete teen ‘n ontstellende tempo vermeerder. Twee Hebreeuse vroedvroue, Sifra en Pua kry die opdrag om elke Israelitiese seuntjie wat gebore word dood te maak. Dit het egter misluk, want die vroedvroue het nie die koning se opdrag uitgevoer nie.

Toe die Farao besef dat sy plan nie werk nie, vaardig hy ‘n koelbloedige bevel uit: Alle Egiptenare kry opdrag om enige

pasgebore Hebreeuse seuntjie wat hulle teëkom in die Nyl te gooi.

En te midde van hierdie wrede slagting word ‘n klein Hebreeuse seuntjie gebore - gedoem om in die Nyl - die sogenaamde moeder van Egipte - te verdrink. Maar God het ‘n plan gehad vir hierdie klein seuntjie. Op sy brose skouertjies sou daar ‘n reuse taak rus. Maar voor dit kon gebeur moes hy eers groot word en ‘n baie goeie opvoeding kry. En selfs daarvoor het God voorsien op ‘n wonderbaarlike wyse.

Die dag toe die outjie gebore is, het sy ma besluit dat hierdie

kindjie beslis nie in die kloue sou val van die babamoordenaars nie. Vir drie maande lank kry sy dit reg om die bloedjie weg te steek, maar weldra het dit al hoe meer riskant geraak. Daar was net géén manier wat sy hom langer veilig kon hou nie. Toe maak sy ‘n plan: die kleintjie sou elders weggesteek moes word. ‘n Biesiemandjie word gevleg en met pik verseël. Hierin word die drie-maande oue baba neergelê en tussen die riete in die Nyl versteek. Sy sussie kry die taak om hom op te pas. Sy het op ‘n afstand sit en kyk dat haar bababoetie veilig is.

En dan gebeur die onvermydelike. Tot haar ontsteltenis moet sy toekyk hoe ‘n Egiptiese prinses - die Farao se dogter - in die Nyl kom swem, gevolg deur ‘n string diensmeisies. Op daardie oomblik begin die baba huil, en die prinses ontdek die mandjie met die seuntjie in. Haar moeder-instink oorweldig haar, en al kan sy duidelik sien dat dit ‘n Hebreeuse seuntjie is, besluit sy om hom te hou. Die probleem is: Hoe maak jy so ‘n baba groot as jy sélf nie melk vir hom kan produseer nie?

“Toevallig” is daar ‘n Hebreeuse meisie daar naby (die seuntjie se sussie), en heel “toevallig” weet sy van ‘n Hebreeuse mamma wat pas ‘n baba gehad het wat die outjie kan soog. Die seuntjie se ma word laat haal (natuurlik weet die prinses nie dat sy die werklike ma van die kind is nie), en sy onderhandel met die vrou om die seuntjie groot te maak - sy sal selfs daarvoor betaal!

Toe hy oud genoeg was, word hy na die prinses gebring. Sy neem hom aan as haar eie kind, en sy noem hom Moses.

Ja, ons almal ken die storie. Maar daar is ‘n paar baie interessante feite wat ons nie mag miskyk nie.

Jy sal opmerk dat daar absoluut geen name genoem word in die verhaal nie. Ons weet nie wat sy ouers se name is nie, ook nie sy sussie nie en selfs nie eers die Farao of die prinses nie. Daar word selfs nie eers melding gemaak van God nie! Uiteindelik, héél aan die einde van die verhaal word die naam van die seuntjie genoem - Moses.

Tóg is daar regdeur die verhaal iets verskuil in die kunstige gebruik van woorde. Die ironie van die biesiemandjie tussen die

riete in die Nyl - die instrument van moord - word hier die instrument van redding. Terloops: dieselfde woord wat vir biesiemandjie gebruik word, word ook gebruik vir die ark in Noag se verhaal - ‘n skip van redding.

Die verhaal gaan oor die redding van ‘n hulpelose baba oor wie die magtige koning ‘n doodsvonnis uitgespreek het. God gryp in en naamlose vroue (selfs ‘n Egiptiese prinses!) word gebruik om Sy doel te bereik. Later in die verhaal sal ons nog die asemrowende reddingsdade van God beleef, en sal ons die hand van God en Sy genade sien

dwarsdeur die lewe van Moses. Ek nooi jou uit om saam met my te stap deur die lang lewe van een van die grootste figure in die ganse geskiedenis van die mensdom.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ons kan leer uit die lewe van iemand wat nie bang was om vir U op te staan nie.**

# 3 Moses die Vlugteling

## Eksodus 2:11-24

Oor Moses se kinderjare en opvoeding weet ons absoluut niks. Maar ons kan met veiligheid aanneem dat, omdat die Farao se dogter hom as haar eie kind aangeneem het, hy ‘n tipiese Egiptiese koninklike opvoeding moes gekry het. Hy is grootgemaak as ‘n Egiptenaar van koninklike herkoms. Dit sal sékerlik ook insluit dat hy met die Egiptiese godsdiens grootgeword het, en niks anders geken het nie.

Maar iewers in sy agterkop moes die saadjie gesaai gewees het deur sy moeder in daardie eerste

jare van sy lewe. Moses moes sékerlik ook geweet het dat hy eintlik ‘n Hebreër is, want hy is anders as die ander. Hy is aangeneem, en iewers tussen daardie klomp Israeliete in die delta is sy ouers. Was dit dalk waarom hy wou gaan kyk wat daar in die delta aangaan by die Israeliete? Wat hy daar gesien het, was nie ‘n mooi gesig nie. Daardie volk waar hy vandaan kom, word wreed mishandel. Dwangarbeid was aan die orde van die dag, en die Israeliete moes hard werk onder toesig van Egiptenare. Moses moes toekyk hoedat een van sy mense met ‘n sweep gedryf word deur ‘n

Egiptenaar. Die sweep het die arme man tussen die blaaie geklap. Moses kon dit skielik nie meer vat nie, en toe hy dink dat niemand hom sien nie, vermoor hy die Egiptenaar. Die man word sommer met sand toegegooi om Moses se gruweldaad te verdoesel.

Nie juis 'n mooi begin vir die man wat die volk van God na die beloofde land moes lei nie, is dit?

Die volgende dag is Moses weer in Gosen. En dan word hy deur twee bakleiende Israeliete gekonfronteer met sy moord. Moses het yskoud geword - wat as dit op die lappe moet kom? En

al sy vrese was nie ongegrond nie, want kort daarna bereik die berig die ore van die Farao, en Moses moet vlug vir sy lewe. En Moses vlug nie maar ‘n entjie in die woestyn in nie - hy vlug tot in die land Midian, Oos van die Rooi See, ‘n volle 600 kilometer van Egipte af - iewers in die noord-weste van die huidige Saoedi-Arabië. ‘n Onherbergsame woestynwêreld.

Skielik is Moses nou nie meer lid van die koninklike hofhouding van Egipte nie, maar ‘n voortvlugtige in ‘n vreemde land. Maar tog was daar iets wat nie so baie vreemd was nie - Midian was een van die

seuns van Abraham. Dus bevind Moses hom hier by verlangs familie, al besef hy dit dalk nie. Maar daar gebeur ‘n ander insident wat tog baie lyk na ‘n familietrek, want nes sy groot-oupa Jakob, ontmoet Moses nou ook by ‘n put sy toekomstige bruid. Terwyl Moses by ‘n put sit in die vreemde land, kom daar sewe meisies aangestap met hulle kleinvee. Voordat hulle die diere kan water gee, word hulle verjaag deur ‘n klomp aggressiewe veewagters. Ons kom agter dat dit ‘n gereelde ding moes wees. Moses gryp in, en hy help die meisies sodat hulle water kan kry.

En deur sy goeie daad word hy later uitgenooi deur die meisies se pa vir ‘n ete. By eet bly dit ook nie, en Moses slaap toe sommer oor - permanent! Die een ding lei tot die ander, en Moses trou met een van die meisies - Sippora, en nes sy groot-oupa Jakob, bly hy sommer by Skoonpa Reüel en werk vir hom as veewagter. Uit die huwelik word ‘n seuntjie gebore, en Moses noem hom Gersom. Die naam beteken “Vreemdeling daar”, en dit sinspeel natuurlik op Moses se verblyf as vreemdeling in ‘n vreemde land.

Byna vier honderd en vyftig jaar het verby gegaan sedert Jabob met sy gesinnetjie na Egipte getrek het. Daardie gesinnetjie het nou aangegroei, volgens sommige kenners, tot drie en ‘n half miljoen mense. Vir die Egiptenare was hulle ‘n reuse bedreiging, en daarom moes hulle die Israeliete wreed onderdruk om te keer dat hulle nie Egipte oorheers nie. Boonop het die Egiptenare in hulle ‘n groot skat gehad in die vorm van ‘n gratis arbeidsmag om vir hulle reuse bouwerke te doen. In Eksodus 2 sien ons dat die arme mense “gesug en gekreun” het onder die swaar werk.

En God het dit gehoor!

Daar was sékerlik ‘n doel met die Israeliete se verblyf in Egipte. Dit was ‘n vrugbare land, en die piepklein volkie (as jy Jakob se gesin ‘n volk kon noem) kon hier floreer en aangroei om ‘n sterk nasie te word wat die mannekrag sou hê om die beloofde land in besit te neem. Ja, natúúrlik was die land wat God aan Abraham en Isak en Jakob beloof het steeds in die prentjie, en God vergeet nooit Sy beloftes nie. Nou was die tyd ryp om daardie belofte tot uitvoer te bring.

Maar daar was ‘n leier nodig - iemand wat ‘n ware leier is en die

nodige opleiding het om ‘n hele groot volk in beweging te bring om oor ‘n groot, onherbergsame woestyn te trek na ‘n nuwe land. Maar die man wat al daardie vaardighede besit woon as ‘n vlugteling in ‘n vreemde land, iewers in die woestyn, waar hy bokke en skape oppas. In Egipte durf hy nie sy voete sit nie, want daar is hy gebrandmerk as ‘n misdadiger. Hoe sou God hierdie man sover kry om die reuse taak wat Hy vir hom beplan het, te gaan opneem? Dit sou ‘n groot wonderwerk kos om Moses te motiveer!

**Gebed:**

**Here, ek is opgewonde as ek die verhaal van Moses lees, want hier sien ek hoedat U steeds in beheer is, en dat U nooit U beloftes vergeet nie. Dankie ook vir die wonderlike beloftes wat U vir my gegee het.**

# 4 Die Doringbos wat Brand

## Eksodus 3:1-7

Moses, die prins uit Egipte - pas skape op? Inderdaad! En baie jare later sien ons die grootste koning in die geskiedenis van Israel, Dawid, waar hy ook skape oppas in die veld. ‘n Nederige werk. Maar dit is nie al nie: Wanneer Jesus, die Seun van God na die aarde neerdaal, beskryf Hy Homself as ‘n Herder, ‘n Skaapwagter, en later gee Hy dan ook aan Petrus die opdrag om te gaan “skape oppas”.

Wat is dit aan hierdie nederige beroep dat dit verbind word aan die héél grootste name in die

geskiedenis? Is dit dalk die feit dat dit daar in die eensaamheid van die veld, waar jy hope en hope tyd het om te dink, jou baie naby aan God bring? Dink maar aan die mooiste van die Psalms wat deur Dawid geskryf is - Die Here is my Herder......

Inderdaad het Moses se skaap-oppas hom baie naby aan God gebring - baie nader as wat hy óóit sou kon droom. Dit alles het gebeur terwyl Moses met sy skoonpa se kleinvee getrek het tot baie diep in die woestyn in om vir hulle genoeg weiding te kry, tot by die berg Horeb. Dit is terloops dieselfde berg wat later Sinai

genoem word. En as jy dalk gewonder het waarom Moses se skoonpa in Eks 2 Reüel genoem word, en in Eks 3 Jetro - dit word nie verduidelik in die Bybel nie, maar hy het waarskynlik meer as een naam gehad, nes Petrus en Simon dieselfde persoon was.

Jy sal onthou dat ons in die vorige dagstukkie genoem het dat die Israeliete "gekreun en gesug" het in Egipte. Hulle het bitter swaar gekry, en God het gehoor gegee aan hulle sugte, en besluit om hulle te red.

Toe die mense van Libië "gekreun en gesug" het, het die Verenigde Nasie gekom met hulle

bomwerpers en dadelik vir Gadaffi begin peper met bomme. Ons is gewoond dat daar onmiddellik opgetree moet word as ‘n probleem opduik.

Hier sien ons egter dat die groot leier wat die volk Israel moet red, rustig in die woestyn rondswerf, sonder ‘n sorg in die lewe. Hy moes in die vreemde gaan skape oppas. Later sien ons dit telkemale dat groot leiers eers in die eensaamheid van die woestyn afgesonder word voor hulle groot taak. Selfs Jesus moes hierdeur gaan!

En dan gebeur dit: Terwyl Moses by sy skape sit aan die voet van

die berg Horeb, merk hy ‘n eienaardige verskynsel op - ‘n doringbos wat brand. Die bos wat brand was nie soseer snaaks nie, maar toe dit na ‘n lang ruk nog steeds brand, en nie uitgebrand raak nie, begin Moses snuf in die neus kry. Nuuskierig om te sien wat hier aan die gang is, bestyg hy die berg. En dan, as hy naby die bos kom, skrik Moses hom yskoud as ‘n stem uit die bos hom aanspreek.

In Gen 3:2 word gemeld dat die Engel van die Here in die vlamme aan Moses verskyn het. “Engel” beteken letterlik “Boodskapper”. In die sin wat die woord hier

gebruik word, kan ons aanneem dat hierdie "Boodskapper" niemand anders is nie as die Tweede Persoon van die Goddelike Drie-Eenheid - die Seun (Jesus). Later sien ons weer (in Eksodus 14:19) dat "die Engel van God" die Israeliete beskerm het tydens die uittog. Weereens is dit nie 'n engel nie, maar God Sélf as Jesus.

Maar terug by Moses: God verskyn hoorbaar en sigbaar aan die man - nie in 'n heilige tempel nie, maar iewers in die veld. En ook nie aan 'n gewyde priester of heilige persoon nie, maar aan 'n voortvlugtende moordenaar. God

se optrede word baie beslis nie deur mense of omstandighede bepaal nie!

God se oorweldigende teenwoordigheid verander die stof en klippe van die Midean woestyn in ‘n heiligdom, en Moses kry die bevel om sy skoene uit te trek. So oorweldigend is die teenwoordigheid van God, dat Moses sy gesig toemaak. Hy is te bang om die heiligheid van God te aanskou.

“Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak die God van Jakob.” stel God Homself aan Moses bekend. “Ek

het die ellende van my volk gesien en hulle noodkrete gehoor," sê God vir Moses, en dan vertel die Here hom dat Hy afgekom het om hulle te red. Maar Hy wil vir Moses gebruik om die reddingsdaad uit te voer.

In die eerste twee hoofstukke van Eksodus word die Naam van God nie eers gemeld nie. En dan wonder jy: Waar is God dan te midde van al die swaarkry. En skielik, op 'n oomblik wanneer jy dit gladnie verwag nie, verskyn God oorweldigend, asemrowend.

Het jy dit nie al in jou eie lewe ervaar nie? Ek het! Wanneer jy die dag begin dink dat God van

jou en jou ellende vergeet het, dan verskyn Hy op ‘n verrassende, en dikwels oorweldigende wyse wanneer jy dit die minste verwag. Nee, Hy is nooit weg nie, en Hy vergeet nie van jou nie. Maar God se tyd is anders as ons s’n. Dit moet ons besef. Ons kan nie aan Hom voorskryf nie.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ons uit die verhaal van Moses kan leer dat U nooit van ons vergeet nie - dat U altyd daar is, en dat U ‘n plan het vir ons lewe.**

# 5 Moses Kry ‘n Opdrag

## Eksodus 3:7-22

Moses staan in vrees en bewing voor God teen die hange van die berg Horeb. Kaalvoet staan hy daar, op die brandende woestynklippies - sy gesig bedek, want hy is te bang om God te aanskou - die God wat hy gladnie ken nie. In die paleis is hy opgevoed met Ra en Isis en Osiris - die gode van Egipte. Hulle is dooie gode wat in tempels aangehou word en deur priesters bedien word. Niemand het hulle nog ooit hoor praat nie, al wil die priesters soms voorgee dat hulle in gesprek was met die

gode. Maar hy wat Moses is ken daardie skelm klomp priesters baie goed!

Hier het hy nou skielik uit die bloute te doen met ‘n Lewende God - Een wat met hom praat! “Ek het die ellende van My volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor.” sê God vir Moses. “Ek het hulle lyding ter harte geneem.”

Anders as die gevoellose en dikwels wrede gode van Egipte, gee hierdie God om vir mense - Moses kan sy ore nie glo nie - hierdie God gee om! Hy sien die lyding raak!

En dan verduidelik God vir Moses dat Hy die volk gaan bevry uit Egipte en dat Hy hulle gaan laat trek na ‘n uitgestrekte land wat oorloop van melk en heuning. Moses luister in verwondering. Hy het lankal besluit dat hy beslis nie meer ‘n Egiptenaar is nie, maar dat hy eintlik deel is van daardie volk wat so swaar kry onder sy stief-oupa se klipharde hand. Inderdaad het die berigte Moses bereik dat die ou man dood is, en dat daar ‘n nuwe Farao in sy plek aangestel is.

Moses het as Egiptiese prins alles geleer omtrent hierdie land wat God aan hom beskryf, en hy

weet maar al te goed dat hierdie allesbehalwe ‘n onbewoonde land is. Nou herinner God hom ook aan al die verskillende volke wat daar woon of wat ‘n aandeel in die land het. Ja, nie alleen is daar die Semitiese volke wat al vir baie jare die land bewoon nie, maar daar is ook volke soos die Hetiete van Klein-Asië - magtige volke wat met een voet in daardie land staan.

En dan skrik Moses hom yskoud as die volgende woorde na hom aansweef uit die doringbos: “Daarom stuur ek **JOU** na die Farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.”

Moses voel lam in die knieë: “Ek? Nee dit kan tog nie wees nie! Wie is ek dan nou? Ek kan dit nie eers waag om naby die Farao te kom nie!” Skielik sien Moses hierdie prentjie van miljoene weerbarstige Israeliete aan die een kant, en aan die ander kant ‘n woedende Farao wat van sy dwangarbeiders beroof word. “Nee Moses,” sê hy vir homself, “hierdie is moeilikheid soek!”

“Ek sal by jou wees.” verseker God vir Moses, as Hy sien hoe bang Moses skielik geword het.

Dan besef Moses dat hy nie eers weet Wie hierdie God is nie. Al wat hy weet is dat dit die God van

sy voorvaders is. Maar Wie is Hy? "Wat moet ek vir die volk sê - wie is dit wat my gestuur het?" vra hy vir God, "Wat is Sy Naam? Wat moet ek vir hulle sê?"

Toe antwoord God vir Moses: "**JHWH**". Moses verstaan nie mooi nie. "**JHWH - EK IS WAT EK IS**" Moses skud stadig sy kop om te wys dat hy half verstaan, "**EK IS** het jou gestuur." verduidelik God vir Moses. En dan verduidelik Hy verder dat Moses vir hulle moet sê dat Hy die God is van hulle voorvaders - van Abraham, Isak en Jakob - hulle sal verstaan. Hy moet ook vir hulle gaan sê dat God hulle

nog nooit vergeet het nie, en dat Hy baie deeglik bewus is van wat die Egiptenare aan hulle doen. Hy het besluit dat Hy hulle gaan laat wegtrek uit daardie ellende uit na die wonderlike land van melk en heuning. "Die leiers van Israel sal na jou luister," verseker God vir Moses, "Maar dan kom die groot taak - om die Egiptiese koning te oortuig!" En dan sê God vir Moses dat Hy weet dat die Farao beslis gaan weier. Maar Moses moenie bekommerd wees nie - God is in beheer, en Hy sal sorg dat die Farao hulle sal laat gaan.

Vir Moses moes hierdie opdrag van God aan hom baie groter

gelyk het as die berg Hermon hier voor hom. Kom ek en jy nie ook dikwels te staan voor sulke "onmoontlike" opdragte van God nie? 'n Jaar of twee gelede het 'n klompie manne in Durban voor so 'n absolute onmoontlike opdrag te staan gekom. Durban se middestad was in geestelike chaos gedompel. Midde in hierdie chaos was die bankrot kerkgebou van die ou Durban NG Kerk Moedergemeente. "Hierdie moet die spilpunt word van 'n reuse evangeliesasie en sending aksie" was God se opdrag. Dit het totaal onmoontlik gelyk - net 'n vae droom. Slegs twee jaar later het hierdie aksie al ons stoutste

drome en verwagtinge oorskry, en duisende mense word hier met die Evangelie bereik uit ‘n kerk waar daar twee jaar gelede slegs ‘n twintigtal verarmde lidmate was.

En wat van die opdrag wat God vir jou gegee het? Staan jy steeds en verskonings uitdink om daar uit te kom? Het jy dalk nie gehoor toe God vir jou gesê het dat Hy vir jou die wysheid en krag daarvoor sal voorsien nie?

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief gewillig om te doen wat U van my vra. Ek besef vanoggend weereens dat U my nie alleen**

**los nie, maar dat U my deur U taak sal dra.**

# 6 Drie Wondertekens

# Eksodus 4:1-9

Moses steier as hy die opdrag van God hoor. Eerstens moet hy - wat ‘n voortvlugtende is - iemand wie se bloed die Farao soek oor ‘n moord wat hy gepleeg het, nou met hierdie einste Farao gaan onderhandel. Die man sal hom mos net daar en dan laat teregstel - vir die heilige krokodille voer! En as hy dit oorleef (wat beslis baie onwaarskynlik is), dan moet hy vir drie-miljoen Israeliete gaan sê dat hy hulle deur die onherbergsame woestyn na ‘n onbekende land gaan lei. Hulle gaan hom mos uitlag! Boonop het

hy mos gesien hoe ‘n weerbarstige klomp daardie Israeliete is.

Moses begin so stadigaan koue voete kry - uit hierdie ding moet hy uitkom! Hier sien hy net moeilikheid voorlê. “Here,” sê Moses vir God, “sê nou net die Israeliete glo my nie.” Hy is absoluut séker dat die klomp hom nie sal glo nie - hy is mos ‘n Egiptiese prins - hy wás ten minste! “Sê nou net hulle wil nie na my luister nie, en hulle sê vir my dat die Here nie aan my verskyn het nie?”

“Wat het jy in jou hand, Moses?” vra God hom. Moses is totaal

oorbluf: hier staan hy met sy kierie in sy hand - wat het dit dan nou te doene met die weerbarstige Israeliete? "'n Kierie.....?" antwoord Moses.

"Gooi dit op die grond!" beveel God hom. Moses wil uitbars van die lag. Wat sou dit dan beteken? Hy voel lus om om te draai en weg te loop. Maar dan besluit hy om te doen soos God sê. Hy is in elkgeval nuuskierig om te weet wat God wil doen, en hy gooi sy herderstaf op die grond neer.

Die volgende oomblik spring Moses verskrik tien treë agteruit. Voor sy oë het die kierie in 'n aggressiewe, giftige, sissende

slang verander. Moses se hart klop in sy keel. Dit het hy nooit óóit verwag nie. Hoe het dit gebeur? Hy soek-soek nog na ‘n klip om die dierasie te vermorsel, dan hoor hy weer God se stem: “Moses, steek jou hand uit en gryp hom aan die stert.”

Moses skud sy kop ongelowig - ‘n giftige slang aan die stert gryp? Nooit! Dis mos gevaarlik! Maar dan skielik gaan iets deur sy gedagte: “Dis my kierie daai! Miskien......” Versigtig benader Moses die gevaarlike ding van agter af sodat hy sy skerp kant kan vermy. Sopnat gesweet van angs gryp Moses die slang. Die

volgende oomblik staan hy met sy herderstaf in sy hand. Moses is sprakeloos! “Moses,” hoor hy vaagweg weer God se Stem, “Op grond hiervan sal hulle glo dat die God van hulle voorvaders aan jou verskyn het.”

Moses weet nog nie mooi om dit te verwerk nie. Hoe het dit gebeur? Sy gedagtes is nou totaal verwar. “Moses, steek jou hand in die vou van jou klere.” hoor hy weer God se Stem. Dié slag gehoorsaam Moses. “Watter asemrowende wonderwerk gaan God my hierdie slag wys?” wonder hy nog. As hy sien dat niks gebeur nie, haal hy weer sy

hand uit sy klere uit.. En weereens skrik Moses hom yskoud. In afgryse staar hy na sy hand. “Wou God my straf omdat ek Hom nie wou glo nie?” wonder hy. Hy voel naar: sy hand is oortrek met die allervieslikste sere - melaats! “Almal gaan my nou verwerp!” huil hy, “Wat het U aan my gedoen?” wil hy vir God blameer.

Maar dan Kom God se Stem weer uit die brandende doringbos: “Steek nou weer jou hand in jou klere Moses.” Bewend van angs gehoorsaam hy, en wanneer hy weer sy bewende hand uithaal, is dit silwerskoon, asof niks ooit

daarmee gebeur het nie. Nou hang Moses se mond onbeskaamd oop. Hy skud sy kop: “Droom ek nie dalk nie?” vra hy homself. Maar hy is helder wakker. Stadigaan begin die besef by hom posvat dat hy hier waarlik te doene het met die Almagtige God - die God waarvan hy die Israeliete hoor praat het - die God van hulle voorvaders.

“Moses, na hierdie twee wonderwerke behoort hulle na jou te luister. Maar as hulle hierna steeds nie wil luister nie, moet jy van die water uit die Nyl skep en dit op die grond uitgooi. Dit sal in

bloed verander as dit op die grond val."

Ons kan dalk ‘n betekenis heg aan die drie tekens wat God vir Moses gegee het. Die herderstaf is ‘n simbool van leierskap - iets wat Moses bitter nodig sou hê. Die slang is ’n simbool van wysheid asook van genesing - iets wat Moses in oorvloed sou nodig kry oor die volgende paar jaar. Met die tweede teken is melaatsheid eintlik ’n doodsvonnis, maar God bewys dat Hy volle beheer het, en dat selfs hierdie ongeneeslike (terminale) siekte deur Sy krag genees kan word. Met die derde

teken word die lewegewende water van die Nyl op ironiese wyse in bloed verander. Bloed is op sigself ’n simbool van lewe, maar deur God se hand kan dit dood beteken vir diegene wat hulle teen Hom verset.

Nes Moses wil ek en jy ook dikwels protesteer as ons ’n opdrag van Hom kry. Maar dan moet ons besef dat al ons besware om nie te doen wat Hy vra nie, ongegrond is. Hy is almagtig, en Hy kan enige struikelblok uit die weg ruim. Al wat Hy vra is ons gewilligheid.

**Gebed:**

**Here, Ek wil dikwels wegskram van U opdragte af. Dankie dat U my vanoggend weereens gewys het dat niks onmoontlik is by U nie, en dat U sal voorsien.**

# 7 Terug na Egipte

## Eksodus 4:10-30

Moses is stomgeslaan oor die wonderwerke wat so pas met hom gebeur het. Maar terselfdertyd is hy steeds bang. Ja, hy het gesien wat die Here kan doen, maar baie jare het al verby gegaan sedert hy uit Egipte is, en hy het totaal verleer om met mense - veral belangrike mense - te kommunikeer. Hy is ‘n skaapwagter - ‘n woestynbewoner! Boonop was hy nog nooit rêrag wel ter tale nie. “Ag Here, ek kan nie goed praat nie,” kerm hy, “ek kon nog nooit

goed praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel.”

Is dit nie ironies nie, dat God iemand kies om allerhande onderhandelinge te gaan doen met die Egiptiese regering en die Farao - die gevreesde koning, asook met ‘n spul weerbarstige Israeliete. Maar die persoon wat God kies om al die praatwerk te doen kan nie praat nie! Dit maak nie sin nie!

Maar dan moet ons weet dat God nie alleen opdragte gee nie, maar Hy verskaf ook die nodige toerusting om daardie opdrag te kan uitvoer. Dink maar net byvoorbeeld hoe Jesus tydens Sy

hemelvaart vir die dissipels opdrag gegee het om die Evangelie te gaan verkondig aan al die nasies. Kort tevore het hierdie klomp nog uitmekaar gespat van vrees - was hulle totaal hulpeloos. Maar dan, op Pinksterdag gee God hulle al die toerusting wat hulle nodig het om te sorg vir die grootste Evangelie-ontploffing van alle tye. Jesus se belofte: “Ek is by julle” het Hy gestand gedoen!

God verwag nie van ons om dinge te doen wat bo ons vermoë is nie. Dit is óns wat dikwels **dink** dat ons nie kan nie. Maar wees verseker: as God ons roep, dan

wéét hy dat ons die vermoë het om die taak te kan uitvoer. En wat meer is: Hy gee die toerusting!

Daarom verduidelik die Here vir Moses dat dit Hy is wat aan die mens 'n mond gegee het om mee te kan praat. Hy sal vir Moses help, en Hy sal vir Moses voorsê wat om te sê. Maar steeds kerm Moses: "Asseblief tog Here, stuur liewer iemand anders!"

Moses is halsstarrig, en dan word God vir hom kwaad. Moses is die persoon wat God wil hê vir die taak. Maar waarskynlik om Moses 'n bietjie selfvertroue te gee, maak God 'n toegewing: Moses se broer, Aäron sal hom kom help

- hy sal Moses se segsman wees. Is dit nie opvallend nie, dat God wél Moses se besware ernstig opneem? Hy ignoreer dit nie maar net nie. Dit teken iets van God se oneindige geduld met ons as mense. Ten spyte daarvan dat Moses se gekerm God kwaad gemaak het, kom God steeds in liefde en Hy gee vir Moses ‘n (tydelike) oplossing vir die ding wat Moses sien as ‘n reuse, onoorbrugbare probleem in sy lewe. Nie alleen maak God ‘n toegewing nie - Hy stuur selfs vir Aäron na Moses toe om hom te kom ontmoet, en die Here berei selfs vir Aäron voor, want Moses moet

hoor dat sy broer baie bly is om hom te sien.

Ja, inderdaad word Aäron toe wél Moses se spreekbuis, maar ons sien deurentyd vir Moses as die “meesterbrein” - die een wat die opdragte gee. Maar Moses sou dit nog berou dat Hy so daar voor God gekerm het, want Aäron het soms vir Moses groot hoofbrekens besorg, maar toe sit hy met hom. Dit was Aäron wat daar by die Sinaiberg die goue kalf gebou het (Eks 32). Uiteindelik het Josua algaande Aäron se rol begin oorneem.

Maar nou lê daar ‘n ander berg voor Moses - sy skoonpa Jetro.

Hoe sou die man reageer as hy moet hoor dat sy veewagter nou skielik moet vertrek? Sal Moses dalk eers ses maande kennis moet werk? En erger nog: Jetro gaan nou sy geliefde dogter verloor, want met Moses wat by hom bly is sy lieflingkind elke dag by hom.

Maar selfs hier voorsien die Here, en Hy berei vir Jetro voor, want As Moses daardie moeilike ding vir sy skoonpa vertel - dat hy Egipte toe moet gaan - is Jetro se reaksie dadelik: “Gaan gerus!” En dan word een van Moses se groot vrese ook besweer as die Here hom gerusstel oor sy vervolgers:

Al die mense wat hom wou doodmaak is reeds dood, dus kan hy met veiligheid terugkeer na Egipte.

En so begin Moses te terugtog na sy land van herkoms. Met vroulief Sippora en die kinders op ‘n donkie, durf hulle die lang pad aan na Egipte. Iewers op die pad besny Sippora hulle seunjie met ‘n klipmes, en verkry sy gesin ook deel van die verbond van God met Abraham. Aäron was toe ook alreeds op pad, en by die Sinaiberg, waar Moses die ontmoeting met God gehad het, kom die twee bymekaar.

Nou is die tafel gedek vir God se groot verlossingsplan. Baie jare later sou daar wéér ‘n groot verlossingsplan wees - een wat nog veel groter en baie meer asemrowend sou wees as hierdie reuse plan wat besig was om te ontvou. Drie-en-’n-half-miljoen Israeliete moes bevry word uit slawerny - ‘n menslik-onmoontlike taak. Maar dit sou lyk na ‘n geringe molshopie teenoor die berg Sinai in vergelyking met die tweede verlossingsplan.

**Gebed:**

**Here, ek kan maar net my hande saamslaan in verwondering as ek dink aan**

**die wyse waarop U mense bevry uit slawerny.**

# 8 Ontmoeting met Farao

## Eksodus 5:1-9

Hoe het Aäron geweet dat hy vir Moses moes tegemoet gaan? Hoe het hy geweet dat hy Moses daar in die middel van die onherbergsame woestyn, by die Sinaiberg sou kry? Daar is net myle en myle van niks! Die kanse dat hulle mekaar toevallig daar sou ontmoet is minder as nul. En tog gebeur dit. Hier is alreeds die eerste van ‘n reeks asemrowende wonders wat God op die pad van Moses bring. Maar dit was maar net die begin!

Wanneer Moses in Egipte aanland, word die leiers van die

volk Israel bymekaar geroep. Aäron vertel vir die manne wat God se opdrag aan Moses was, en nadat Moses ‘n demonstrasie gegee het van die wondertekens wat God aan hom gegee het, is hulle tevrede dat hierdie oud-Egiptiese prins nie hier is om hulle ore aan te sit nie. En dan gebeur nog ‘n baie groot wonderwerk: Wanneer hulle verneem dat die Here hulle gaan verlos, buig hulle almal saam in aanbidding voor God.

Die eerste groot hindernis is oorbrug. Maar nou wag daar ‘n lang, moeilike en bitter gevaarlike onderhandelingsproses met die

koning van Egipte - die Farao. Moses het geweet dat dit nie ‘n maklike taak sou wees nie - God het hom immers vooraf gewaarsku dat Hy die man hardkoppig sou maak.

Dit laat by ‘n mens vrae wat nie maklik beantwoord kan word nie. Ons wéét dat God die mens ‘n eie vrye wil gegee het. Hy kan sélf besluit of hy die smal of breë paadjie wil stap. Die vraag is nou die dag vir my gevra oor Judas - kon hy werklik sélf kies of hy Jesus sou verraai of nie? My persoonlike gevoel is: Ja. Maar God het vooraf geweet dat hy verkeerd sou kies. Maar nou sien

ons hier duidelik dat God hierdie heidense koning se wil manipuleer. God ontneem hom die vrye keuse. Waarom? Ons kan maar net sê: Ons weet nie. Ons kom hier (net soos met Judas) by die grens van menslike begrip, waar ons net eenvoudig nie antwoorde het nie. Daar is baie dinge waarvoor ons nie antwoorde het nie, maar daaroor breek ek beslis nie my kop nie. Wat die Here my gegee het om te kan weet is meer as genoeg vir my!

Die onderhandelingsproses begin, en Moses en sy broer kry 'n oudisie met die Farao. Hulle

versoek dat die Israeliete toegelaat word om ‘n fees te gaan hou in die woestyn. Natuurlik het die man hulle uitgelag - waarvoor sal hy dan nou vir ‘n volle week van sy arbeidsmag afstand doen? Dis darem te veel gevra, en dit net oor die een of ander Godsdienstige fees ter ere van ‘n God wat hy nie eers ken nie. “Nee!” is botweg sy antwoord. Nie alleen weier hy Moses se versoek nie, maar hy verwerp die geloofwaardigheid van God se gesag.

Dan verduidelik Moses dat hierdie fees noodsaaklik is vir die volk - gebeur dit nie, sal die Here hulle

dalk tref met die een of ander siekte of hulle kan selfs doodgemaak word. Hulle het nodig om aan God offers te gaan bring in die woestyn!

Die Farao se reaksie is dat hulle sy tyd mors. Al wat hulle doen is dat hulle die volk uit die werk hou. Daar is alreeds gans te veel Israeliete, en nou wil hy die mense nog laat ophou werk? Nee, hulle moet terug gaan werk toe! Die man steur hom nie aan enige verwysing na wie presies die Here is nie, en ook nie dat sy reaksie straf kan inhou nie. Hy is ‘n tipiese slawedrywer, en sy

geduld raak op oor die werktyd verlore gaan.

Nou moet ek dalk eers verduidelik: Egipte het, soos jy sekerlik weet, ‘n baie droë klimaat. Daarom kan ongebakte kleistene met goeie resultate gebruik word in bouwerk. Om die rou klei egter te bind, word fyngekapte strooi met die klei gemeng, en dan word die stene in die son gedroog.

Die Farao het hom vervies vir die arrogansie van ‘n Moses wat allerhande eise wil stel, en dan gee hy sy slawedrywers opdrag dat die Israelietiese steenmakers nou nie meer van strooi voorsien

word nie - hulle moet dit maar sélf gaan soek. Maar daar word van hulle verwag om steeds dieselfde hoeveelheid stene te produseer. “Die spul is net lui!” tier hy voort, “Al wat hulle kan doen is om te neul om te gaan offers bring in die woestyn.” Die man is moeilik! “Hulle moet só swaarkry dat hulle nie tyd sal hê om aan sulke strooi te dink nie!”

Ons wil dalk vanoggend die vraag vra: “Waarom laat die Here dit toe? Dit is dan so onregverdig! En die ergste is dat die Here vir Moses sê dat Hy die Farao se hart sou verhard. Is dit dan God se toedoen dat hulle swaarkry?”

God het ‘n plan gehad vir Israel. Maar dit sou slegs werk as die mense werklik baie swaar gekry het. Later sien ons dat selfs na die verskriklike ellende wat hulle moes deurmaak, hulle steeds by Moses gekerm het om eerder terug te gaan Egipte toe. As hulle nie die swaarkry beleef het nie, sou hulle al by die eerste duin wou omdraai!

Soms kerm ons by die Here as ons ‘n bietjie swaarkry ondervind. Maar dan besef ons nie dat dit deel is van ‘n baie groter plan wat God het vir ons lewe.

**Gebed:**

**Dankie Here, dat U my swaarkry laat beleef. Ek weet nie altyd wat U doel is daarmee nie, maar ek besef dat U baie verder kyk as ek, en dat U plan vir my lewe groot en wonderlik is.**

# 9 Die Israeliete Kerm

# Eksodus 5:10-24

Wie het gesê dat dit maklik is om ‘n gesant van die Here te wees? Dit is dikwels jou eie mense - gelowiges - onder wie se tong jy die ergste deurloop. Vat nou maar vir die arme Moses en sy broer Aäron. Al wat hulle gedoen het was om die Here se opdrag uit te voer, en toe word hulle sleg gesê deur hulle eie broers, die Israeliete.

Die probleem is dat ons dikwels gans te kortsigtig is, en ons nie besef dat God ‘n plan het vir ons lewe nie. Maar nou skryf ek mos die dagstukkie totaal

agterstevoor! Kom ons begin by die begin.

Nadat Moses en Aäron by die Farao was, besluit die man mos dat hy daardie spul lui Israeliete ‘n les gaan leer. Soos ons gister gesien het, vat hy hulle strooi weg en verwag van hulle om steeds dieselfde produksie te lewer. Dwarsoor Egipte moes die arme mense gaan stoppels bymekaarmaak om stene te maak vir die Farao, en natuurlik ly hulle steenmakery daaronder. Die opsigters is die mense wat dit eintlik moet ontgeld, want omdat die produksie afneem, word hulle geslaan deur die slawedrywers.

As die volksleiers by die Farao daaroor gaan kla, word hulle summier weggejaag: “Julle is lui! Lui! Dit is dié dat julle kwansuis wil gaan offer in die woestyn. Loop! Gaan werk!”

Buite die paleis word die moedelose manne ingewag deur Moses en Aäron. ‘n Mens sou dink dat hulle bly sou wees om die ondersteuning te kry van hierdie twee, of dat hulle dalk op hulle skouer sou huil oor die onredelikheid van die Farao. Maar die teenoorgestelde gebeur: Die twee manne word uitgeskel en daarvan beskuldig dat dit alles hulle skuld is dat die Israeliete

nou in die verknorsing sit. “Mag die Here julle straf!” word hulle vervloek deur die leiers.

As ek Moses was, sou ek net daar vir die klomp gesê het wat hulle met hulle verlossing uit Egipte kon doen, en terug gegaan het na my ou werk van skape oppas in die woestyn. Dáár is véél minder stres!

Maar dit is nie wat Moses doen nie - hy gaan bid oor die saak. Nou nie dat dit juis ‘n modelgebed is nie, maar ons sien baie duidelik dat Moses bitter omgekrap is wanneer hy met God praat. Hy vra vrae, want hy verstaan nie. “Waarom werk U so sleg met die

volk?” wil hy weet, want alles lyk vir hom dan so onregverdig, “Waarom het U my dan nou eintlik gestuur Here? Ek dog dat U die volk gaan red, maar U het niks gedoen om hulle te red nie!”

Moses voel bitter as hy met die Here praat, want absoluut niks maak vir hom sin nie.

Het jy dalk ook al so gevoel? Daardie magtelose gevoel, wanneer jy bid en vir die Here sê dat alles vir jou so bitter onregverdig lyk - waarom doen Hy dan nie iets daaromtrent nie? ‘n Robert Mugabe mors met die mense van sy land, maar dit lyk asof die Here niks daaroor gaan

doen nie. Waarom word die man nie verdelg nie? En waarom kan ‘n wreedaard soos Gadaffi nie maar net ‘n hartaanval kry en dood neerslaan nie? Waarom laat die Here toe dat Sy kinders swaar kry - dikwels wreed vervolg word?

Ons het net eenvoudig nie antwoorde op hierdie vrae nie, maar kom ons gaan kyk hoe die Here vir Moses geantwoord het. “Moses” antwoord God sy moedelose gebed, “Nou sal jy sien wat Ek met Farao gaan doen. Ek gaan hom dwing om My volk te laat gaan.” So sê die Here vir Moses. Maar dan kom die verrassende - die Farao gaan nie

alleen net luister na die gesmeek van Moses nie: “Ek gaan hom dwing om hulle uit die land **weg te jaag**!” Farao gaan bly wees om net te kan ontslae raak van die spul Israeliete!

Ons grootste probleem is dat ons net bly vaskyk in die probleme van die huidige. Ek weet, want ek doen dit sélf! Ons is kortsigtig, en ons kan nie insien dat God ‘n langtermyn plan het wat baie groter is as ons onmiddellike behoeftes nie.

Die ander probleem is dat God dikwels aan mense opdrag gee om sekere take te verrig. Soms maak dit vir my as gelowige

ongemaklik, want weereens verstaan ons nie waarom die persoon, wat maar net God se opdrag uitvoer, doen wat hy doen nie. En dan moet die arme man dit ontgeld. Om te doen wat God van jou vra, kan dikwels ‘n baie swaar kruis word, en die mense wat jou die ergste kruisig is dikwels jou mede-gelowiges. Ek het al dikwels gesien hoe gemeentelede hulle leraar stenig omdat hy ‘n standpunt inneem en daarby staan in opdrag van God. ‘n Voorbeeld hiervan was ‘n Dominee in Bloemfontein (Waterbron gemeente) wat gedurende die apartheidsjare tydens ‘n begrafnis toegelaat het

dat die oorledene se Swart werkers die diens bywoon. Hy was uiteindelik gedwing om as leraar van die gemeente te bedank, bloot omdat hy die menslike (regte) ding gedoen het - gedoen het wat God van hom gevra het.

Wat vra die Here van my en jou as gelowiges? Om in die eerste plek nie kortsigtig te wees nie, en nie te kerm oor die geringste ou bietjie swaarkry nie. Paulus het gesê (terwyl hy in haglike omstandighede in die tronk was!): "**Wees in alle omstandighede bly in die Here!**" Maar die Here vra ook van my om diegene wat

‘n opdrag van God het te respekteer daarvoor, en nie in God se pad te probeer staan nie.

**Gebed:**

**Here, ek is baie skuldig daaraan dat ek dikwels kerm oor my omstandighede. Help my asseblief om in te sien dat U ‘n groter plan het.**

# 10 Moses Protesteer Alweer

## Eksodus 6:1-29

Dikwels hoor ons dat jong gelowiges wegkruip agter die feit dat hulle eintlik nog maar bitter min weet van geloofsake. En inderdaad skryf Paulus in 1 Petrus 2 dat sulke jong gelowiges eintlik nog melk moet drink, want die harde geestelike kos is vir hulle te taai om te verteer. Maar dan sien ons hier vir Moses, wat sy lewe lank nie eers bewus was van God se bestaan nie, en hier, na ‘n bitter kort “opleiding” word hy die volk se geestelike leier. Ja, wel nie altyd baie gewillig nie - praat ook maar baie teë. Maar

God gebruik hom - foute en al. En God praat met hom.

God vertel vir Moses dat Hy, die Almagtige (El Sjaddai) met Abraham ‘n verbond gesluit het, en so ook met Isak en Jakob. In hierdie verbond het God aan hulle beloof dat Hy hulle ‘n groot nageslag sou gee. Inderdaad het dit reeds gebeur, want binne die bestek van ‘n paar honderd jaar het die byna-byna kinderlose Abraham se nageslag aangegroei tot drie en ‘n half miljoen. En dit sluit nie eers die nageslag van Esau en Ismael en Abraham se ander kinders in nie. Maar daar was nog ‘n verdere belofte - dat

hulle ‘n eie land sou hê - een wat aan hulle behoort. ‘n Mens wonder maar net: as Jakob nie so lekker gebly het in Egipte nie - sou hierdie belofte nie dalk al lankal in vervulling kon gaan nie? Hieroor kan ‘n mens baie lang debatte voer!

Maar nou sê God vir Moses dat Hy nog nooit vergeet het van daardie verbond nie, en dat Sy verbond steeds vas staan - dat Hy die land Kanaän aan Sy volk sou gee, selfs al is hulle nie eers burgers van daardie land nie. Hy het ook die gekerm van die Israeliete gehoor, oor die slawe-arbeid wat hulle moet verrig, en

Hy sal hulle daarvan verlos. Verder sê Hy dat Hy hulle aanneem as Sy volk, en Hy sal ook vir hulle ‘n God wees. Hy sal hulle na die land Kanaän toe neem, en Hy sal die land aan hulle gee as eiendom.

Hierdie beloftes moet ‘n mens in gedagte hou wanneer jy later in die verhaal sien dat die Israeliete te bang is om die land binne te gaan. Die bewoners van die land het vir hulle te groot en sterk gelyk, en hulle was gevul met vrees. Hulle het vergeet dat die Here belowe het dat Hy die land vir hulle sou gee, en dat die inwoners nie eers ‘n faktor sou

wees nie. Uiteindelik leer die geskiedenis ons dat toe Josua die volk die land binnelei, toe val die stede se mure vanself om (Jerigo). God is baie groter en magtiger as wat ons verstand ooit sal kan begryp!

God se verlossingsprogram vir Israel is dramaties - Israel word bevry van sy dwangarbeid en verlos van die verknegting. Hulle word vrygemaak en as volk aangeneem. Boonop kry hulle 'n eie land.

Nou gaan Moses terug na die Israeliete, en vertel hulle wat God gesê het. Hulle is egter so moedeloos oor al die harde werk

wat op hulle afgeforseer word, dat hulle nie eers na Moses wil luister nie. Hulle blameer hom steeds vir die verknorsing waarin hulle sit.

Maar God het reeds ‘n nuwe opdrag vir Moses - hy moet terug na die Farao, en hierdie slag moet hy vir die man gaan sê dat hy die Israeliete moet laat trek uit sy land uit. Nou is dit nie meer net ‘n “piekniek” in die woestyn nie, maar die farao word vriendelik, dog dringend versoek om hulle permanent te laat wegtrek.

En dan begin Moses weer met sy verskonings: “Ek praat nie juis maklik nie.” en “Die Israeliete luister nie eers na my nie, hoe sal

die Farao dan nog na my luister?” Het die Here dan nie alreeds albei hierdie sake vir Moses opgelos nie? Het Hy nie klaar die welsprekende Aäron gegee om as spreekbuis op te tree nie? Wat is Moses se probleem dan nog? Was Moses dalk sélf al moedeloos? As hy my werknemer was, sou ek dit dalk al ernstig oorweeg het om hom in die pad te steek.

Nogtans is God geduldig met Moses, en Hy stuur hom en Aäron weer na die Farao. Hulle opdrag van God aan die koning van Egipte is om die Israeliete uit Egipte vry te laat. God kan

spreekwoordelik met ‘n krom stok ‘n reguit hou slaan. Hy gebruik die hakkelende (?) onwillige, protesterende Moses om Sy doel te bereik.

Inderdaad gebruik Hy juis dikwels swak mense om dinge gedoen te kry. Dit is binne God se magsvermoë om die volk te verskuif na Kanaän met een enkele woord, maar Hy doen dit nie - Hy wil mense gebruik om dit te doen. God werk vandag nog steeds so, en Hy gebruik nog steeds doodgewone mense met al hulle swakhede om dinge te doen vir Sy Koninkryk. Ek en jy val binne die kategorie van

mense wat God wil gebruik. Die vraag is of ons ook soos ‘n steeks donkie vasskop nes Moses elke keer as die Here van ons iets vra? Uiteindelik het Moses tóg geleer, en later sien ons hom as die rotsvaste een wat God se opdragte uitvoer - maak nie saak wát gebeur nie.

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief gewillig om te doen wat U van my vra.**

# 11 Groot Wonders Op Pad

# Eksodus 7:1-13

Moses het as jong man uit Egipte gevlug. Wanneer hy nou terugkeer om die volk uit Egipte uit te lei, is hy ‘n man wat al aanstap in die jare - ‘n man van tagtig jaar oud. Dus het die wysheid reeds diep spore op sy gesig ingegrafeer. Die Here gee nou aan Moses die opdrag om vir ’n tweede keer na die Farao te gaan, en dan sê die Here dat hy vir Moses gesag sal gee oor daardie magtige “godeseun”, die Farao.

Die Farao gaan egter nie sommer net bes gee en die Israeliete laat

gaan nie - hy gaan hardkoppig wees. Om die waarheid te sê, is dit God wat hom hardkoppig gaan maak. Nou wil ‘n mens sommer dadelik dink dat dit darem nie heeltemal regverdig is van die Here nie. Maar dan sien ons dat Hy dit doen met ‘n doel: Hy wil juis hê dat die man moet vasskop sodat die Here wonderwerke in Egipte kan doen, sodat die Egiptenare (en sékerlik ook die Israeliete!) Sy mag kan ervaar en sien Wie Hy werklik is.

Dit is interessant dat die letterlike vertaling lui dat die Here die Farao se hart sal verhard. Dikwels wil mense die Bybel te

letterlik verstaan. Daar was per geleentheid ‘n ekspedisie gefinansier om te gaan soek na ‘n mummie van ’n Farao met kardiosklerose (verharding van die hart). Net soos ons vandag dikwels van beeldspraak gebruik maak, was daar dikwels ook in die Bybel gebruik gemaak van beeldspraak.

Maar terug by Egipte: Wanneer God hier aankondig dat Hy Egipte gaan tref (met plae) dan is daar ‘n groot doel daaragter. Dit is nie soseer om die Egiptenare te straf nie, maar om Sy almag te vertoon.

Vandag word ons dikwels ook “getref deur plae”. Ons word “gestraf deur God” omdat ons nie Sy wil doen nie. God word as liefdeloos beskou omdat Hy die dinge met ons laat gebeur. Maar is dit werklik wat gebeur? Wanneer God jou “straf” is dit nie noodwendig ‘n plaag wat jou tref nie, maar baie eerder ‘n teken van God se almag en ‘n poging van Hom om jou tot besinning te ruk sodat jy aan Hom gehoorsaam sal wees. Dit is God se genadige betrokkenheid in jou lewe wat jy aansien vir ‘n “plaag”.

En so, in opdrag van God, is Moses en sy broer, Aäron weer

terug na die Farao. Ek dink die man het swaar gesug toe hy die twee ou manne voor hom sien. Het hulle dan nog nie geleer nie? Maar hy sal hulle toets om te sien of daar darem iets in hulle steek. As hulle dan waarlik gestuurdes is van hulle God, dan moet hulle mos kan optree soos ware priesters - hulle moet wondertekens kan doen. En soos hy hierdie twee aankyk, kan hy nie insien dat daar enigiets van kan kom nie. “Doen ‘n bietjie vir my ‘n wonderteken,” beveel hy hulle half spottend. En dit is net waarvoor Moses gewag het, want die Here het hom mos al daar in die woestyn gewys van die slang

en die kierie. Moses beduie vir Aäron om sy kierie op die grond neer te gooi. Oombliklik verander dit in ‘n groot slang, reg voor die oë van die verbaasde Farao.

“Dis maar net ‘n goëltoertjie!” besluit die koning, en hy laat roep sy towenaars en goëlaars en sy manne bymekaar. “Kan julle hierdie toertjie doen?” wil hy van hulle weet. En natuurlik ken hulle ook die toorkunsie. Hulle gooi hulle kieries neer, en dit verander in slange. “Niks nuut nie!” wil die Farao nog sê, maar dan kom Aäron se slang en hy sluk al die ander in - ‘n vertoning van mag oor die Egiptiese towenaars. Die

Farao moes hier al besef het dat hy op dun ys loop, maar hy bly onversetlik: “Nee! Jou mense sit nie hulle voete uit Egipte nie!”

Nou is die verhoog opgestel vir God sodat Hy kan wys dat Hy nie maar een van die Egiptiese dooie gode is nie, maar die Lewende, Almagtige God wat hemel en aarde geskep het, en steeds volle mag het oor die ganse skepping. Hy sal ook aan hulle toon dat hulle gode nietig is, en dat Hy selfs mag het oor hulle gode. Hy sal slaan waar dit vir hulle die seerste maak - juis in hulle vals godsdiens: Hy sal hulle sogenaamde gode tref sodat

hulle kan sien dat hierdie gode niks werd is nie.

Ons sal sien dat daar ‘n besliste patroon is in die formulering van die tien plae. Daar is drie groepe van drie plae elk, en uiteindelik loop dit uit op ‘n dramatiese klimaks, waar die Farao en die ganse Egiptiese volk totaal platgeslaan is. Soos wat die plae vorder, sien ons hoedat die Farao se hart algaande vermurwe, totdat hy uiteindelik totaal ingee, en die Israeliete smeek om asseblieftog die land te verlaat. Ons sien ook dat die Farao se towenaars probeer om die “toorkuns” in die plae na te maak,

om te wys dat dit niks met ‘n Goddelike handeling te doene het nie, maar hulle kan dit nie regkry nie.

Die Farao en sy Egiptiese volk het nie vir God ernstig opgeneem nie, en hulle moes die gevolge dra. Vandag sien ons dikwels presies dieselfde tendens. Mense neem nie vir God ernstig op nie, en uiteindelik sal die gevolge afgryslik wees. Ek het al koue rillings gekry as ek hoor dat iemand so half spottend sê dat hy seker maar hel toe sal gaan - so asof dit ‘n kindertuin is. Sulke mense besef nie dat hulle met vuur speel nie. God se genade is

oneindig groot, maar die straf van die ewige vuur is eweneens ‘n werklikheid vir diegene wat God se aanbod van die ewige lewe van die hand wys.

**Gebed:**

**Here, ek staan dikwels in verwondering oor die groot tekens wat U doen - aardbewings, tsunami’s, maar ook die reënboog en die delikate klein blommetjie.**

# 12 Eerste Twee Plae

# Eksodus 7:14-8:15

Oor die wonderteken wat die Here deur Moses gedoen het, om die kierie in ‘n slang te verander, is die Farao nie juis beïndruk nie. Alhoewel dit dalk vir ‘n mens na ‘n ramp kan lyk, en jou al klaar moedeloos maak, is dit maar net die begin van God se plan. Nou sal die Farao en sy onderdane sien Wie God waarlik is. Hy gee Moses die bevel om die eerste van ‘n reeks “plae” in werking te stel. Stadigaan sal dit die klipharde koning sag maak. Eintlik moet ons hulle nie as plae sien nie, maar eerder as

wondertekens wat God se almag vertoon, nie alleen aan die afgodsaanbidders van Egipte nie, maar ook aan die gelowige Israeliete, om hulle geloof in Hom te versterk.

Moses word noukeurige instruksies gegee oor presies wat hy moet doen en wat hy vir die Farao moet sê. En dan, vroeg een oggend stap Moses en sy segsman-broer Aäron af na die Nylrivier om die Farao in te wag.

Soos Moses beveel is, doen hy, en wanneer die Farao die oggend by die Nyl kom, word hy ingewag deur die tagtigjarige man. “Die Here die God van die Hebreërs

het my gestuur." kondig hy aan. Die Farao kyk hom half spottend aan - "Watter toorkunsie gaan die ou man vanoggend uit sy hoed trek?" wonder hy. "Na wat nou gaan volg sal jy wéét dat Hy die Here God is!" waarsku Moses hom. As die Farao hom uitlag, gee Moses aan Aäron opdrag om met sy kierie op die Nyl te slaan. Voor die verdwaasde oë van die Farao verander die water in 'n dik, rooi sop. Die reuk daarvan is onmiskenbaar dié van bloed. Die Farao steier terug. Maar Moses is nog lank nie klaar nie: Baie dramaties swaai Aäron die kierie in opdrag van Moses in 'n 360 grade sirkel om te toon dat dit nie

alleen die rivier is wat besoedel word nie, maar al die strome en fonteine en damme en moerasse. Skaars het hy dit gedoen, of die eerste visse kom na die oppervlakte om te soek na suurstof. ‘n Uur later dryf daar oral dooie visse rond.

Die Farao is woedend: een van die land se groot heiligdomme is aangetas. Maar gelukkig het hy nog water in sy paleis. Maar as hy daar kom, moet hy uitvind dat selfs die water in sy paleis in bekers en komme bloed is. ‘n Dag of twee later begin dit te stink na vrot vis en vrot bloed. Die stank raak ondraaglik. “Sê my dis

net ‘n goëltoertjie!” skree hy op sy wyse manne. “Inderdaad!”, bevestig hulle, “Ons kan dit ook doen.” Maar nie een van hulle was in staat om hierdie verskrikking ongedaan te maak nie.

‘n Volle week lank word die Egiptenare geteister met hierdie ondraaglike toestand. Niemand het toegang tot water nie - daar is net mooi niks! Oral waar jy kyk is daar net hierdie walglike bloed.

Wanneer God besluit het dat die Egiptenare nou genoeg gehad het, klaar Hy die situasie op, en weereens word Moses na die Farao gestuur. Hierdie keer is dit

nie maar net ‘n versoek nie, maar ‘n bevel om die volk te laat gaan om in die woestyn te gaan aanbid. Doen hy dit nie, sou die tweede groot teken van God hulle tref - ‘n paddaplaag.

Weereens is dit een van die Egiptiese afgode wat die teiken is - ‘n sogenaamde godin met die kop van ‘n padda wat beskou was as verantwoordelik vir die geboorte van kinders.

Natuurlik weier die Farao, en Aäron kry die opdrag om weer die kierie dramaties in alle windrigtings te swaai oor die waters van Egipte. Die Farao wou nie hoor nie - nou moet hy maar

voel - paddas wat in hulle hordes oral uitpeul. Daar word ‘n bespotting gemaak van die Egiptiese paddakop-afgod, as hierdie glibberige, slymerige dierasies oral uitkruip, inkruip en opduik, totdat die Egiptenare naderhand wil skreeu. Dit help nie om die goed uit die huis te smyt nie - jy maak net plek vir nog meer paddas, paddas, en nogmaal paddas.

Dan kan die Farao dit net nie meer vat nie, en hy laat roep vir Moses: “Raak asseblieftog ontslae van hierdie goed! Bid asseblief tot julle God en vra Hom om die paddas weg te vat! Ek

belowe, dan sal ek jou mense laat gaan sodat hulle kan gaan offer.”

“U Majesteit,” spreek Moses die Farao sarkasties aan, “en wanneer wil u hê dat ek vir u moet gaan bid?”

“Doen dit môre!” kom sy pleidooi, en dan verseker Moses hom dat hy dit sal doen - dan sal die Farao weet dat die Here God die almag het. Op Moses se gebed het al die paddas gevrek, en ‘n groot gemors gelaat in die land, met stinkende dooie paddas wat in hope lê.

Maar die Farao het nie sy belofte nagekom nie.

‘n Mens speel nie met God nie. Ja, Hy is oneindig genadig - maar een dag raak Sy genade op vir die mens wat hom aaneen teen God se roepstem verset. Die Farao moes dit op die harde manier uitvind toe die tiende plaag hulle tref. Nege keer het God se genadige roepstem na hom gekom. Maar toe hy uiteindelik wil antwoord, was dit reeds te laat. Hoeveel keer het God se roepstem reeds na jou gekom?

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie wonderlike verhale uit die Ou Testament. Maar dankie ook,**

**Here, dat ons hieruit kan leer, en dat daardie ou, ou verhale steeds vars en nuut kan wees, en dat ons hieruit U almag kan sien.**

1800

# 13 Nog Vier Plae
# Eksodus 8:16-9:12

Die Here het ‘n derde plaag oor Egipte gebring - muggies. Nou is ‘n mens se eerste gedagte dat dit darem nie so ernstig is nie - bloot ‘n lastigheid. Maar dan moet ek jou vra of jy al ooit in ‘n swerm muggies beland het? Daardie piepklein insekkies kruip oral in - in jou neus en ore, en as hy in jou oog beland, dan brand dit soos vuur. Eksodus beskryf vir ons dat “elke krieseltjie stof ‘n muggie geword het” (Eks 8:17). Hulle was oral, in hulle miljoene, en die irritasie was ondraaglik. Die Farao se towenaars het hom

gewaarsku: “Dit is die vinger van God!”, maar daaraan het hy hom nie gesteur nie - hy het hardkoppig en onversetlik gebly.

Dan volg daar ’n vierde plaag - steekvlieë. Vooraf waarsku die Here vir Moses van hierdie plaag wat Egipte sou tref, maar Hy sê vir Moses dat die Delta (Gosenstreek) waar die Israeliete bly, gespaar sou word. Almal moet besef dat Hy God is en dat Hy Sy volk bewaar.

Vroeg daardie oggend wag Moses weer die Farao in langs die Nyl, en deel hom mee van die verskrikking wat hom te wagte is as hy die volk nie wil laat gaan

om in die woestyn hulle offers aan die Here te gaan bring nie. “En jy kan maar gaan kyk,” vertel Moses hom, “in Gosen sal jy nie ‘n enkele steekvlieg kry nie!”

Nou begin die Farao geïrriteerd raak met hierdie ou man en sy plae. Maar skaars is Moses weg, of die swerms steekvlieë sak op Egipte toe. Die pyn van elke steek is ondraaglik, en die gekerm van die Egiptenare weerklink oor die land. Het jy al gevoel hoe brand so ’n steekvlieg se byt? Jy krul van die pyn! Die luukse paleis word nie gespaar nie, en in swerms sak hierdie bitsige insekte op Farao en sy

gesin toe. “Gaan roep daardie woestynrot!” skree die gemartelde koning vir sy amptenare, terwyl hy klap na ‘n vlieg wat hom genadeloos toetakel. Moses het gesit en wag vir hierdie oproep. As hy en Aäron te midde van ‘n swerm steekvlieë die paleis binnekom, is die Farao bitter omgesukkel. “Loop offer maar. Maar julle verlaat nie die land nie!”

Moses bring dit onder die koning se aandag dat hy dit mos nie kan doen nie, want die Egiptenare gaan erg aanstoot neem as hulle daar offer. Hulle moet juis diep in die woestyn in sodat Farao se

mense nie kan sien wat hulle doen nie.

“Nou gaan dan maar,” sug hy, “maar net nie te ver nie hoor!” Hy is bang dat hy dalk sy slawe arbeid gaan verloor, en dit kan hy nie bekostig nie. Dan tref ‘n ander gedagte hom: “En bid asseblief vir my.....”

“Ja,” antwoord Moses hom, “ek sal vir u bid dat God die steekvlieë sal wegneem.” en dan voeg hy by: “Maar moenie weer op u woord terug gaan soos die vorige keer nie!”

Moses het die Here gevra om die steekvlieë weg te neem, en dan verdwyn hulle soos mis voor die

son. Nie ‘n enkele een oor nie! God doen nie halwe werk nie!

Besef ons werklik die krag van gebed? Hier is dit nou al die tweede keer dat selfs die magtigste man op aarde daardie tyd besef dat gebed tot die enigste Almagtige God kragtig is (al wou hy Hom nie as sy God aanvaar nie). En wanneer Moses bid, gebeur dit. Behoorlik!

Maar soos verwag, verbreek die Farao ook hierdie keer sy woord die oomblik toe hy sien dat die irritasie verby is.

Dan tref die Here Egipte op ‘n plek waar dit baie seer maak - sy vee. Of dit bek-en-klouseer was

of malkoeisiekte - dit weet ons nie, maar die Egiptiese vee vrek op hope terwyl die Israeliete se koeitjies vrolik wei tussen die riete - nie ‘n enkele een word siek nie. Die skade vir Egipte is enorm - nie alleen finansieel nie, maar ook godsdienstig. Baie van hulle gode word uitgebeeld met die kop van ‘n bees of bul. Hier wil God vir hulle dit baie duidelik stel dat Hy die enigste ware God is.

As die Farao steeds onversetlik bly, gaan staan Moses en sy broer voor die Farao, en baie dramaties gooi Aäron ‘n handvol roet in die lug. Met afgrys op sy gesig, moet die Farao sien

hoedat sy liggaam vol swere uitbreek, en so ook sy amptenare en selfs die towenaars. Hulle word kragteloos - so ‘n ding het hulle nog nooit ondervind nie. Deur Farao se hardkoppigheid word die ganse Egipte in pyn en ellende gedompel. Maar die man bly onversetlik soos ‘n steeks donkie.

‘n Mens sou dink dat na ses ernstige waarskuwings van God, die man sou insien dat hy aan God gehoor moet gee. Maar dit gebeur nie.

God praat ook dikwels met my en jou, nes Hy met die Farao gepraat het. Dit wat Hy van ons

vra is moontlik nie so dramaties as wat Sy versoek aan die Farao was nie - dalk om Ouderling te wees, of die een of ander taak te aanvaar. Maar dan bly ons “Nee” sê vir Hom, of dalk sê ons :Ja” om net weer later kop uit te trek. Doen wat God jou vra voordat dit dalk hééltemal te laat geword het.

**Gebed:**

**Here, vandag wil ek antwoord op U roepstem en die opdrag uitvoer wat U my vra.**

# 14 Die Sewende plaag
# Eksodus 9:13-35

Het jy al ooit ‘n haelstorm beleef? Nee, ek praat nie van daardie soort waar daar ‘n paar korreltjies soos ertjiepitte val nie - ek praat van die hééł grote wat vensters aan flarde laat spat en boomtakke morsaf breek! En het jy al ooit daardie moeder van alle donderstorms beleef, wat selfs die braafste onder die brawes doodstil laat sit met toe oë en die gordyne toegetrek? Selfs vir die man wat gewoond is aan donderstorms kan dit ‘n traumatiese ervaring wees, veral as die weerlig hier rondom jou

teikens tref. Maar wat van die arme mense wat dit nie gewoond is nie? Vir hulle is dit ‘n nagmerrie wat voel asof dit net aanhou en aanhou en nooit end gaan kry nie. In Egipte val daar bitter selde ‘n druppel reën, en hael is iets wat niemand ken nie. Donderstorms is onbekend.

In opdrag van die Here is Moses vroeg die oggend na die Farao se paleis. “Ag nee, tog nie alwéér daardie kranksinnige ou towenaar nie!” het Farao sékerlik gesug toe hy Moses voor hom sien staan.

“So sê die Here, die God van die Hebreërs,” kondig Moses die doel van sy besoek aan, “Ek gaan julle

tref met ‘n ramp soos julle nog nooit beleef het nie.”

“Wat gaan dit hierdie keer wees - vlooie?” wil die koning nog spot, maar Moses laat hom nie afsit deur die arrogante man se snedige opmerkings nie: “Die Here sê dat Hy julle al lankal van die gesig van die aarde af moes weggevee het, maar Hy wil aan julle Sy almag bewys. Hy wil vir julle wys dat daar niemand anders so magtig is as Hy nie!”

Die Farao se geheuetjie moes seker maar bitter kort gewees het, want hy het lankal vergeet van die verskrikking wat hulle die afgelope ruk moes deurmaak. “Ek

waarsku jou: laat jou vee en jou mense onder dak kom, anders gaan hulle beslis sterf, want môre hierdie tyd gaan ‘n haelstorm die land tref soos wat Egipte nog nooit beleef het nie!” En daarmee draai Moses om en hy stap uit.

Die amptenare wat Moses se dreigement gehoor het het baie bang geraak, want hulle het nou al gesien dat wanneer hierdie ou man praat, dan gebeur dit. Maar baie mense het dit as maar net ‘n leë dreigement beskou en aangegaan met hulle lewe. Hier in Egipte reën dit nie eers nie - wat staan nog van hael. Nee, die ou man is koekoes!

Toe die son die volgende oggend oor die sandduine loer, gaan staan Moses baie dramaties voor die Farao se paleis en steek sy kierie in die lug op. Die volgende oomblik ruk die hele Egipte soos hulle skrik, want uit die bloute kom die eerste oorverdowende donderslag. Dit word gevolg deur die verskriklikste donderstorm in mense heugenis. En toe kom die hael! Dit lyk soos klippe wat uit die hemel val. Diegene wat buite is hardloop vir hulle lewe, maar dit is reeds te laat, en talle Egiptenare sneuwel in die slag van die haelstene. Weerligstraal op weerligstraal tref die grond, in ‘n land waar so ‘n ding totaal

ongehoord is. Bevrees klou die mense aan mekaar vas.

Intussen, in die delta waar die Israeliete bly, is dit ‘n heerlike, rustige sonskyndag. In verwondering staan hulle en kyk na die verwoesting wat gesaai word net oorkant die vleilande. “Dis die Here wat praat!” sê hulle vir mekaar met groot ontsag.

In Farao se paleis krimp die koning ineen van vrees. “Roep vir Moses en Aäron!” beveel hy sy amptenare. Moses het juis staan en wag vir hierdie oproep. “Nou erken ek dat ek verkeerd was,” pleit hy by Moses, “Die Here is reg en ek is skuldig - ek en my

mense. Asseblief, ek pleit by jou: bid asseblief tot jou God dat hierdie verskrikking ophou! Ek sal julle laat gaan - julle hoef nie langer hier te bly nie.”

Moses stem in om te bid sodra hy uit die stad is. En in die verwoestende haelstorm stap hy en Aäron uit die stad uit sonder dat ‘n enkele haelkorreltjie hulle tref. Oral waar hy kyk sien hy dooie mense en diere wat nie wou luister na sy waarskuwing nie. Buite die stad steek Moses sy kierie in die lug, en oombliklik hou die hael en die blitse op, en die reën bedaar.

Egipte is verslae na die verwoesting, maar die Farao was weer sy ou self - ongenaakbaar, soos verwag.

Teen hierdie tyd het die volk Israel al baie duidelik die boodskap gekry: Die Here, God - die Een wat ons aanbid - Hy is almagtig. Hierdie gedagte sou hulle op die pad vorentoe bitter nodig kry wanneer hulle voor reuse versperrings te staan sou kom. Die vraag is of hulle dit sou onthou?

Vir die Egiptenare het die gedagte ook alreeds helder en duidelik deurgedring - die God van die Hebreërs is baie magtiger as

hulle gode. Elke keer as hulle die twee ou manne sien stap op pad na die Farao se paleis toe, krimp hulle al klaar inmekaar van vrees - wat sou volgende op hulle wag?

Maar hulle koning bly onversetlik.

Vandag, as ons die “magte van die natuur” aanskou - ‘n donderstorm of ‘n aardbewing of wat ookal - sien ons nog werklik die almag van God daarin raak? Of het ons afgestomp geraak? En wanneer ons die delikate blommetjies of skoenlapper of suikerbekkie aanskou - staan ons steeds in verwondering oor die majesteit van God se skepping?

**Gebed:**

**Here, vandag kan ek maar net weereens my hande saamslaan in verwondering oor U almag wanneer ek U skepping aanskou.**

# 15 Sprinkane en Duisternis

## 15 Eksodus 10:1-29

Ek weet nie of daar een van ons vandag is wat werklik ‘n groot sprinkaanplaag beleef het nie. Die swerms wat ons die afgelope klompie jare beleef het was onder beheer, en slegs hier en daar het groterige sprinkaanswerms skade aangerig. Ouma het my vertel van die afgryslike verskrikking van so ‘n ramp wanneer daar die dag ‘n rêrage swerm opdaag. Sy het vertel dat dit donker geword het as die swerm oor jou vlieg, en waar hulle gaan land, bly daar absoluut niks oor nie. Elke krieseltjie wat eetbaar is word

verorber, sodat daar net die kaal grond oorbly. En daardie jare was daar géén manier om hulle te stuit nie - magteloos moes hulle toekyk hoe die sprinkane hulle landerye opvreet soos ‘n reuse grassnyer.

In Egipte kry Moses van God opdrag om ‘n boodskap aan die Farao te gaan oordra. Toe die koning se amptenare die twee ou manne sien aangeloop kom, krimp hulle klaar inmekaar van vrees, want die angswekkende haelstorm lê nog vlak in hulle geheue. Hulle móét net eenvoudig hulle goddelike koning oorreed om toe te gee aan Moses

se versoeke, want hulle sien nie kans vir nóg ‘n ramp in Egipte nie. Elke keer kom dit nader en nader aan hulle eie bas!

“Die Here God beveel dat jy my volk laat gaan om te aanbid,” kondig Moses dit aan, “Weier jy, dan sal Ek jou môre tref met ‘n sprinkaanplaag.” En dan beskryf Moses die bloedstollende omvang van hierdie plaag wat alles sal opvreet wat nog van die haelstorm oorgebly het. Dit sal tien keer erger wees as enige sprinkaanswerm wat julle óóit beleef het. En daarmee draai Moses om en stap uit.

“Asseblieftog Majesteit’” pleit die Farao se amptenare by hom, “laat hulle asseblief gaan - ons kan dit nie meer vat nie! Hierdie man is slegte nuus!”

“Nou goed dan,” gee hy toe, “maar net die mans mag gaan. As ons die vrouens en kinders ook laat gaan, loop hulle dalk weg. Net die mans!”

Daar word gestuur om Moses en Aäron te gaan haal, en wanneer hulle voor die Farao staan, word hulle meegedeel dat hulle maar kan gaan aanbid. “Maar wie gaan almal saam?” wil die Farao weet. As Moses vir hom vertel dat mans, vrouens, kinders en al

hulle skape en bokke ook gaan, dan sit die man woedend sy voet neer. “Nee!” tier hy voort, “So sal ek dit nie toelaat nie! Slegs die mans kan gaan. Julle het ‘n verkeerde ding in die kop!”

Moses het al lankal geweet dat die Farao hulle nie sal laat gaan nie - die Here het dit dan duidelik vir hom uitgespel. Dit was God se plan dat die Farao onversetlik sou bly, want Hy wil juis aan die Israeliete toon tot watter wonders Hy in staat is. “**Dan kan jy aan jou kinders en kleinkinders vertel wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het,**” het God vir Moses gesê, “**en watter**

**wonders Ek onder hulle verrig het om hulle te laat besef dat Ek die Here is.**” (Eks 10:2)

Israel mag nooit vergeet hoe groot God werklik is nie. En vandag, duisende jare later, hoor ons nog steeds die asemrowende wonderverhale, sodat ons kan besef hoe groot Hy is.

Hierdie slag is Moses nie maar net hoflik versoek om terug te gaan nie - hy en sy broer is onseremonieël uit die Farao se paleis uitgejaag. Die man was omgesukkel! Maar daaraan het Moses hom min gesteur - hy het dit immers verwag! Op God se bevel strek Moses sy kierie oor

Egipte, en dan steek daar ‘n oostewind op wat sprinkaanswerms uit die Arabiese woestyn aanwaai na Egipte. Die volgende môre was hulle daar - met koppe wat amper soos die van perde lyk, was hierdie sprinkane mini-strydrosse wat in hulle miljoene in pikswart wolke toesak oor Egipte. Elke krieseltjie wat te ete was, het hulle opgevreet - verslind sodat daar absoluut niks van die land oorgebly het nie.

En weereens, soos soveel keer tevore, kom pleit hierdie karikatuur van ‘n koning by Moses om tot God te bid sodat

die nagmerrie asseblieftog net ‘n einde kan kry. “Ek het verkeerd gedoen teen julle God en teen julle!” pleit hy, “Vergeef tog asseblief net hierdie keer my oortreding!” Moses het gebid, en God het geantwoord en die sprinkane met ‘n westewind in die rietsee in gewaai sodat daar nie ‘n enkele een oorgebly het nie.

Maar steeds was God nie klaar met die Farao nie - daar was nog twee baie belangrike tekens van Sy almag wat vertoon moes word, en weereens verhard die koning sy hart.

Wanneer Moses weer sy kierie in die lug opsteek, gebeur daar ‘n

onheilspellende ding: ‘n Pikswart, tasbare duisternis sak vir drie dae lank oor die land toe. Die Farao moes besef het dat dit sy laaste kans was, maar hy het God geminag en Moses weggejaag en met die dood gedreig. Nou was die verhoog opgestel vir die grootste magsvertoon van God, waar elkeen net eenvoudig moes besef dat Hy die enigste ware God is.

**Gebed:**

**Here, as ek hierdie verhale lees, dan word ek gevul met ontsag, en dan besef ek weereens hoe groot U werklik is. Selfs die wette van die**

**natuur moet swig voor U almag.**

# 16 Nag van Smarte
# Eksodus 11:1-12:33

Na die negende plaag jaag die Farao vir Moses uit sy paleis: “Sorg dat ek jou nie weer sien nie,” skree die omgesukkelde koning, “want as ek jou weer sien, sal jy sékerlik sterf!”

Moses se antwoord is dat hy hom beslis nie weer sal sien nie. Maar Moses het die laaste sê gehad vir die hardkoppige koning: “So sê die Here: Teen middernag sal Ek deur Egipte gaan, en elke eersgeborene in Egipte sal sterf!” Moses vertel in detail vir die man dat selfs sy eie seun, die kroonprins sal sterf. Terwyl die

Farao wit word van woede (of is dit dalk vrees?) beskryf Moses hoe daar deur die hele Egipte gekerm en gehuil en gerou gaan word. Maar nie ‘n enkele een van die Israeliete sal sterf nie. “Al u amptenare sal voor my kom buig en pleit dat ons asseblief trek!” waarsku Moses, “Dan sal ek trek!”

En daarmee storm hy woedend uit die paleis uit.

Dan begin die groot voorbereiding vir Israel se vertrek uit Egipte. Die Israeliete kry opdrag om goue en silwer voorwerpe te gaan eis van hulle Egiptiese bure - hierdie goud en silwer sal hulle vorentoe baie nodig kry. Teen hierdie tyd

was die Egiptenare al bitter lugtig vir die Israeliete, want hier gebeur baie snaakse dinge! En al dreig die koning om Moses te vermorsel, het Moses nogtans baie groot aansien by die Egiptenare - selfs die koning se amptenare. Dus het die Egiptenare hulle goud oorhandig sonder om te kibbel.

Maar dan kom Moses se groot taak: om die Israeliete voor te berei vir daardie nag van verskrikking. Hulle sal skotvry daarvan afkom as hulle sy instruksies noukeurig navolg. Elke gesin moet sorg dat hulle ‘n ongeskonde jaaroud lam het vir

die veertiende van daardie maand. Die lam moet daardie middag geslag word en die bloed teen die deurkosyn gesmeer word. Daardie aand moet hulle die vleis braai en eet saam met ongesuurde brood en bitter kruie. Dit sou die instelling wees vir ‘n fees - Paasfees - wat daarna jaarliks gevier moes word. Al hierdie dinge was baie belangrik om noukeurig nagekom te word, want dit sou die waarborg wees dat hulle eersgeborenes sou lewe.

Moses het al die leiers in die volk bymekaargeroep en alles mooi verduidelik. En die volk het in

aanbidding voor die Here gebuig. En hulle het gedoen wat Moses gesê het.

Die aand van die veertiende het aangebreek, en in elke Israelietiese huis is daar skaapvleis geëet saam met onsmaaklike ongesuurde brood en bitter kruie. Daar heers ‘n ongemaklike dog opgewonde atmosfeer van afwagting en onsekerheid oor die Gosenstreek. Elke huis se deurkosyn is besmeer met bloed - geverf met ‘n hisoptakkie. Drie-en-’n-half-miljoen Israeliete vier Paasfees - elkeen in sy eie huis. “Wat gaan

vannag gebeur?" wonder hulle bang.

En dan breek middernag aan. Iewers gaan iemand onbedaarlik aan die kerm. Grootoog kyk die Israelietiese gesin vir mekaar. Dit kom uit die huis van een van die Egiptiese bure. 'n Koue rilling gaan langs die gesin se ruggraat af. Dan is daar nog 'n angsvolle gil: "My kind, my kind is dood....." Oral klink dit nou op - hartverskeurende snikke van mense wat maar nie kan verstaan hoe 'n blakend-gesonde mens sommer so skielik kan sterf nie. In die pikdonker nag is daar 'n geritsel wat deur die ganse Egipte

gaan, en waar die beweging is sterf die eersgeborenes van die huis. ‘n Klaaglied styg op uit Egipte, en niemand word gespaar nie, buiten hulle wat beskerm is deur die bloed van die lam.

Moses het gesit en wag vir die oproep. Kort na middernag kom dit: Hy word ontbied om onmiddellik na die Farao se huis te gaan. Daar tref hy ‘n verwoede koning aan, verskeur deur droefheid oor sy oudste seun, die kroonprins van Egipte se skielike, raaiselagtige dood. “Gee pad onder my mense uit!” gil hy vir Moses, “Julle twee, en julle hele volk, en vat sommer al julle diere

saam! Gee pad! Ek wil julle nie weer sien nie! Loop!” Op pad terug word Moses gesmeek deur al die amptenare en ander Egiptenare wat hy en Aäron teëkom, om asseblieftog te trek - so gou moontlik. Hulle leef in die grootste vrees dat hulle ook sal sterf.

Skrikwekkend, die straf van God oor hulle wat nie wil luister na Sy roepstem van genade nie, wat hulle ore toedruk wanneer Hy hulle uitnooi om deel te word van Sy gesin. Maar baie, baie groter as dit, is die genade van God oor diegene wat beskerm is deur die (Kosbare!) bloed van die Lam. Ja,

baie jare na hierdie skrikwekkende nag was daar wéér so ‘n angswekkende nag - die nag toe die Lam van God geslag is - vasgespyker is aan ‘n kruishout. Wie in Hom glo is onder die beskerming van Sy bloed, en sal nie sterf of aan die straf van God onderworpe wees nie. Al wat die Israeliete kon red was die bloed. Al wat jou en my vandag kan red is die Kosbare Bloed van Jesus Christus.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek vandag kan weet dat ek onder die bloed van die Lam is, en dat U vir my die ewige lewe gegee het as**

**geskenk deur U Seun, Jesus Christus.**

# 17 Voorwaarts Mars!

# Eksodus 12:34-13:22

Wanneer Moses die woord spreek, begin daar ‘n massa-beweging. So haastig is die Israeliete om te trek, dat daar nie eers tyd is om padkos te maak nie. Die brood deeg word sommer so rou gegryp en in skottels saamgedra. Presies hoeveel mense daar was, weet ons nie, maar daar was 600’000 weerbare manne. Boonop was dit nie net Israeliete wat saamgetrek het nie, maar ook ‘n groot aantal mense van ander afkoms. Konserwatiewe navorsers reken dat daar minstens tweemiljoen

mense moes wees. Ander skat dit selfs so hoog as 3,5 miljoen. Dit was, om die minste te sê, ‘n logistieke nagmerrie om so ‘n klomp mense skielik in beweging te bring. Vat nou maar net watter soort verkeersknope daar geheers het die afgelope Saterdag na die rugbywedstryd (Die Slag van Loftus!) en daar was nie eers 100’000 mense nie!

Ek kan my indink hoe chaoties die uittog uit Loftus Saterdag was, en baie mense was bitter gefrustreerd. In Genesis 13:18 lees ons egter dat die uittog uit Egipte goed georganiseerd verloop het. Met die oorskot van

Josef by hulle, neem hulle ‘n wye ompad na die beloofde land Kanaän. (Josef se beendere word uiteindelik 40 jaar later by Sigem, in die Beloofde Land begrawe). Op daardie stadium het die Filistyne die kusgebied van Kanaän beset, en dit sou net moeilikheid-soek wees om daardie maklike roete te volg. Die Filistyne was afkomstig van die eiland Kreta - een van die grootste eilande in die Middellandse see. Dit was ‘n volk wat vir die vorige 1500 jaar reeds die toonaangewende kultuur-volk van die wêreld was, met asemrowende kunswerke wat

vandag steeds, 5000 jaar later, mense betower.

Wat presies die roete was wat Moses gevolg het, kan ons net oor spekuleer. Daar is mense wat beweer dat hulle die presiese roete ontdek het, maar dit bly steeds net spekulasie. Al wat ons weet is dat Moses ‘n roete gevolg het wat deur ‘n onherbergsame woestynwêreld geloop het, en iewers by die “Rietsee” uitgekom het. Selfs hieroor is daar nie sekerheid nie, en daar is baie bespiegelinge oor presies waar die Rietsee nou eintlik was. As jy dus ‘n e-pos kry wat vir jou vertel presies waar Israel deur die

Rooisee getrek het, en daar boonop nog foto's by is van die Egiptenare se wawiele op die bodem van die see - neem dit maar met 'n knippie sout. Dit is dalk iemand wie se verbeelding met hom weggehardloop het! Terloops, dieselfde kêrel het ook beweer dat hy Noag se ark ontdek het, maar hy kon dit nog nooit vir iemand wys nie.

Maar dit doen geensins afbreuk aan die wonder van die uittog nie. Om so 'n groot klomp mense gelyk te laat trek, was alreeds 'n onbeskryflike wonderwerk. Vriend Francois Graaff stuur vir my 'n interessante stukkie wiskunde

wat ‘n grootkop in die weermag uitgewerk het. Vir so ‘n klomp mense sou daar elke dag 1’500 ton kos nodig wees. Nou moet ons onthou dat hulle deur die woestyn getrek het waar daar bitter min kos of water of selfs vuurmaakhout was om die kos op gaar te maak. ‘n Goederetrein van 6 km lank sou nodig wees vir die kos alleen. Hy reken dat hulle daagliks 50 miljoen liter water sou nodig hê (ek dink dit is dalk ‘n bietjie rof!) in ‘n wêreld waar daar net hier en daar ‘n put is. Om in een nag deur die Rooisee/Rietsee te kon loop, moes hulle ‘n pad van 5 km breed gehad het en skouer teen skouer

5000 mense wyd deurgestap het. Om kamp op te slaan, het hulle 'n terrein van 1200 vierkante kilometer nodig gehad.

Dink jy miskien vir een oomblik dat Moses al hierdie dinge haarfyn uitgewerk het? Nog nooit! Moses was 'n doodgewone mens. Maar hy het 'n God gehad wat vir hom probleme kon oplos wat vandag vir groot strategeë hoofbrekens besorg. Ek en jy het daardie selfde God as ons Vader! Bekommer jy jou nog steeds? Nee, ek verstaan gladnie hoe hulle dit alles reg gekry het nie. Ek verstaan nie waar al die kos en water vandaan gekom het nie.

Ek verstaan nie hoe hulle deur daardie see gekom het nie. En ek verstaan baie beslis nie hoe Moses dit reggekry het om so ‘n klomp weerbarstige, dwarstrekkende Israeliete gelyk te kon laat trek nie! Maar ‘n mens hoef dit nie te verstaan nie - al wat die Here van ons vra is om dit te glo en om in verwondering daardie groot, groot wonderwerk aan Hom alleen toe te skryf. En dan vra Hy, dieselfde God van daardie tyd, dat ek Hom sal vertrou, ook in my eie lewe en vir my eie omstandighede, wat maar druppeltjies is in vergelyking met Moses se see van probleme.

Die eerste groot wonderwerk breek aan so pas nadat die Israeliete begin trek het: God se sigbare teenwoordigheid. ‘n Wolkkolom verskyn voor hulle, en Moses beduie dat dit God is in hierdie wolk, en dat Hy vir hulle die pad aandui. En wanneer dit aand word, word hierdie wolk helder verlig, asof dit ‘n kolom vuur is. Helder word die nag rondom hulle verlig, en hulle kan selfs dwarsdeur die nag trek. Ek dink die Israeliete het in verwondering gestaan oor hierdie asemrowende “Natuurwonder”.

**Gebed:**

**Dankie Here, dat U vandag en gister en môre steeds dieselfde is. Ons het dalk nie vandag meer 'n wolk en vuurkolom om ons te lei nie, maar ons het U Heilige Gees binne in ons. Wat 'n wonderlike voorreg het ons nie, Here. Ons kan maar net voor U neerval in dankbaarheid.**

# 18 Vasgekeer soos Rotte
# Eksodus 14:1-14

‘n Wildtuinvakansie was nog altyd vir my en my gesin ‘n groot lekkerte waarna ons vir maande uitsien. Die kortste pad Wildtuin toe hier uit Ballito, is deur Swaziland. Daardie oggend van die aanbreek van ons vakansie, is dit bitter vroeg uit die kooi. Alles is opwindend-anders - die padkos, die asemrowende dagbreek op die pad, die nuwe natuurtonele. Alles gaan voor die wind. Maar dan kom die Swaziland grenspos, en jou hart sak in jou skoene as jy ‘n tou motors en vragmotors en boonop nog ‘n toerbus met ‘n

paar honderd Hollanders voor jou kry. En een enkele klerkie moet almal se paspoorte prossesseer. "Ons gaan nooit óóit by die wildtuin kom nie!" kerm ons saam. "Dit gaan ure neem! Ons moes liewer rondom Swaziland gery het......"

In die kamp van Israel heers daar baie groot opgewondenheid. Na vierhonderd jaar van slawerny is hulle vry. "Beloofde Land, hier kom ons!" Die trek is vrolik, en die wonder van God se teenwoordigheid dag en nag in die wolkkolom is so gerusstellend. En dan het hulle so 'n wonderlike charismatiese leier

soos Moses. Darem jammer dat die man so sukkel om te praat.

‘n Paar van die manne loop met groot kommer in die hart oor die rigting wat hulle inslaan - dit is dan gladnie in die koers van Kanaän nie - dit is skoon skuins die woestyn in. En as hulle reg onthou is daar ‘n see tussen waar hulle nou op pad is en Kanaän. Hulle hoop dat Moses iets weet wat hulle dalk nie weet nie. En dan word hulle ergste nagmerries waar as hulle oor die berge kom, en die see lê wyd uitgestrek daar onder, so ver as die oog kan sien. “Hoe kom ons daar deur?” wil ‘n paar leiers van Moses weet. “God

sal voorsien!” is al antwoord wat Moses gee. “Ons gaan kamp maak by die see.” kom die bevel. Vir baie van die Israeliete is dit die eerste keer in hulle lewe wat hulle die see sien. Hulle is opgewonde.

Intussen, in Egipte heers daar ‘n baie groot ontevredenheid. Skielik is die ganse Gosenstreek verlate. Hulle hele slawemag is weg, en vir die eerste keer in hulle lewe moet die Egiptenare nou sélf begin werk. Daar word ‘n afvaardiging van amptenare na die Farao gestuur om hierdie saak met hom uit te klaar - so kan dit beslis nie aangaan nie! “Wat

gaan ons maak?" wil hulle van die koning weet. Woede kook steeds in sy hart oor sy lieflingseun wat dood is, en dit is alles net daardie Israeliete se skuld!

"Ons gaan hulle haal!" tier hy, "Waar is hulle nou?"

Die minister van verdediging beduie dat hy baie goeie nuus het. Sy verspieders het hom laat weet dat hierdie spul Israeliete skoon koekoes geraak het, en hulle rigting totaal kwyt is. Hulle het onder daardie siniele ou man se leiding hopeloos verdwaal in die woestyn. En die beste nuus van alles is dat hulle hulle nou vasgeloop het teen die Rietsee.

Daar is géén manier wat hulle daar kan deur nie, en om rondom te trek, moet hulle eers weer al die pad terugkom. “Hulle is vas! Kom ons gaan kry hulle!” pleit hulle die Farao.

“Span my strydwa in!” kom sy bevel. Hy wil persoonlik daar wees om af te reken met daardie Moses!

Seshonderd strydwaens, elk met ‘n bemanning van drie, trek vroegoggend in ‘n groot stofwolk weg, reguit in die rigting van die Rietsee. Dit is ‘n woedende klomp soldate, want elkeen van hulle rou nog oor ‘n kind wat op bonatuurlike wyse gesterf het -

alles die gevolg van daardie Israeliete en hulle God. Haat dryf hulle om vinniger te jaag. En hulle moeite word beloon, want as hulle oor die ruwe berge kom, sien hulle daar onder op die strand teen die Rietsee hoe die Israeliete besig is om kamp op te slaan. “Manne, ons kamp net hier uit vir die nag!” kom die bevel van die generaal.

Intussen, in die Israelietiese kamp, is dit rustig. Hulle geniet die groot lekkerte van die see en die rustige atmosfeer. Ja, dit was ‘n harde trek tot hier, maar hulle is vry - nêrens is daar ‘n slawedrywer met sy bitsige sweep

nie. “Pappa, wat maak al daardie mense daar bo op die berg?” wil een outjie weet. Die pa kyk om en tot sy ontsteltenis sien hy die skilde blink in die laatmiddagson - onmiskenbaar dié van Egiptiese soldate. Die alarm word gegee, en binne minute heers daar algehele paniek in die kamp van Israel. ‘n Klompie woedende leiers gaan trap vir Moses vas: “Wat het jy ons nou aangedoen?” wil hulle weet, “Hier sterf ons vandag in die woestyn! Ons is vasgekeer soos ‘n klomp rotte!” Maar Moses is kalm. Oor die afgelope paar maande het hy telkemale verstom gestaan oor God se almag. Hy het nie die

vaagste idee hoe hulle uit hierdie angswekkende penarie gaan kom nie, maar hy is ook nie in die minste bekommerd nie - God sal hulle hieruit red. God het vir hom laat verstaan dat Hy juis hierdie onmoontlikheid wil gebruik om weereens Sy almag te bewys.

Soms is daar ook sulke onmoontlike situasies in ons lewe, waar God vir ons wil sê: “Wees rustig, My kind - Ek wil hierdie situasie gebruik om My almag te bewys.” Kom ons vertrou God, selfs wanneer alles vir ons verlore lyk.

**Gebed:**

**Here, so dikwels staar ek my blind teen die probleme in my lewe, en dan sien ek U nie raak nie. Haal asseblief die skille van my oë af.**

# 19 Droogvoets Deur die See

## Eksodus 14:15-31

Wat aanvanklik vir die Israeliete dalk na ‘n groot lekkerte gelyk het, word nou skielik ‘n soliede muur waarteen hulle hulle vasloop. Die Rietsee lê onoorbrugbaar voor hulle - géén deurkomkans - en agter hulle die magtige Egiptiese leër. Teen hierdie gedugte soldate het hulle géén kans nie. En hulle kerm: “Is daar in Egipte nie genoeg plek om ons te begrawe nie, en nou sleep jy ons woestyn toe om hier te sterf?” verwyt hulle vir Moses. Nét gister nog was hulle die ene

opgewondenheid, en vandag......? "Ons het jou mos gesê......!"

Maar Moses was al deur hierdie paadjie - aanvanklik het hy ook heftig teëgestribbel en gemor en oral net mure gesien waarteen hy hom kon vasloop. Maar toe begin hy besef wie God werklik is. Toe hy begin agterkom dat God Sy Woord gestand doen, het hy begin vertroue kry in God. "Moenie bang wees nie." probeer hy die volk kalmeer. "Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red!" praat hy hulle moed in. Nee, hy het sélf nog nie eers die vaagste idee van hoe hulle gered gaan word nie, maar een ding

staan vas: as God gesê het dat Hy hulle gaan red, dan sal Hy dit doen.

Dan kom God se bevel aan Moses: “Sê vir die Israeliete hulle moet verder trek.” Dan draai Moses om na die volksleiers: “Manne, kom ons trek! Voorwaarts mars!” Hulle gaap hom in ongeloof aan: “Deur die see? Jy het nou beslis ál jou varkies verloor!” Agter hulle hoor hulle alreeds die strydkrete van die Egiptenare opklink. Dit eggo deur die klowe en rante. En dan gebeur daar ‘n asemrowende ding: Die kolom wolke wat nog die hele tyd voor hulle was, skuif

skielik oor hulle koppe agter hulle in, en vorm ‘n soliede wolkbank tussen hulle en die Egiptenare. Hulle hoor hoe die strydkrete skielik opdroog. Wanneer die son sak, is hierdie wolkmuur helder verlig aan die kant van Israel, sodat hulle duidelik kan sien wat om te doen - so helder soos daglig.

Aan die kant van die Egiptenare is daar egter groot ongelukkigheid en frustrasie, want tussen hulle en die Israeliete daar onder is ‘n pikswart wolkmuur - ondeurdringbaar! Nie alleen kan hulle gladnie sien waar hulle prooi

is nie, maar weldra word hulle in totale duisternis gehul.

Nou is die verhoog opgestel vir sekerlik die mees dramatiese skouspel óóit. Op God se bevel draai Moses na die see en strek sy staf oor die water. Op daardie oomblik steek daar ‘n oostewind op, en voor die verbaasde oë van die Israeliete begin die water van die see stadig oopkloof. Terwyl hulle oopmond staan en kyk, vorm daar ‘n wye pad voor hulle deur die see. Weerskante van hierdie pad staan daar twee mure water. Soos een man storm drie miljoen Israeliete die see in. Dwarsdeur die nag loop hulle so

vinnig hulle kan, want agter hulle is die leër van Egipte. Voor hulle wink die beloofde land. As die son die volgende oggend sy kop uitsteek, stap die laaste van die reuse kolom Israeliete teen die anderkantste oewer van die see uit - almal droogvoets daar deur. In die kamp van Israel heers daar groot vreugde - hulle is gered.

Oorkant die water is dit egter ‘n perd van ‘n totaal ander kleur. Die Farao is woedend: “Hoe het julle dit reggekry om hulle te laat wegkom?” tier hy. Waar hy op die hoogte staan, voel dit vir hom asof sy oë hom bedrieg. ‘n Breë pad strek dwarsdeur die Rietsee.

“Gaan kry hulle!” skree hy histeries op sy generaals. In ‘n groot stofwolk storm die strydwaens die afdraende af na die see toe. Die soldate is eers bitter huiwerig om dit op hierdie nuwe pad te waag. Bevrees kyk hulle na die mure water wat weerskante van die pad optoring. Maar hulle vrees vir die Generaal is groter as vir die onbekende, dus storm hulle blindelings die see in (droogvoets natuurlik).

Maar dan begin dinge verkeerd loop. Dit is asof die perde nie wil saamwerk nie - hulle is bang. En van die manne wil omdraai as die skrikwekkende waters te hoog

begin raak. Voorlangs heers daar algehele chaos, en in die proses kom een kêrel se wiele af. Dit vorm ‘n hele kettingreaksie, en binne ‘n kort tydjie is daar die moeder van alle verkeersknope in die middel van die Rietsee. “Draai om! Draai om!” skree hulle vir mekaar, maar dit is reeds te laat. Moses het reeds sy kierie, op God se bevel, geswaai oor die see. Beangs kyk die Egiptenare toe hoedat die pad begin toemaak van weerskante af. Angs-gille styg op uit die see as die reuse walle water oor die elite-leër van Egipte stroom en hulle strydkreet vir ewig stilmaak.

Later daardie dag sien die Israeliete enkele lyke uitspoel op die strand - ‘n stille herinnering aan God se redding en Sy almag. Daardie aand weergalm ‘n loflied oor die woestyn as Israel soos een man saam sing: “Ek wil tot eer van die Here sing omdat Hy hoog en verhewe is. Perd en strydwa het Hy in die see geslinger. Die Here is my krag en my beskerming.” As die Egiptenare dit maar net kon gehoor het........

**Gebed:**

**Here, U grote Naam wil ek loof en prys, en saam met Israel vandag ‘n loflied laat opstyg tot**

**in die hemel. U is groot en goed en almagtig. U is my Redder!**

# 20 Water, Water!

# Eksodus 15:22-16:3

Met die Rietsee (en die Egiptenare!) vir goed agter die rug, begin die trek na die Beloofde land in alle erns.

‘n Volksverskuiwing is ‘n baie dramatiese, en dikwels traumatiese belewenis. Dink maar aan die volksverskuiwings in ons eie land. Die eerste een was die Groot Trek. Dit was baie beslis nie ‘n piekniekuitstappie nie, al word dit soms baie romanties voorgestel. Kos en water was altyd ‘n baie groot vraagstuk, maar gelukkig was wild toe nog volop, en kon hulle die

kosvoorrade daarmee aanvul. Maar daar was reuse probleme wat in die ou Voortrekkers se pad gelê het. Vyandige volke (veral die Zoeloes) het verwoesting gesaai onder hulle. En dan was daar nog boonop ook ‘n “rietsee” wat hulle moes deur - die magtige Drakensberge. Ander trekkers is weer afgemaai deur Malaria.

Later het die Dorstland-trek gekom, en weereens het dit gepaard gegaan met baie groot drama. Talle mense het gesterf van dors voordat hulle die “beloofde land”, Angola kon bereik.

Met Israel het dit ook nie sonder drama gegaan nie. Drie dae trek hulle die onherbergsame woestyn in sonder enige water. Dan begin die volk agterkom hoe nodig ‘n mens hierdie eenvoudige kommoditeit het in jou lewe - hoe verskriklik afhanklik jy daarvan is. Uiteindelik, na drie dae is daar ‘n oase. Soos een man storm die Israeliete op hierdie kosbaarheid af. Maar dan, tot hulle groot ontnugtering moet hulle uitvind dat die water ondrinkbaar is - bitter. Die arme Moses is natuurlik weer die vark in die verhaal, en die manne storm woedend op hom af. “Wat moet ons drink?” verskreeu hulle hom - hy moes

toegesien het dat hulle darem behoorlike water kry.

Wat doen Moses? Hy bid en vra die Here wat hy moet doen. Die Here wys hom ‘n stuk hout wat hy in die water moet gooi, en wanneer Moses dit doen is die water heerlik soet en drinkbaar.

Die Here lê vir die volk ‘n reël neer: Hulle moet doen wat Hy vra. Hulle moet absolute gehoorsaamheid aan Hom openbaar en hulle moet leef volgens Sy voorskrifte. Doen hulle dit, sal hulle gevrywaar word van al die peste en plae wat Hy oor Egipte gebring het. As ons deur die boek Eksodus blaai, dan

merk ons dat dit hier eintlik gaan oor gehoorsaamheid aan God, eerder as oor die uittog uit Egipte. Hier het hulle pas God se eerste les gehad in gehoorsaamheid - Hy sê vir hulle: “Luister .... Doen wat reg is ..... Wees gehoorsaam.” En dan voeg Hy by: “want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou.”

Wanneer die volk van Mara (die plek van bitter water) wegtrek, bring die Here hulle weereens by ‘n oase met die naam Elim. Wanneer hulle na dae se trek deur die dorre woestyn oor die sandduin kom, lê die pragtige gesig voor hulle - sewentig

palmbome in die middel van nêrens. Daar is nie minder nie as twaalf fonteine en ‘n oorvloed water. Dis is asof die Here Sy sorg wil demonstreer aan die volk nog voordat hulle daardie gehoorsaamheid wat Hy van hulle vereis kon uitleef. Dit wys net weereens vir ‘n mens hoe groot God se genade oor ons is.

Maar op water alleen kan ‘n volk nie leef nie. Die volk is nou al baie diep die Sin-woestyn in, en daardie skotteltjies ongesuurde brood-deeg is lankal op. En nou raak hulle honger en skuins-ongedurig. (Waarskynlik is die Sin-woestyn iewers in die

suidwestelike deel van die Sinai-skiereiland). Die volk kla steen en been: “As ons maar liewer in Egipte omgekom het,” kerm hulle, “By die vleispotte van Egipte het ons minstens genoeg gehad om te eet! Maar nee, ons moes mos trek! Nou gaan ons almal hier van die honger omkom!”

Dit is ‘n baie groot krisis en Moses besef dit maar terdeë. Maar teen hierdie tyd weet Moses ook al dat die Here voorsien in alle omstandighede. Wat hy nie kan verstaan nie, is dat hierdie volk dit nog nie kan begryp nie. Hoeveel wonderwerke moet nog plaasvind voordat hulle gaan leer

dat God Almagtig is en dat Hy op ‘n asemrowende manier kan voorsien? Was die deurtog deur die Rietsee nie al klaar genoeg bewys nie? Vir ses weke nou al sorg die Here vir hulle sedert hulle begin trek het en sien hulle elke dag God se teenwoordigheid in die wolkkolom en snags in die vuurwonderwerk wat voor hulle in die lug hang. Maar steeds kla hulle. Eintlik gaan dit nie soseer oor die kos nie, maar kom hulle in verset teen Moses se leierskap, en daarmee eintlik ook teen God.

Maar weereens is God genadig ten spyte van hulle verset, en Hy voorsien kos op ‘n

wonderbaarlike wyse - maar met sekere voorwaardes. En so word die volk stadigaan gehoorsaamheid geleer.

Hoe lyk my en jou gehoorsaamheid aan God? Moet Hy nie ook maar dikwels hard met ons praat om ons tot gehoorsaamheid te lei nie? Ja, ek staan self dikwels baie skuldig. Maar ek het ‘n baie genadige Vader wat verstaan en my net weer en weer en weer ‘n kans gee terwyl Hy my aanspoor tot gehoorsaamheid.

**Gebed:**

**Here, ek wil so graag aan U gehoorsaam wees, maar ek**

**struikel so dikwels. Maak asseblief my lam knieë sterk sodat ek staande kan bly en U dien volgens U wil.**

# 21 Kwartels uit die Hemel

## Eksodus 16:1-13

Voorsien God nog in ons elke-dag se behoeftes? Of nee, dalk moet ek die vraag totaal anders vra: Vertrou jy God om elke dag in jou behoeftes te voorsien? In die gebed wat Jesus ons geleer het, vra ons: “Gee ons vandag ons daaglikse brood.” En nee, die gebed lui nie “Maak asseblief voorsiening vir die volgende ses maande vir ons brood” nie, maar ons vra slegs dat die Here vandag sal voorsien. Bedoel ons wat ons bid? Of is dit maar net ‘n rympie wat ons opsê uit

bygeloof? Dit is baie kras gestel, is dit nie?

Maar die Israeliete moes leer van die Here se voorsiening elke dag. En dit het gepaard gegaan met die aanleer van gehoorsaamheid.

Maar kom ons begin voor. In die vorige oordenking het ons gesien hoedat die Israeliete mor en kla en kerm, want hulle kos het opgeraak. Hulle dink terug aan die vleispotte van Egipte, en dan vergeet hulle gerieflikheidshalwe van die dwangarbeid en slawerny en die geniepsige sweep van die slawedrywer. Erger nog: hulle vergeet totaal van al die wonderdade van God die

afgelope ruk - van hoe die Egiptenare met peste en plae en selfs die dood getref is terwyl hulle, die Israeliete, skotvry daarvan afgekom het. So pas het hulle die grootste wonderwerk in menseheugenis beleef toe die Here ‘n pad deur die see gemaak het, maar selfs dit het hulle vergeet. Al wat hulle nou in gedagte het, is kos!

Die Here het geluister na Israel se jeremiades, en dan sê Hy vir Moses dat Hy vir die volk kos sal laat reën uit die hemel - nie maar net eenmalig nie, maar elke dag! Maar hierdie sal ook weer dien om die volk te leer wat

gehoorsaamheid beteken. Hierdie kos wat Hy gaan voorsien, moet hulle optel, maar hulle mag net genoeg vat vir een dag op ‘n slag. Maar dan hoor ons ook vir die eerste keer dat die Here ‘n rusdag vir hulle beplan. Op die sesde dag moet hulle dubbel soveel van die kos optel, want op die sewende dag sal daar niks wees nie.

Moses en Aäron roep daarna die volk bymekaar, en Moses steek ‘n toespraak af. Hy maak dit vir die manne baie duidelik dat hierdie verset-aksie van hulle baie verkeerd is. As hulle in verset kom teen hom en sy broer, Aäron,

is dit niks, maar hulle het in opstand gekom teen die Here God! Maar ten spyte daarvan sal die Here hulle steeds versorg - "**Vanaand sal julle besef dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het!**" sê Moses vir hulle. "Wat gaan vanaand gebeur?" wonder die Israeliete, "Gaan God ons straf?"

Maar hulle het nooit kon droom op watter asemrowende wyse Hy sou optree nie. Moses het egter nog nie klaar gepraat nie - as hulle gedink het vanaand se gebeurtenis is groot, dan sou hulle môreoggend totaal stomgeslaan wees.

En dan, terwyl die hele volk voor Moses en Aäron staan, word hulle bewus van iets wat agter hulle besig is om te gebeur. As die volk omkyk, sien hulle hoe die wolk stadig voor hulle oë verander en 'n Goddelike glans kry. Stomgeslaan aanskou hulle die Almagtige teenwoordigheid van God helder en duidelik in die wolk. As daar nog enige twyfel was oor God, dan is dit nou hier finaal uit die weg geruim. Wie kan nog twyfel na so 'n verskynsel.

Hierna is hulle uitmekaar - elkeen na sy staanplekkie toe. Hierdie verskynsel in die wolk is op almal se lippe. “Maar wat het Moses

bedoel toe hy gesê het dat daar vanaand iets groot sou gebeur?” wonder hulle hardop.

En dan gebeur dit - daardie selfde aand nog, wanneer die skemer begin daal oor die woestyn. ‘n Paar kwartels vlieg die kamp van Israel binne. “Kos!” skree iemand, “Vang hulle!” ‘n Paar manne hardloop agter die plomp voëls aan - sulke vleis is beslis nie te versmaaie nie! Die volgende oomblik word die lug eintlik swart soos derduisende kwartels die kamp ingevlieg kom en tussen die Israeliete kom land. Waar sou kwartels vandaan kom in die dorre woestyn? En in sulke reuse

swerms? Maar wie gee nou om - hulle is daar en hulle is beslis baie eetbaar. Hierdie is lekker vleis - baie beter as die ou taai beeste van Egipte! Die Israeliete is buite hulleself van opgewondenheid - dat so ‘n ou gelukkie hulle nou moes tref! Daardie aand brand die vreugdevure hoog - daar is kos in die laer, en oorgenoeg daarvan! “Dit is God wat voorsien het,” sê die wyse ou manne, en hulle is dankbaar.

Maar wat die volgende oggend sou gebeur, sou vir hulle nog ‘n groter raaisel wees. Maar daaroor gesels ons môre!

**Gebed:**

**Here, dankie dat U voorsien. Ek wil vandag bid vir vandag se brood - leer my asseblief om daarmee tevrede te wees.**

# 22 Manna

## Eksodus 16:13-21

Die nasmaak van die vorige aand se kwartels lê nog vlak in die Israeliete se mond, as hulle die oggend een-vir-een begin lewe kry. “Pappa, kom kyk!” skree ‘n seuntjie sy pa wakker - so ‘n gesig het hy nog nooit gesien nie. Oor die hele kamp van Israel hang ‘n swaar misbank. So ‘n verskynsel is die Israeliete nie gewoond nie. Die mis is so dig, dat hulle skaars die bure kan sien. Oopmond staan hulle die verskynsel en aangaap. Dit is so misterieus, asof daar iets groot opgesluit lê in hierdie wolk wat

hulle oordek. Die verskyning van God in die wolk, die vorige dag, lê nog baie vlak in hulle geheue.

Dan, stadig begin die misbank lig, en dan sien hulle dit: donsige vlokkies wat soos sneeu oral oor die kamp lê. “Wat is dit?” vra hulle vir mekaar, “Wat het hier gebeur?” Vir die kinders is dit ‘n heerlike lekkerte, en een of twee steek dit in hulle mond. Dit proe nogal nie te onaardig nie. “Moenie!” wil ma nog keer - die goed kan dalk giftig wees!

Maar dan kom die gryse ou Moses tot hulle redding: “Dit is brood,” kondig hy aan, “dit is brood wat die Here vir julle gee.”

Hy glimlag van oor tot oor. Ja, laasnag het hy lank met die Here gesels, en die Here het hom mooi vertel van wat Sy plan is met hierdie Israeliete. Hulle is eintlik nog so rou, so bitter ver van ‘n verhouding met God af. Die Here is goed vir Moses - daar is so ‘n wonderlike verhouding tussen hom en God. Hy kan dit nie aldag verstaan waarom die Almagtige God so bemoeienis maak met hom, ‘n eenvoudige mens nie. En nog minder kan hy verstaan waarom die Here soveel moeite doen met hierdie weerbarstige volk!

“Ek het vir julle ‘n opdrag.” sê Moses vir die volksleiers, nadat hy hulle bymekaar geroep het om hierdie eienaardige vlokkies aan hulle te verduidelik. “Nee, eintlik is dit nie my opdrag nie, maar God se opdrag aan julle.” En dan verduidelik hy in groot detail vir hulle dat die Here vir hulle kos voorsien. Hulle mag egter net genoeg van hierdie vlokkies optel vir een enkele dag se gebruik - daar mag niks oorbly vir die volgende oggend nie! “Dit is God se opdrag!” maak hy dit vir hulle baie duidelik. Ja, hulle verstaan baie mooi. En so is hulle opgewonde daar weg om dit met almal te deel.

God het laasnag vir hom gesê dat Hy die volk iets wil leer van gehoorsaamheid, want dit is ‘n ding wat totaal ontbreek by hulle. As hulle nie gehoorsaam is aan hierdie eenvoudige opdrag nie, gaan hulle dit baie gou voel.

Dit was ‘n komiese prentjie wat Moses aanskou het, toe die ganse Israel - driemiljoen van hulle - gebukkend rondloop en mannavlokkies optel. Hy moes net keer om nie hardop uit te bars van die lag nie. Daardie aand, nadat nóg ‘n swerm kwartels die kamp binne gevlieg het, gaan slaap die Israeliete, almal trommeldik ge-eet. Dit is ‘n

tevrede kamp, en Moses gesels met God en sê vir Hom dankie dat Hy so wonderlik vir hulle voorsien het.

Moses skrik vroeg die volgende oggend wakker van ‘n kreet uit sy buurman se tent. Die man is hoogs ontsteld: “Sies man - wie van julle was dit?” verskree hy sy vrou en kinders. As Moses uit sy tent loer, sien hy in die donker hoe die man uit sy tent peul, gevolg deur sy hele gesin. Hy swets oor iets wat verskriklik stink in die tent. “Ga! Dis vrot!” kom nog ‘n kreet uit ‘n ander rigting. Nou is die ganse laer op hol, en

oral protesteer mense oor goed wat verskriklik vrot is.

Stadig kom Moses tot die besef: “Hierdie Israeliete het God se opdrag nie uitgevoer nie! En nou sit hulle met die gemors - letterlik.” Moses is woedend: “En dit nadat ek dit so duidelik vir hulle uitgespel het dat daar niks mag oorbly nie!” Sien, wat daar gebeur het, is dat die Israeliete nie vir God volkome vertrou het, dat Hy die volgende dag weer sou voorsien nie. Hulle het opgegaar vir ingeval God dalk nie Sy Woord sou hou nie. En toe word die goed vrot - sommer

ernstig vrot! Die stank het gehang oor die kamp van Israel.

Maar God het Sy belofte gehou, en toe die dagbreek aanbreek het die manna weereens daar gelê. Hierdie slag het hulle nét genoeg opgetel vir die dag. Dit was ‘n duur les!

God vra vandag steeds van jou en my as gelowiges vir gehoorsaamheid. Elkeen se opdrag oor gehoorsaamheid is dalk anders. Dalk is jou opdrag om vandag die boodskap van Jesus se verlossing oor te dra aan iemand met wie jy saam werk. Moet dan nie talm nie - doen wat die Here vra. En as jy

dalk daarteen opsien en verskonings wil uitdink, dat jy miskien nie genoeg weet nie - wéét dan verseker dat Hy sal voorsien. Al wat Hy van jou en my vra is om gehoorsaam te wees - Hy sal die res doen! Ek het persoonlik al 'n hele paar toetse in my lewe gedop oor gehoorsaamheid. Kom ons doen wat Hy vra......

**Gebed:**

**Here, ek wil vanoggend kom bely dat my gehoorsaamheid aan U veel te wense oorlaat. Help my asseblief om te doen wat U vra.**

# 23 Die Sabbat

# Eksodus 16:22-36

God voorsien vir die Israeliete op ‘n tydstip toe hulle dit bitter nodig gehad het - manna uit die hemel. Die vraag is - hoe lank sou God se voorsiening bly? Sommige (meeste!) van die Israeliete was maar baie skepties hieroor - is dit nie maar net ‘n eenmalige gebeurtenis nie? Daardie soort van wonderwerke gebeur mos maar eenmaal in ‘n leeftyd! En toe wil hulle sommer vir môre en oormôre ook bymekaarmaak, teen God se uitdruklike bevel in - net vir die wis en die onwis. Die

gevolg, het ons gister gesien, was verskriklike vrot manna.

Hoe lank dink jy sou God nog hierdie manna vir Israel gee? ‘n week? ‘n maand lank? Nee, selfs nadat Israel vir God bitterlik bedroef het later, het Hy steeds vir hulle manna gegee - vir ‘n volle veertig jaar lank! Dit was eers nadat die mure van Jerigo geval het met die intog in Kanaän, wat die manna opgehou het. Ons lees daarvan in Josua 5: Nadat Israel die eerste keer in Kanaän die Paasfees gevier het, het die manna verdwyn. Nou kon Israel van die opbrengs van hulle nuwe land eet.

Maar nou was daar eers ‘n ander belangrike ding wat die Here vir die volk moes leer. In Egipte moes hulle dag-in, dag-uit, sewe dae ‘n week werk as slawe. Niemand is ooit ‘n blaaskansie gegee nie. Dit was nie goed nie - ‘n mens het rus ook nodig. En dan begin die Here hulle stelselmatig leer van rus. Sy bevel aan Israel was dat hulle op die sesde dag ‘n dubbele porsie manna moes optel. Op daardie dag moes hulle genoeg kos voorberei vir die volgende dag ook.

Maar soos verwag was daar alweer ‘n klomp Israeliete wat

baie skepties was hieroor. Vir die afgelope week nou al reën dit elke oggend manna - waarom sou daar nie ook op die sewende dag manna reën nie? Hulle het nie die vorige dag genoeg bymekaargemaak nie, en toe die sewende dag aanbreek is daar tot hulle ontsteltenis niks om op te tel nie. Hoe hard hulle ookal soek - daar is nie 'n enkele vlokkie in sig nie!

"**Hoe lank gaan julle nog weier om My bevele te gehoorsaam?**" vra die Here vir Moses. Ons sien hier amper 'n tikkie ongeduld by God - waarom kan die volk nie leer nie? Daardie dag het Moses

hard gepraat met die volksleiers. Hierdie ongehoorsaamheid aan God moet nou end kry. Het hulle al vergeet hoe hulle sonder ‘n breek hulleself moes afsloof in Egipte? God wil keer dat dit nie weer gebeur nie. Van nou af sal elke sewende dag ‘n rusdag wees - ‘n dag om rustig in jou tent saam met jou gesin deur te bring. Die volksleiers sien sommer dat Moses baie ernstig is - die Here het baie hard met hom gepraat! Hulle sal doen wat hy vra, want Moses is omgesukkel!

Algaande het die volk begin gewoond raak aan hierdie nuwe vorm van lewe. Elke oggend

wanneer die mis lig is dit manna optel - twee liter per persoon, want dit sal net genoeg wees vir die dag. En Vrydag tel hulle vier liter op. En hierdie manna smaak ook nogal nie onaardig nie - amper soos heuningkoek wanneer dit in broodjies gebak is. Die smaak begin baie gou aanklank vind by die volk.

En sodat die nageslag nooit sou vergeet van hoe God vir Israel voorsien het daar in die woestyn nie, neem Moses twee liter manna en verseël dit in ‘n goue kruik (ons lees van hierdie kruik in Hebreërs 9:4).

Dit is baie moeilik om waarlik God se voorsiening in jou lewe te besef en daarvolgens te leef. Ons word grootgemaak met die gedagte dat jy vir jouself moet voorsien. Kinders word dikwels van kleins af geleer om ‘n eie inkomste te genereer en selfversorgend te wees in ‘n sekere opsig. Ja, dit is goed, maar terselfdertyd beroof dit die kind ook van die gedagte van afhanklikheid.

In die sakewêreld word ons gekondisioneer dat dit slegs jou eie werk en slimmigheid (en dikwels geslepenheid) is wat jou bo in die lewe uitbring. En

wanneer jy die dag val, dan is jy verpletterd. Wat het skeefgeloop?

Die probleem is, dat ons so maklik vergeet dat dit eintlik God is wat vir ons voorsien. Ja, my harde werk bring geld in die sak. Maar God is die Een wat my die krag en die verstand gee om dit te kan doen. En Hy is die een wat my die geleenthede gee. Ons durf nooit óóit vergeet dat dit alles deel is van God se voorsiening nie. Het jy al vandag vir Hom dankie gesê dat Hy vir jou 'n werk gegee het? Of dat jy vandag kos op die tafel het?

Maar "dankie" is nie net 'n paar hol woordjies nie - dankie is 'n

lewenswyse, soos die Israeliete agtergekom het. Dankie is ook om tyd te maak vir God. Die Here moes Israel op die harde manier dwing om tyd te maak vir Hom op die sewende dag. Vandag vra Hy vir my en jou mooi om asseblief vir Hom tyd te maak. Doen ons dit werklik nog?

**Gebed:**

**Here, ek bely vanoggend dat ek so min tyd maak vir U. En dat ek U nie genoeg eer gee vir dit wat ek besit nie. Vergewe my asseblief, en help my om U voorsiening raak te sien en dankbaar te leef.**

# 24 Water uit die Rots

## Eksodus 17:1-7

Koos Badenhorst skryf uit Chicago: “**Ek het 3 maande gemyn in die woestyn en kan my nie indink hoe daardie volk sonder die groot omvattende genade van God sou kon oorleef nie. Die dae is geweldig warm en die nagte koud. Water en kos - onmoontlik sonder die Here. Die wolkkolom moes 'n groot lafenis wees want sonder dit is jy gaar gebraai voor middagete.**”

Inderdaad was God se genade baie groot oor hierdie volk. Elke oggend met dagbreek lê die kos

voor hulle voordeur - afgelewer direk uit die hemel! Maar die Beloofde land het ook vir hulle gewink, en hulle moes begin aanskuif - nie ‘n maklike taak met drie miljoen mense nie, en nog boonop hulle vee. Hulle het van plek tot plek begin trek, maar die een groot probleem in die woestyn - soos Koos ook tereg sê - is water. Om so ‘n groot klomp mense en hulle vee elke dag water te gee, moes hulle miljoene liter water per dag nodig gehad het. En natuurlik maak die versengende hitte van die woestyn die situasie net erger. Ons kan onsself nie indink wat die omstandighede moes wees,

waar ons in ‘n lugverkoelde kantoor sit nie, en waar die koffiemasjien gereed staan vir die oomblik as jy ‘n lafenissie nodig het.

In Israel se trek kom hulle by ‘n plek met die naam Refidim. Teen hierdie tyd het hulle geleer dat hulle gehoorsaam moet wees en doen wat God vra - hulle het op die harde manier geleer. Dus doen hulle so, en dit is dan op God se bevel dat hulle trek. Wanneer hulle egter by Refidim kom, verwag hulle dat hulle nou beloon gaan word vir hulle gehoorsaamheid en weereens ‘n oorvloed van water daar kry. Maar

dit gebeur nie. En nou is hulle woedend. “Gee vir ons water om te drink!” skree hulle op Moses. Hulle het nie die beloning gekry waarop hulle gehoop het nie, en nou moet Moses dit ontgeld. Maar indirek baklei hulle eintlik met God - Moses is maar net die tussenganger.

Die Israeliete se woede vlam so hoog op dat Moses vrees vir sy lewe - hy verwag enige oomblik dat hulle hom sal stenig - met klippe doodgooi. Sy leierskap is onder verdenking. Die ironie van die saak is dat die Israeliete met hulle beskuldigings teen Moses en God, eintlik besig was om

hulle eie ongeloof en ongeduld tot uiting te bring. Hulle was nie bereid om te wag op God se uitkoms nie. Hulle het wel gehoorsaamheid aangeleer, maar steeds het die vertroue in God ontbreek.

Is dit nie soms ook maar hoe ek en jy reageer nie? “Ek het dan so hard gebid dat die Here my dit of dát sou gee, en ek het so goed gelewe, maar Hy het dit nie gegee nie. God is onregverdig!” Het jy dit al gesê? Of dalk gedink? Ek het!

Moses het gedoen wat hy geweet het die enigste uitweg was: Hy het met God gepraat - waar

anders kan hy tog enige raad vandaan kry? “Wat moet ek met hierdie volk aanvang Here?” het hy moedeloos gebid. Nou het hy rêrag nie meer raad met hulle nie.

En dan antwoord die Here hom: “Loop voor die volk verby en neem die leiers van Israel saam.” Die Here verseker vir Moses dat Hy persoonlik daar teenwoordig sal wees wanneer Moses voor die rots by Horeb gaan staan. Ten aanskoue van al die volksleiers moet hy met die kierie wat hy nog al die tyd gebruik sedert sy eerste ontmoeting met God, daar by die brandende doringbos, teen die rots slaan.

Moses is platgeslaan deur die ongeloof van die Israeliete. Na alles wat gebeur het, vra hulle sowaar: “Is die Here ooit nog by ons?” Hoe kan hulle vir een oomblik twyfel? Al die wonderwerke wat gebeur het sedert die Here hom na Egipte gestuur het - sê dit steeds vir hulle niks? Hoe kan hulle so ‘n vraag vra, en dit terwyl hulle elke dag God se teenwoordigheid kan sien in die wolkkolom wat steeds by hulle is? En daardie vuurkolom snags? Is dit nie al genoeg bewys van God se teenwoordigheid nie? En wat van die manna en kwartels? Elke dag voorsien Hy direk uit die hemel. En hulle vra:

“Is die Here ooit nog by ons?” Maar vandag gaan die Here vir hulle onteenseglik bewys dat Hy hier in hulle midde is.

Stadig stap Moses na die rots, gevolg deur ‘n groot aantal leiers. Voor die rots gaan hy staan. Al kan hy God nie sien nie, weet hy dat die Here God Almagtig op daardie rots staan hier vlakvoor hom - God het immers vir Hom gesê dat Hy daar sou wees, en Moses glo dit met sy hele hart. Dramaties swaai hy sy kierie en slaan teen die rots. Die volgende oomblik stroom die water uit die rots, hier reg in die middel van die dorre woestyn. Genoeg water

spuit uit die rots om drie miljoen Israeliete en hulle vee water te gee. Hy was steeds daar en Hy het nie van hulle vergeet nie, al wou die Israeliete God se teenwoordigheid bevraagteken.

Baie jare later het Jesus by ‘n put gesit iewers in die dorre wêreld van Samaria, en Hy het aan ‘n soekende vrou lewende water gegee wat stroom sonder ophou. Ek en jy het vandag toegang tot daardie selfde lewende water wat jou dors vir ewig les.

**Gebed:**

**Here, dankie dat ek vandag kan weet dat U elke oomblik by my is.**

# 25 Oorlog! Oorlog!

# Eksodus 17:8-16

Nomadiese volke is verskriklik jaloers op hulle waterbronne in die woestyn. Dit is kosbaarder as goud, en daarsonder kan ‘n mens nie lewe nie. Die gevolg is dat as iemand anders op jou waterbron toesak en dit vir homself wil toe-eien, dan soek hy vir groot moeilikheid. Dan is dit oorlog!

Maar wat nou gemaak as jy in ‘n woestyngebied bly waar die waterbronne bitter skaars is, en skielik kom hier ‘n swerm vreemdelinge aan, en hulle ontdek in jou eie gebied ‘n waterbron wat daar nooit was nie

- een wat genoeg water voorsien vir driemiljoen mense? Gaan jy nie dalk ook probeer om dit van hulle af weg te neem nie? Jy was mos eerste hier - dit is jou woestyn - nie hulle s'n nie.

Die Amalakiete was so 'n nomadiese volk wat in die omgewing van Refidim rondgeswerf het. Die Bybel sê nie vir ons waaroor hulle met Israel skoorgesoek het nie, maar ons kan maar net raai. Was dit dalk oor hierdie water wat nou skielik uit die dorre rots uitspuit nadat Moses daarteen geslaan het? Dit was genoeg om enige woestynbewoner groen te maak

van jaloesie. Wat dalk ook daartoe kon bydra, was dat hulle verspieders gesien het hoe hierdie klomp Israeliete elke dag kos optel. Wat was daar by Rafidim wat hulle nog nie raakgesien het nie? Netnou besluit die klomp dat hulle permanent hier wil kom bly. Nee, dit kan beslis nie! Hulle moet uit die weg geruim word!

Maar die nakomelinge van Amalak het nooit besef waarvoor hulle hulle sou inlaat nie. Die spul "woestynrotte" lyk nou wel baie weerloos, maar onsigbaar saam met hulle is die Almagtige God. En dit het die Amalakiete eers

begin besef toe dit totaal te laat was.

Die aand voor die geveg kom die manne van Amalak bymekaar so ‘n ent van Israel se kamp af. “Dit gaan maklik wees!” praat die Generaal sy manne moed in, “Ons gaan sommer dwarsoor hierdie spul hardloop!” “Jaaaaa!” skree hulle in ‘n koor. Hierdie is beslis nie die eerste oortreders wat hulle uit hulle stukkie woestyn uitgejaag het nie. Hulle is propvol selfvertroue.

In Israel se kamp is Moses in diep gesprek met God. “Here, wat moet ek maak? Ja, ons is baie, maar die mense is moeg van al

die trek deur die woestyn.” En dan antwoord die Here hom: “Moses, hou net jou hande hoog opgehef na My.” Moses kry die opdrag om op ‘n koppie te gaan staan waar almal hom kan sien en sy arms opgehef te hou. Dit is ‘n teken dat hy krag kry van God af, en dat hierdie wonderbare krag herlei word tot die manskappe wat Israel moet verdedig. Dan roep Moses vir Josua nader. “Hier is nou wáárlik ‘n jong man uit een stuk - sal dit nog ver bring in die lewe!” dink Moses as Josua voor hom kom staan. “Josua, gaan soek vir ons goeie manskappe uit. More veg ons teen ‘n gedugte vyand!”

Dit was nog donker daardie volgende oggend toe Moses vir Aäron en Hur opkommandeer om saam met hom die berg op te stap. Wanneer hulle bo kom, kyk hulle af op die dorre vallei daar onder. Israel se kamp is opgeslaan oor ‘n baie wye gebied. Hulle sien die kindertjies daar rondspeel en die mammas wat besig is om manna op te tel vir die dag. Nie ver daarvandaan nie sien hy hoe die Amalakiete besig is om op te warm vir die geveg. Moses glimlag: “Vandag is die dag dat julle julle rieme gaan styfloop!” dink hy. “Dankie dat U by ons is Here!” kom die dankbare sug uit sy hart.

En dan gee Moses se hart ‘n wilde klop as hy sien hoe die Amalakiete hulle stormloop begin. Hy steek sy hande hoog in die lug op, en dan sien hy hoe die manne van Josua die Amalakiete terugdryf. Dit is ‘n verwoede geveg. ‘n Uur het verbygegaan, twee, drie ure, en steeds woed dit voort daar onder. Maar Moses se tagtig jaar begin teen hom tel, en sy arms raak moeg. Hy laat sy arms sak om ‘n bietjie te kan rus. Maar dan, tot sy groot ontsteltenis sien hy hoe die Amalakiete verwoed storm en die oorhand kry. Verskrik hou Moses weer sy arms op, en dan is dit weer Josua en sy manne wat die oorhand het.

Elke keer as Moses sy arms laat sak, wen die Amalakiete. “Here, wat moet ek maak?” huil Moses by God - hy het net eenvoudig nie meer die krag om sy arms op te hou nie.

En dan kom sy broer tot sy redding. Hulle laat Moses op ‘n groot klip sit en hy en Hur hou die ou man se arms vir hom omhoog. Moses is dankbaar, want daar onder in die vlakte kan hy sien hoe daardie skrander jong Josua sy troepe aanvoer en die Amalakiete in die stof laat byt. Wanneer die son daardie aand sak, is dit ‘n baie moeë Moses wat deur die twee manne die berg

afgehelp word - moeg maar tevrede: God het aan hom en sy volk die oorwinning gegee.

Moses moes uitvind dat hy nie alles alleen kon doen nie - hy het hulp nodig gehad. Maar die Here het voorsien dat Hur en Aäron daar was vir hom, om hom by te staan toe sy kragte nie meer wou hou nie. Ons as gelowiges is daar om mekaar te ondersteun. As jy sien dat die "Moses" in jou lewe (dalk die leraar?) se arms moeg word - moenie hom kritiseer nie - help hom en hou sy arms hoog!

**Gebed:**

**Here, dankie dat U die een is wat oorwinning gee. Maar dan**

**vra ek ook asseblief Here, dat U my oë sal oopmaak om raak te sien wanneer die “Moses” in my lewe moeg raak, en dat U my die wysheid sal gee om te help waar hy dit nodig het.**

# 26  Jetro Praat Hard

## Eksodus 18:1-27

Dalk het dinge in Egipte te warm (gevaarlik) geraak vir Moses se gesin - ons weet nie verseker nie. Maar toe besluit Moses om Sippora (sy vrou) en sy twee seuns terug te stuur na Midian, na haar Pa. Maar nou het dinge weer rustig geraak, en Jetro, Moses se skoonpa, het te hore gekom van sy skoonseun en die klomp Israeliete. ‘n Man kan mos nie sonder sy gesin wees nie, en dan besluit Jetro om sy dogter en kleinkinders na Moses te neem waar hulle by Refidim kamp gemaak het. Natuurlik was Moses

nog op sy hoede na die aanval van die Amalakiete, dus laat Jetro vooruit weet dat hy op pad is, om nie dalk aangeval te word nie.

Die weersiens was groot, en al die nodige protokol is nagekom - die buig vir mekaar en die soengroet en al die uitvra na wedersydse welstand. Vandag sou ‘n blote handdruk presies dieselfde betekenis hê.

Moses het baie om sy skoonpa te vertel. Sedert hy uit Midian weg is, na sy ontmoeting met God by die brandende doringbos, het daar baie dinge gebeur. Hy vertel van die Farao, en hoe sleg die ongepoetste kêrel hulle behandel

het. Hy vertel van al die ontberinge wat hulle moes deurmaak, en hoe daardie man gedreig het om hom wat Moses is dood te maak. Maar hy vertel hom ook met groot smaak van hoe die Here die man op sy plek gesit het. Die man was absoluut onversetlik, maar wanneer die Here ‘n wonderwerk doen en Egipte tref met die een of ander plaag, dan het die kêrel vermurwe, om maar net weer die volgende dag sy ou klipharde self te wees.

Oopmond sit Jetro en luister na die asemrowende wonders wat God gedoen het in Egipte. Sy

gesig vertrek met afsku as hy hoor hoe die Nylrivier en al die damme en fonteine en selfs die waterkanne en bekers vol bloed was. “O, hoe afgryslik!” roep hy uit. En dan klap hy weer hande van pure lekkerkry as hy hoor hoe die sprinkaanswerms Egipte opgevreet het. “Dit sal hom leer!” kry hy ‘n woordjie in. Hy slaan sy hande saam van pure ongeloof oor die drie dae duisternis wat geheers het, en hy deins terug as sy skoonseun hom vertel van die verskriklike steekvlieë. Die haelstorm gee hom koue rillings agter sy ruggraat af. “O, maar God is groot!” sug hy, “God is almagtig!” En dan, baie

dramaties, begin Moses vertel van daardie laaste nag - die nag toe die gekerm en hartverskeurende weëklag opgeklink het uit Egipte - die nag toe die eersgeborenes gesterf het. “Daardie selfde nag nog,” sluit Moses sy vertelling dramaties af, “het die Farao ons gesmeek om te trek - het hy ons as’t ware uit die land gejaag.”

Jetro is stomgeslaan van verwondering, ook wanneer Moses hom vertel van die asemrowende wonderwerk by die Rietsee, en die manna en die kwartels en die water wat God voorsien het. Jetro kan steeds nie

glo dat hierdie ontelbare klomp mense in die woestyn kan oorleef nie. “Ongelooflik!” skud hy sy kop. Die volgende dag, uit pure respek vir so ‘n almagtige God, gaan bring hulle offerandes aan daardie God van Wonders, en daarna word daar groot fees gevier.

Maar daar is ‘n ding wat Jetro geweldig bekommer: Hierdie skoonseun van hom is besig om sy kersie aan alle kante gelyk te brand. As hy so aanhou, gaan hy binnekort uitbrand! “Moses,” spreek hy hom die aand kwaai aan toe dit ‘n bietjie rustig raak, “Jy sal moet leer om te delegeer!”

Hy het gesien hoe lang toue mense vir Moses staan en wag om regspraak te kry. Moses is die enigste een wat vir drie miljoen mense regter moet speel. En dan is hy boonop nog pastorale sielkundige en huil-skouer en ...... noem maar op. “Maar Pa, die volk kom na my toe......” wil hy homself probeer regverdig.

“Moses, ou seun,” gee Jetro sy tagtigjarige skoonseun raad, “Jy kan nie alles alleen doen nie. Dit is nie net jy wat sélf daaronder ly nie, maar jou mense raak moedeloos omdat hulle so lank vir jou moet wag.”

Moses het geluister, en toe stel hy regters aan om die sake te hanteer. Hy doen self net die heel moeilikste sake, en verteenwoordig die volk by God. Daar was oorgenoeg bekwame manne wat die werk uit sy hande kon neem.

Ek het al dikwels in dieselfde strik getrap as Moses. Ek wil alles sélf doen, “want daar is niemand anders wat dit kan doen nie.” Werklik? Met so ‘n mentaliteit is ek nie alleen besig om myself uit te brand nie, maar is ek terselfdertyd besig om iemand anders die geleentheid te ontneem van iets wat hy dalk self

baie graag sou wou doen. Ek ontneem daardie persoon die voorreg om iets vir die Here te kan doen. Dit kon dalk die geleentheid vir hom wees om geestelik te kan groei en te blom in die Koninkryk. Dus is ek indirek dalk die oorsaak dat hy nie geestelik kan groei nie.

Dit is veral geestelike leiers wat dikwels in hierdie opsig baie skuldig is. Dit het al by verskeie geleenthede ‘n “Jetro” gekos om my tot ander insigte te bring. Moenie dieselfde fout maak as wat ek gemaak het nie. Moedig eerder ander mense aan om

pligte oor te neem. Uiteindelik is dit tot God se eer.

**Gebed:**

**Here, ek staan dikwels skuldig daaraan dat ek selfsugtig alles self wil doen. Vergewe my, en leer my om te delegeer.**

# 27 By die Berg

# Eksodus 19:1-15

Moses is baie opgewonde - sy hart klop in sy keel, want voor hom troon die berg Sinai. Hier aan die hange van dieselfde berg het hy vir die eerste keer met God kennis gemaak. Hoe anders was die omstandighede nie daardie tyd nie. Ja, toe was hy nog maar ‘n skaapwagter - stoksiel alleen in die barre wêreld, met net sy skoonpa Jetro se skape en bokke. En nou, presies drie maande na daardie nag van verskrikking (dis nou vir die Egiptenare!) staan hy weer voor dieselfde berg met meer as drie

miljoen mense agter hom. Ja, hy het ‘n lang pad gekom tot hier. Hy wil sy kop in skaamte wegsteek as hy terugdink aan daardie dag by die brandende doringbos, hoe hy probeer verskonings uitdink het om nie die volk te gaan haal nie. Hy het gedink dat hy totaal onbevoeg is vir so ‘n groot taak. Hoe verkeerd was hy nie! Hoe klein het hy nie vir God geskat daardie dag nie!

“Hier gaan ons kamp opslaan,” gee hy die bevel deur aan die leiers, “Hier moet ek eers met die Here gaan praat!” Vir ‘n man van tagtig klim hy die berg nogal baie rats uit. Dis is ruwe terrein besaai

met reuse rotse en klippe, maar Moses het net een ding in gedagte: om op hierdie berg te kom. Sy asem jaag as hy al hoër en hoër klouter. Voor hom toring die swart lawakranse op tot waar hulle verdwyn in die hemel.

En dan hoor hy dit: “Moses,” hoor hy die stem van God van daar bo af kom, “so moet jy vir die nageslag van Jakob sê: Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle soos op arendsvlerke veilig gedra en na My toe gebring het.”

Gevul met groot ontsag, sak Moses op sy knieë neer voor die Heilige God. Die Almagtige gee

vir Moses opdrag om aan die volk oor te vertel dat as hulle Hom gehoorsaam en Sy verbond hou, dan sal Hy hulle Sy eiendom maak. Hy sal Sy Koninkryk bou uit hulle - ‘n Koninkryk wat Hom as priesters dien en hulle lewe aan Hom wy. Dan voeg die Here by dat Moses vir hulle dit moet duidelik maak dat die ganse aarde aan Hom, die Here behoort.

Dit was groot en kosbare oomblikke daar saam met die Here, op dieselfde plek waar hy die Here vir die eerste keer gesien het. Hy kan nie baie mooi begryp waarom die heilige God

juis hierdie volk wat niks anders kan doen as om te kla en in opstand te kom, uitgekies het om Sy volk te wees nie. Maar hy respekteer God se keuse en doen wat die Here vra.

Alle oë is op Moses gerig as hy later moeisaam die berg afkom. Hulle kon sien dat daar iets baie groot gebeur het met die ou man. Hy roep die leiers bymekaar en vertel vir hulle wat God Almagtig daar op die berg vir hom gesê het. Soos een man antwoord hulle: "Alles wat die Here gesê het sal ons doen!"

As Moses maar geweet het hoe hol hulle belofte was, dan sou hy

seker nie weer ‘n slag die moeite gedoen het om die berg ‘n tweede keer op te klim om aan God te gaan rapporteer nie. Wanneer Moses later daardie dag weer van die berg afkom, het hy nog opdragte aan die Israeliete. Oor drie dae sou Hy aan die hele volk verskyn en hoorbaar met hulle praat sodat hulle kan weet dat Hy God is en dat hulle Hom kan vertrou. Vir hierdie ontmoeting is daar baie streng reëls wat nagekom moet word.

Die volk moes hulleself gaan reinig en hulle moes hulle klere was om aanvaarbaar voor die Here te verskyn. Boonop word

hulle gewaarsku dat niemand te naby mag kom nie, want dit sou noodlottige gevolge hê. God se heiligheid mag onder geen omstandighede geskend word nie. Niemand mag aan die berg raak nie, want dan is hulle te naby aan God. En as iemand dit sou durf waag om die reëls te verbreek, moet hy om die lewe gebring word.

Ons het so ‘n ietsie van sulke protokol beleef met die twee koninklike troues van die afgelope ruk. Daar was streng voorskrifte oor wat jy mag en nie mag aantrek nie na die huweliksbevestiging. En

sekuriteitswagte het almal met arendsoë dopgehou. Maar dit was wêreldse dinge. Hoeveel groter is die Heilige God nie.

Maar die wonderlike is dat Jesus alles kom verander het. Nie alleen het Hy vir God op die aarde kom verteenwoordig vir 33 jaar lank nie, maar na die kruisiging het God die voorhangsel van die tempel simbolies middeldeur geskeur om daarmee te sê dat daardie skeiding tussen God en die mens vir ewig weggeneem is. Deur Jesus het ons nou vrye toegang tot God. Deur Sy versoening hoef ons nou nie meer in vrees en

bewing te staan voor die heilige God nie, maar kan ons met Hom praat. En hy praat met ons deur die Woord wat Hy vir ons gegee het. Wat ‘n wonderlike voorreg is dit nie om deel te mag wees van God se familie, en dat ons daarmee sonder vrees aan Hom kan raak.

**Gebed:**

**Here, ek jubel vanoggend, want ek het vrye toegang tot U, die Allerhoogste!**

# 28 God Praat met die Volk

# Eksodus 19:16-25

Die oggend van die derde dag breek aan. Van die gewone ou roetine-dingetjies is daar egter vanoggend géén sprake nie. Almal praat en almal wonder oor wat gaan gebeur. Moses het gesê dat God met die volk kom praat. Hoe gaan Hy dit doen? Gaan hulle Hom sien? Hom fisies hoor? Almal is opgewonde. Maar natuurlik is daar ook die klomp wat skepties is. Al hierdie dinge wat gebeur het - so sê hulle - is natuurlik te verklaar. Die wind wat die see oopgekloof het; die manna wat uit die woestyn

aangewaai kom; die kwartels - alles móét ‘n verklaring hê. Hierdie God is maar dieselfde as die gode van Egipte!

Dan word die ganse volk geskud tot in hulle fondamente as ‘n harde donderslag deur die klowe en vlaktes weerklink. Hulle kyk op na die berg. Weerligte blits verblindend, sodat die Israeliete hulle oë toedruk. En dan, asof uit die niet, begin ‘n dik, donker wolk vorm om die bergspits. “Alles doodgewone natuurkragte!” lag die skeptici dit af. Maar dan, helder, sterk en duidelik kom die suiwer klank van ‘n ramshoring bo uit die wolk uit. Nou is selfs die

mees skeptiese persoon stomgeslaan. Die Israeliete bewe van angs. Hulle probeer wegkruip, maar daar is nie wegkruipplek nie. Kindertjies huil want hulle is bang.

“Kom!” beveel Moses koel en kalm, “Kom, die Here wag vir ons!” En daarmee lei hy die volk tot by die voet van die berg.

Wanneer almal daar staan en die skouspel gadeslaan, gebeur die volgende asemrowende ding: Dit is asof vuur uit die hemel neerdaal op die berg - ‘n reuse vlam. Die hele berg begin skud en rook styg in ‘n kolom uit die berg op asof dit ‘n vulkaan is, tóg

is daar géén vulkaniese uitbarsting nie. En steeds is daar die onaardse geluid van die ramshoring wat al harder en harder word.

En dan kom die onbeskryflike stem van God, gevul met majesteit en glorie in die donderslae wanneer die heilige, almagtige God met Moses gesels. Die volk is absoluut oorweldig deur hierdie ervaring. Dit is veels te groot vir hulle om in te neem. Dan sê God vir Moses dat hy na die top van die berg moet gaan - daar sal Hy met Moses praat. Wanneer Moses bo kom, sê die Here weereens vir

hom dat hy die volk moet waarsku. Sy heilige teenwoordigheid is gans te veel vir ‘n gewone mens om te kan beleef. Moses moet hulle waarsku om onder géén omstandighede te probeer “deurbreek” na Hom nie. Hulle sal beslis sterf as hulle maar net in Sy teenwoordigheid kom. Selfs die priesters wat veronderstel is om in God se teenwoordigheid te wees, sal dit nie eers kan waag om naby Hom te kom nie - hulle moet hulle afstand behou.

En so word Moses weereens die berg afgestuur om God se boodskap aan die volk oor te dra.

“Bly weg van die berg af!” is sy uitdruklike bevel.

Wat my onmiddellik tref van hierdie gebeure rondom die Sinai-berg, is die onmeetlike, onbeskryflike heiligheid van God wat hier uitstraal. Besef ek en jy ooit nog vandag hoe heilig God werklik is? Jare gelede was daar ‘n boekie geskryf met die titel: “Hey God!” My ouma het die boekie gekoop, maar ek het geweier om dit te lees, want die titel alleen het my inmekaar laat krimp oor die heilige God so disrespekvol aangespreek word. Het ons nog werklik respek vir God? Op TV programme, veral

dié uit Amerika, word elke uitdrukking van geluk of verbasing of skrik of wat-ookal begroet met: “Oh my God!” Dikwels is dit “goeie” programme waar die Here se heilige Naam so as stopwoord gebruik (misbruik) word. Dit reduseer die heiligheid van die Almagtige God tot ‘n blote alledaagse.

Nou sal jy sekerlik vir my sê dat jy dit darem nooit doen nie. Maar dink ons ooit in ons elke dag se omgang met God aan Sy heiligheid? Wanneer ons in ons binnekamer is en stiltetyd hou - is dit waarlik vir ons die heilige teenwoordigheid van die Skepper

wat ons daar ondervind? Of lees ons maar net iets interessant uit die Bybel? En tydens ‘n Erediens - is dit vir ons die heilige ontmoeting met God Almagtig saam met ander gelowiges, waar ons die heiligheid van God kan aanvoel wanneer dit die hele vertrek vul? Of het die erediens dalk al vir jou ‘n geleentheid geword waar jy op ‘n Sondagoggend kan gaan sit en ontspan te midde van vrolike musiek en ‘n prediker wat jou gewete sus?

Dit is harde woorde - woorde wat ons dalk tot besinning sal ruk. Ja, aan die een kant mag ons nooit

óóit vergeet van die heiligheid van God nie. Maar aan die ander kant kan ek en jy maar net sê: “Dankie, dankie, dankie!” dat Jesus gekom het om alles te verander. Ja, nie alleen het Hy ons die ewige lewe kom gee nie, maar saam daarmee het Hy ook vir ons die deur oopgemaak sodat ek en jy vandag sonder vrees kan “deurbreek” na die Allerheiligste God, en dat ons nie inmekaar hoef te krimp van vrees by die blote gedagte van God se teenwoordigheid nie, maar dat ons met Hom kan praat - ons harte kan oopmaak voor Hom en in Sy teenwoordigheid mag staan.

**Gebed:**

**Here God Almagtig, dankie dat ek vandag sonder vrees met U kan praat. Dankie vir U groot genade en liefde.**

# 29 Die Tien Gebooie (deel 1)
## Eksodus 20:1-6

Die volk staan stomgeslaan deur die dramatiese Godsverskyning. Hulle is bibberend van angs. Dan word Moses weereens na die top van die berg ontbied. Hier word hy meegedeel wat God van die volk verwag. Hy het met hulle 'n verbond gesluit, en deur hierdie voorskrif wil Hy vir hulle sê hoe Hy verwag dat hulle sal leef. Dit is God se teologiese en etiese voorskrif aan Sy volk.

Hy begin deur Homself aan die volk voor te stel - dat Hy die Here God is wat hulle uit Egipte bevry het uit slawerny. Ons moet onthou

dat die Israeliete daar in Egipte ‘n kultuur van veelgodendom beleef het. Hoeveel van hulle het nog steeds slegs die God van Abraham, Isak en Jakob aanbid? Ek glo nie daar was veel sulke mense nie. Hulle het waarskynlik dieselfde gode as die Egiptenare aanbid, want almal het dit mos gedoen. En nou, die afgelope drie maande, is hulle keer op keer herinner aan God almagtig. Die Rietsee; die water uit die rots; die kwartels; elke dag se manna - al hierdie dinge het hulle ervaar. En dan was daar nog boonop die wolk- en vuurkolom wat hulle gedurigdeur vertel het van God se teenwoordigheid. Stadigaan is

hulle gekondisioneer om God te leer ken.

En nou kom God en maak dit vir hulle duidelik dat hierdie God wat hulle so leer ken het, die enigste ware God is, en dat hulle géén ander God durf aanbid nie. Hulle het duidelik gesien waartoe Hy in staat is. Deur ‘n hele reeks wonderwerke moes hulle besef dat Hy die enigste is wat kan kwalifiseer as God.

Die tweede voorskrif (gebod) wat God gee, handel spesifiek oor beeldediens. Hierdie is ‘n drieledige verbod: Geen beeld mag gemaak, vereer of gedien word nie. En met beelde word

daar bedoel enigiets wat in die hemel is, op die aarde is of in die onderwêreld is. Daar is absoluut niks in die ganse skepping wat reg kan laat geskied aan die teenwoordigheid van God nie. Daardie dag by die berg het die Israeliete dit so intens ervaar, want daardie ondervinding is totaal onbeskryflik.

Die vraag is of ons dalk vandag weer dieselfde paadjie moet loop as ons voorouers, en alle beelde vernietig? Nee, ek dink nie dit is wat God bedoel het nie. Maar vandag moet ons dalk weer 'n slaggie kyk na die beelde wat ons vir onsself gemaak het - nie

beelde van klip en hout nie, maar beelde soos materialisme wat so ‘n geweldige groot rol speel in baie mense se lewens. Die luuksste motor; die duurste huis; die spoggerigste meubels - alles beelde van materialisme. ‘n Mens werk van vroeg tot laat - nie om te lewe nie, maar om skatte bymekaar te maak. Dan word geld vir jou een van daardie beelde waarvan Moses moes verneem.

Daar is baie ander moderne beelde ook. Dink maar byvoorbeeld aan magsbeheptheid, en nou praat ek nie eers van die politici met hulle

swart motors en blouligbegeleiding nie. Ek praat van doodgewone mense wat opgang in die lewe maak deur mag te gebruik en dikwels misbruik. Dit kan op alle vlakke van die samelewing gebeur. In die gesin kan Pa sy mag misbruik deur nie die **hoof** van die huis te wees nie maar eerder die **baas** wat hiet en gebied, en almal moet spring en dans na sy pype. In 'n werksituasie is die moontlikhede legio, en word werknemers dikwels geterroriseer deur 'n tiran-baas. Maar selfs in die kerksituasie kan magsbeheptheid sy kop uitsteek - 'n leraar wat die gemeente met 'n ysterhand

regeer sodat niemand durf waag om eie inisiatief te neem nie. Dieselfde kan dit ook gebeur met ander kerkleiers. Wanneer sulke dinge gebeur, dan het mag vir jou ‘n “gesnede beeld” geword. Ander “afgode” kan insluit dinge soos seks, drankmisbruik, pornografie, die internet, partytjies en nog baie meer. As jy ‘n obsessie het met sulke dinge, is dit onmoontlik om onverdeelde trou aan God te gee.

Dan sê die Here vir Moses iets wat vir ons in vandag se omstandighede half onverstaanbaar is - dat Hy die sondes van die vaders toereken aan die kinders, tot in die derde

en vierde geslag. Ons moet egter onthou dat in daardie tyd die gesinne almal saam gebly het - dikwels ‘n oupagrootjie, oupa, pa en seuns - dus vier geslagte in een tent. Indien die hoof van die huis (Oupagrootjie) nie vir God gedien het nie, was die kanse groot dat die ander lede van die gesin hom sou navolg en ook nie vir God dien nie. Vandag is dit nog steeds van kardinale belang dat die hoof (pa) van die huis God dien. Die impak wat hy het op die res van die gesin is verstommend.

Maar God se liefde is baie, baie groter as Sy oordeel. Net in die

volgende versie sê Hy dat Hy liefde sal bewys tot in die **duisendste** geslag van diégene wat Hom liefhet, en Sy gebooie (riglyne) gehoorsaam. Reken maar self uit: As ‘n geslag 20 jaar is, en die Here hierdie uitspraak 3600 jaar gelede gemaak het, trek ons nou maar by die 180ste geslag. Hoe oneindig groot is God se liefde tot in die duisendste geslag! Ons kan Hom maar net loof en dank en aanbid as die enigste Almagtige God wat die hemel en aarde geskep het, en ons oneindig liefhet.

**Gebed:**

**Dankie Here, dat ek U kan aanbid. Help my asseblief om totaal weg te bly van enige afgode in my lewe.**

# 30 Die Tien Gebooie (deel 2)

## Eksodus 20:7-11

Die derde gebod wat God aan Moses gee behels die gebruik of misbruik van God se Naam. Hier gaan dit véél dieper as net die misbruik van God se Naam in gekruide- of vloektaal. As ons dink aan God se Naam, dan word Sy hele wese en teenwoordigheid gereflekteer in Sy Naam. Gebruik jy God se Naam sonder om Sy heilige teenwoordigheid in ag te neem, dan mag jy dalk Sy Naam ydellik gebruik. Voordat 'n Mens God se Naam gebruik, moet jy eers Sy heilige teenwoordigheid ervaar, en dan moet jy Sy Naam

met die nodige gesag en eerbied gebruik. Dit is eers wanneer ons werklik besef Wie God is, dat ons Sy heilige Naam stamelend oor ons lippe mag neem.

Ek is nou al by verskeie geleenthede gevra wat die regte Naam van God is. Iemand het selfs al vir my gesê dat daar slegs één Naam is waarop Hy aangespreek mag word. Toe Moses die eerste keer vir God ontmoet het, daar by die brandende doringbos, het die Here Homself aan Moses voorgestel as "**JHWH**". Daar was geen vokale nie, maar ons dink dat dit uitgespreek sou word as

“**JAHWEH**”. Die ou Skrifgeleerdes was so bang dat hierdie Naam van God onnodig uitgespreek kon word, dat hulle in die geskrifte bokant die Naam die woord “Adonai” geskryf het, wat beteken: My Heer of My Here. Sommige Bybelvertalers het die vokale van Adonai by die Naam “JHWH” gevoeg en die woord “Jahovah” gekry. Terloops die Jahovah’s Getuies glo dat dit die enigste aanspreekvorm van God is. Blaai ons egter deur die Ou Testament, dan sien ons dat God op baie ander maniere aangespreek is: Adonai, El, Elohim, Elohe Hasjamajim, El-Eljon, El-Olam, El Sjaddai,

Jahweh-Jir'eh en Jahweh Seba'ot.

Die groot ding is, dat as ons respek en eerbied het vir God, dan sal ons ook respek en eerbied hê vir Sy heilige Naam.

Die vierde gebod handel oor die Sabbat - 'n saak waaroor daar al ellelange debatte gevoer is. Wat was die oorspronklike bedoeling met die Sabbat? Eerstens moet ons kyk na wat die Here in hierdie gebod sê: Dit is nie 'n negatiewe gebod (jy moenie of jy mag nie) nie, maar 'n positiewe gebod oor wat jy **MOET** doen. Hierdie puntjie het die Fariseërs van ouds totaal misgekyk, en die Sabbat

negatief gemaak met ‘n hele streep moenies. Eerstens MOET jy die dag heilig hou. Tweedens MOET jy hard werk deur die week. Derdens MOET jy die Sabbat as ‘n rusdag hou.

Wat was die hoogtepunt van die skepping - die mens? Nee! Die sewende dag was die hoogtepunt toe God gerus het, en die skepping het in der waarheid in God gerus. Alles is geskep om in Hom rus te vind. En juis daarom mag ons nie hierdie gebod afwater deur ‘n ellelange lys van moets en moenies daaraan te wil heg nie. Die Sabbatsgebod roep om die positiewe realisering van

God se bedoeling met die uitgebrande mens en die vernielde skepping.

In die tyd van Jesus se geboorte het die Fariseërs hoogty gevier, en op Godsdienstige vlak baie Jode se lewens beheer. Hulle het hierdie “riglyn vir die lewe” wat God vir Moses gegee het, gekaap en dit verander tot ‘n reuse meulsteen. Dit was veral die wet rondom die Sabbat wat hulle aangegryp het en dit totaal mismaak het. Hulle was so bang dat enigiemand dalk per ongeluk die Sabbatswet sou oortree, dat hulle nie minder nie as 39 ander wette geborduur het rondom

hierdie wet. Dit sluit lagwekkende wette soos byvoorbeeld dat ‘n vrou op die Sabbat nie in die spieël mag kyk nie, want dan mag sy dalk ‘n grys haar sien wat uitgepluk moet word, en dit sou neerkom op oes, wat natuurlik werk is.

Dit was gladnie God se bedoeling met die instel van die Sabbat nie. Dit was tweeledig: eerstens was die Sabbat daar om God te eer. En tweedens is die Sabbat daar om ‘n mens te laat rus van jou arbeid - sonder rus sal jy uitbrand.

Die vraag is nou of ons steeds vandag die Sabbat moet hou

soos wat dit in Moses se tyd ingestel is, en of ons die Sondag moet hou? Hieroor is ek al verskeie kere gekruisig, en ek wil dit asseblief nie in ‘n debat laat ontaard nie. Natuurlik is daar diegene wat glo dat die Sabbatswet presies net so moet nagekom word soos beskryf in Eksodus 20. As jy so glo, veroordeel ek jou nie in die minste nie. Ek sal ook nie sê dat jy verkeerd is of on-Bybels nie. Wat ek egter duidelik wil stel is dat ek persoonlik glo dat die Sondag gekom het in die plek van die Sabbat met Jesus se opstanding, wat terloops op die eerste dag (Sondag) gebeur het.

Ek glo dat ons as gelowiges die dag behoort te gedenk as die dag van opstanding.

Paulus het egter gesê dat sommige mense die een dag bo die ander ag, en ons moet hulle daarvoor respekteer. Hou jy die Sabbat, respekteer ek jou daarvoor, maar respekteer my ook daarvoor dat ek die Sondag hou en nie die Sabbat nie. Die vraag is egter: wat maak ek en jy met daardie Sabbat/Sondag? Eer ons nog werklik vir God met daardie dag?

**Gebed:**

**Here, dankie dat U vir ons as mens 'n rusdag gegee het. Help**

**my asseblief om my rusdag tot eer en verheerliking van U heilige Naam te gebruik.**

# 31 Die Tien Gebooie (deel 3)

## Eksodus 20:12-14

God het met Moses gepraat, en riglyne vir die lewe neergelê, sodat Sy volk kan weet hoe ‘n mens werklik behoort te lewe. Die meeste van die dinge wat daarin staan is eintlik vanselfsprekend, maar ‘n mens moet gedurig daaraan herinner word wat reg is en wat verkeerd. Die eerste vier riglyne het gegaan oor hoe om vir God te dien - iets wat hulle miskien gladnie geweet het nie. Nou kom Hy met die volgende ses riglyne, oor wat reg is om te doen teenoor jou medemens.

Die eerste een handel oor jou ouers - dat jy hulle moet eer. Hierdie gebod het die Israeliete eintlik as vanselfsprekend aanvaar. Dit is veral die vader in die huis wat met groot ontsag behandel is. Dit was ‘n patriargale stelsel, waar die pa die gesag gevoer het, en al die res moes maak soos hy sê. Maar nou kom die Here en sê dat dieselfde eerbied wat aan jou pa gegee word, moet ook aan jou ma gegee word. Maar daar kom ook iets anders by: nou moet jou ouers die eerbied kry, nie omdat hulle gesag afdwing nie, maar omdat dit ‘n bevel van God is.

Oor hierdie gebod kan ons baie lank praat, want daar is soveel daaroor te sê. In die eerste plek vra dit van kinders om die nodige eerbied te gee. Ongelukkig is baie van ons daaraan skuldig dat ons die "oumense" weggooi wanneer die ouderdom hulle vir ons 'n pyn begin maak - wanneer die brein nie meer so helder is nie en wanneer hulle 'n oorlas begin raak. Dan vergeet ons baie maklik van die jare toe hulle wysheid en lewenskennis ons verstom het.

Maar hierdie gebod plaas ook op die ouers 'n groot verantwoordelikheid - dat hulle so

moet optree dat hulle ge-eer kan word. As jou lewenswyse nie eerbaar is nie, is dit baie moeilik vir jou kinders om jou waarlik te kan eer.

‘n Tyd gelede het iemand my die vraag gevra, of ek steeds my vader moet eer, al behandel hy my ook soos vuilgoed? ‘n Vrou het vertel van haar moeder wat haar die hele tyd net afkraak en slegte dinge van haar sê - moet sy haar steeds eer? Daardie ma verdien nie om ‘n ma genoem te word nie! Maar sy moet steeds die nodige eer kry!

Die volgende vier gebooie is kort en bondig. Maar daar lê baie

daarin opgesluit. Die sesde gebod lui dat jy nie mag moord pleeg nie. Wat presies beteken dit? In die eerste plek is moord om opsetlik iemand anders dood te maak of sy dood te veroorsaak. Dit bring ‘n mens by die baie omstrede kwessie van aborsie. Om daardie ongebore fetus te verwyder (dood te maak) is presies dieselfde as om ‘n baba dood te maak of ‘n volwassene. Dit is niks anders nie as moord!

Maar dit gaan eintlik baie verder: Jesus het gesê dat as jy iemand haat, dan is dit so goed asof jy hom alreeds vermoor het! Jy kan in werklikheid iemand met jou

gedagtes vermoor! Deur dinge vir of van ‘n persoon te sê wat hom afkraak, is in werklikheid ‘n vorm van moord.

Die sewende gebod is een wat vandag net sowel gladnie bestaan nie, want dit is een wat gerieflikheidshalwe maar vergeet word: die gebod wat sê dat jy nie egbreuk mag pleeg nie. Enige persoon wat verantwoordelik is vir die verbrokkeling van ‘n huwelik, is besig om egbreuk te pleeg. As jy as ongetroude meisie ‘n verhouding aanknoop met ‘n getroude man, dan pleeg jy egbreuk, al is jy nie getroud nie! Ons moet onthou dat egbreuk nie

alleen ‘n sonde is teen jou huweliksmaat nie, maar dit is ook ‘n sonde teen God, want Hy verbied dit! Waar begin egbreuk? Jesus het vir Sy dissipels gesê dat as ‘n man na ‘n meisie kyk en haar begeer, dan het hy alreeds egbreuk gepleeg.

Kyk maar wat het met Dawid gebeur - hy het ledig op sy balkon gestaan en toevallig die vrou gesien wat besig was om te bad. Die begeerte het hom so opgevreet dat hy haar laat haal het. Dit lei tot ‘n verhouding en uiteindelik word haar man vermoor om Dawid se sonde te probeer toesmeer. Uiteindelik het

hierdie oomblik van begeerte baie wyer uitgekring en sy totale gesinslewe verwoes, en so ook die lewens van baie mense. Een enkele oomblik toe hy gekyk het waar hy nie moes kyk nie.......

Egbreuk is iets wat dikwels baie lewens verwoes. Dit is nie alleen die egpaar wie se huwelik verbrokkel nie, maar die eerste wat daaronder ly is die kinders. Dikwels is daar ‘n getoutrekkery oor die kinders wat onskuldig in die ding beland. Dit veroorsaak dat hulle waardes van ‘n huwelik verskraal, en dat hulle heel waarskynlik self later ‘n verbrokkelde huwelik gaan

beleef. Maar dit kring gewoonlik selfs baie wyer uit, en familie word geraak, en vriende.

As jy dus daardie begeerte in jou hart voel smeul soos Dawid van ouds - smoor dit in die kiem. Doen alles wat moontlik is om jou huwelik te maak werk - nie alleen ter wille van jou en jou huweliksmaat nie, maar ter wille van al die ander wat geraak word, en ter wille van God.

**Gebed:**

**Here, hou my asseblief onder alle omstandighede getrou aan my huweliksmaat.**

# 32 Die Tien Gebooie (deel 4) Eksodus 20:15-17

Jy mag nie steel nie. Kort en bondig! So lui die agtste gebod. Die vraag wat ek myself vanoggend moet vra, is wat diefstal dan nou eintlik is? Is dit slegs daardie inbreker wat in die nag kom en my eiendom kom wegdra? Moontlik was dit die enigste betekenis in Moses se tyd, maar in ons moderne samelewing kring dit baie, baie verder uit. Vergeet nou maar eers die ander mense wat gedurig ons eiendom bedreig. Kom ons kyk na ons eie lewe, en sien of ons

nie dalk iewers besig is om te steel nie. In ‘n werksituasie, as jy nie binne die bepaalde tyd wat vir jou uitgesit is om werk te doen, jou werk lewer nie, maar sit en speletjies speel op die rekenaar, dan is dit beslis diefstal van jou werknemer se tyd. Deur te kul met jou inkomstebelasting is diefstal. Om by die werk ‘n pen in jou sak te druk sonder toestemming, is diefstal. Sien, diefstal is om nie jou medemens se eiendom te respekteer nie - hoe minderwaardig dit okal mag wees. En diefstal is ook wanneer jy by ‘n straatverkoper ‘n CD koop terwyl jy wéét dat dit ‘n roof-CD is.

Daardie vyf woordjies: “Jy mag nie steel nie” se omvang vir ons vandag is baie groot. Ons moet onthou dat hierdie ‘n baie basiese riglyn is. Wanneer die Tien Gebooie later uitgebrei word met die liefdesgebod: Dat jy die Here sowel as jou naaste moet liefhê, dan begin die tien gebooie eers waarlik bene en spiere kry. As jy waarlik jou naaste liefhet, sal jy respek hê vir sy eiendom. En soos Jesus laat blyk het: Jou vyand is óók jou naaste!

Die negende gebod is ook een wat ‘n baie groter betekenis het as wat daar geskryf staan: “Jy mag nie vals getuienis teen ‘n

ander gee nie.” Soos wat ons dit hier lees, beteken dit bloot dat wanneer ek as getuie in ‘n hof geroep word, dat ek slegs die waarheid sal praat. Maar dit het baie wyer implikasies - dit geld nie net vir die regsproses nie, maar vir die hele lewe. Deur byvoorbeeld die waarheid so ‘n effentjies te verdraai, kan jy baie mense bitter seermaak. Om ‘n voorbeeld te noem: In die koerant Beeld verskyn die hoofopskrif nou onlangs: “**NG Kerk, Bank Plunder SA Glo.**” Dan handel die berig oor beweerde plundering van die land se staatskas in die apartheidsjare. In die berig word die naam van die NG Kerk nêrens

verder genoem nie, maar die kerk word verdag gemaak deur die opskrif. Met hierdie soort beriggewing kan bittere skade berokken word. Daar was nie direk 'n leun betrokke nie, maar die vraag is op so 'n manier gestel dat dit as "vals getuienis" beskou kan word.

Die tiende gebod sny baie dieper as die ander gebooie, want dit handel oor die innerlike wat ander mense nie kan sien nie - jou begeertes. Sien, die probleem is dat 'n mens se begeertes dikwels oorgaan tot die daad. Die lysie wat in hierdie gebod genoem word, reflekteer die sosiale en

ekonomiese omstandighede van 'n paar duisend jaar gelede. Vandag is dit natuurlik baie anders, maar die wese van die gebod bly presies dieselfde. Nee, ons begeer nie meer donkies en beeste en slawe nie, maar daar is ander dinge wat van jou hart 'n moordkuil kan maak.

'n Eenvoudige begeerte soos byvoorbeeld om ryk te wees, kan 'n hele kettingreaksie by 'n mens ontketen. Dit kan baie onskuldig begin deur jouself te dryf om baie hard te werk om die hoogste sport te bereik. Al jou tyd word aan jou werk bestee, en jou gesin word afgeskeep, en so ook jou

geesteslewe. Later word hierdie obsessie so groot dat jy nie omgee om op ander mense te trap nie, solank jy net kry wat jy wil hê. Hoe verder jy vorder, hoe intenser raak jou begeerte, en dit kan nooit werklik bevredig word nie. Jy is uiteindelik bereid om enigiets te doen vir geld - selfs mense bedrieg en steel.

‘n Baie algemene begeerte, is die een vir ‘n ander persoon. As man sien jy eers net haar aanloklike bates raak, maar dan begin dit groei in jou hart totdat daar ‘n onskuldige flirtasie begin, en later ‘n skelm verhouding wat uiteindelik lei tot die verbrokkeling

van jou huwelik, en bittere pyn vir baie mense.

Die vraag is: hoe beheer ek my begeertes? Deur genoeg plek in jou lewe te gee vir die Heilige Gees om jou lewe te beheer. Hoe nader ek aan God leef, hoe minder plek is daar in my lewe vir slegte begeertes.

Ons kan die Tien Gebooie opsom deur te sê dat hierdie 'n riglyn is vir ons verhouding met God en met ons medemens. Jesus het die Tien Gebooie vir ons lewend kom maak deur te verduidelik dat die diepste wese van die Tien Gebooie liefde is - liefde vir God en liefde vir jou naaste (Matt

22:37-40). In ons samelewing vandag is dit noodsaaklik dat ons hierdie liefde op ‘n praktiese en positiewe manier uitleef - nie as ‘n ry “moenies” nie, maar pro-aktief. As daar byvoorbeeld staan: “Jy mag nie steel nie” moet ons die positiewe doen deur eerder te gee waar daar nood is. Dit kan egter slegs gedoen word as ons ‘n persoonlike ontmoeting met Jesus gehad het, anders is dit sinneloos. En ons kan slegs hierdie liefde uitleef in die krag wat die Heilige Gees vir ons gee. In ons eie krag sal dit ‘n hopelose situasie wees.

**Gebed:**

**Here, help my asseblief om U liefde positief uit te leef in die wêreld.**

# 33 Die Altaar
# Eksodus 20:18-26

Al die dinge wat afgespeel het op die berg, het die Israeliete in angs en bewing gehad. Jy sal onthou van die verskriklike donderslae en die weerlig en daardie geluid van die ramshoring wat daar iewers uit die donker wolke kom. En boonop het die berg gerook asof daar ‘n vulkaniese uitbarsting was. Moses se bevel was dat hulle nie aan die berg durf raak nie. Dit was nie eers nodig vir hom om hulle te waarsku nie - instinktief het hulle van die berg af weggebly uit vrees. En dan kom die volk en smeek Moses dat

hy asseblief as tussenganger moet optree tussen hulle en God, want die blote teenwoordigheid van die Heilige God is net eenvoudig te veel vir hulle. “Moet tog nie dat God met ons praat nie, want dan sal ons sterf!” smeek hulle.

En dan verduidelik Moses dat hulle nie bang hoef te wees nie - al wat God wou doen, is om vir hulle te laat verstaan Wie Hy werklik is, en dat hulle groot ontsag vir Hom moes hê.

Ek het dit reeds in ‘n vorige dagstukkie gesê, maar ek dink nie ons kan dit genoeg vir mekaar sê nie: Hoe wonderlik is dit nie

om te mag leef in ‘n tyd waar ons vrye toegang het tot God. Ons het nie meer nodig om in vrees en bewing op ‘n afstand te staan wanneer God praat nie. Ons het nie meer nodig om ‘n tussenganger soos Moses te gebruik wanneer ons na God luister of met Hom wil praat nie. Moses was ‘n baie spesiale mens, maar hy was nog steeds maar net ‘n mens wat ook gesondig het. Vandag het ons die perfekte Tussenganger in Jesus. Omdat Hy self ook waarlik God is, kommunikeer ons nie meer deur iemand anders soos Moses nie, maar direk met God. En ons hoef nie te vrees dat ons sal dood

neerslaan wanneer ons dit doen nie.

Jesus het 2000 jaar gelede vir ons kom wys dat Hy liefde is en dat Hy omgee en dat selfs kindertjies met Hom kan gesels sonder enige vrees. Ons mag egter nooit óóit vergeet Wie Hy werklik is nie - dat Hy God Almagtig is - die Koning van alle konings. En ons moet steeds die nodige respek vir Hom hê, en Hom eer as Koning en Heerser en God.

Moses stap weer terug na die berg toe, en dan praat God weereens met hom. Hy verduidelik vir Moses dat Hy

hierdie asemrowende verskyning gedoen het sodat die volk verseker kan weet dat Hy die lewende God is, anders as die ander gode van Egipte. Hy het Persoonlik met hulle kom praat sodat hulle dit nie maar van hoorsê gekry het nie. En dan benadruk die Here dit vir Moses dat hierdie volk onder géén omstandighede vir hulle afgode mag maak nie - nie van silwer nie, en nie van goud of enigiets anders nie. Hy alleen is God en Hy alleen mag aanbid word.

En dan wonder 'n mens oor die moderne neiging onder sekere teoloë dat ander godsdienste ook

maar plek het - Bhuddiste en Hindoes en Moslems. Dit strook nie met wat die Here hier vir Moses sê nie.

Moses kry ook die opdrag om altaars te bou waarop offerandes gebring moet word. Oral waar hulle rond trek, moet daar ‘n altaar gebou word. Dan kom die voorskrif vir so ‘n altaar - die eerste van baie voorskrifte wat sou volg. Die altaar moet van grond wees (hulle het ‘n nomadiese bestaan gevoer en dikwels was daar slegs grond beskikbaar) of van ongekapte klip. En daar mag nie trappies wees op na die altaar nie, sodat

die persoon wat offer homself nie ontbloot nie. Dit klink vir ons snaaks, maar ons moet onthou dat die mans daardie jare nie broeke gedra het nie, maar ‘n kleed. Dit sou dus disrespekvol wees teenoor God om so met trappies op te klim na die altaar. Later, in Eksodus 28, sien ons dat daar ‘n voorskrif kom wat hierdie probleem oplos: die priesters moes broeke kry om aan te trek.

Baie jare later het die afstammelinge van hierdie einste Israeliete hulle Koning aan ‘n houtkruis vasgespyker. Die soldate het gedobbel oor Sy klere. En toe is Hy opgehys om

aan die wêreld vertoon te word - ontbloot. Nakend het Hy daar gehang vir almal om Hom te spot en Sy naaktheid te aanskou. Dieselfde Heilige God wat vir Moses beveel het dat trappies by ‘n altaar Hom sou onteer. En wat beveel het dat priesters broeke moet dra om hulle naaktheid te bedek. Hoe oneindig lief moes Hy nie wees vir die mens - vir jou en my nie, om toe te laat dat Hy so wreed behandel moes word. Was die sweepslae wat Sy rug stukkend geskeur het nie genoeg nie? Was die spot van die soldate en die uitmergelende pyn toe die doringkroon deur sy vel sny en Hom brand nie genoeg nie? En

was dit dan nie genoeg dat hulle die groot spykers deur Sy liggaam slaan en Hom aan ‘n houtkruis vasnael nie? Die brandende son op Sy naakte liggaam het die koors van inflammasie vererger. Maar die ergste was dat Hy daar tentoongestel moes word vir die wêreld om Hom te kon minag.

En dit het Hy alles deurgemaak vir my. En jou! Is ons ooit dankbaar genoeg? Gee ek Hom genoeg eer? Aanbid ek Hom met die nodige respek en eerbied? Het ek ‘n lewende verhouding met Hom?

**Gebed:**

**Here Jesus, ek sidder as ek terugdink aan wat U alles vir my moes deurmaak. Sal ek ooit genoeg dankbaarheid kan uitleef daarvoor?**

# 34 Die Goue Kalf
# Eksodus 32:1-35

Veertig dae van afsondering is iets wat gebeur met etlike mense in die Bybelse tyd wat baie naby aan God leef. Dit is gewoonlik ‘n tyd van voorbereiding vir ‘n baie groot taak. Ons weet ook dat Jesus veertig dae en nagte in die woestyn deurgebring het kort voor die laaste drie jaar van Sy bediening. En nou gebeur dit ook met Moses. God beveel hom om die berg uit te klim tot heel bo. Die volksleiers, wat ‘n entjie saam was, sien vir Moses verdwyn in die wolk wat die berg omhul. En dan wag hulle. ‘n Dag gaan verby

en Moses kom nie weer te voorskyn nie. Dit word twee dae, twee weke, en die volk begin onrustig raak. Leef Moses ooit nog?

Intussen is daar op die berg iets groot besig om te gebeur. Die Here praat met Moses, en Hy gee vir Moses talle voorskrifte wat die Tien Gebooie uiteensit. Hy verduidelik ook vir Moses in fyn detail hoe die plek van aanbidding moet lyk en hoe die klere moet lyk van die priesters wat daar gaan dien. Elke item word noukeurig beskryf. Om alles te beseël moet Moses vir die Here twee plat klippe bring.

Daarop skryf God met Sy eie vinger die getuienis neer. Hy gee aan Moses die klippe en stuur hom terug na die volk.

Intussen is daar baie onheilighede besig om uit te broei aan die voet van die berg. Daar het ‘n gefluister opgegaan onder die Israeliete: “Waar bly Moses so lank? Leef die ou man ooit nog? Waarom hoor ons niks van hom nie?” En dan dryf hulle vir Aäron in ‘n hoek: “Moses is weg - maak vir ons ‘n god!” dring die manne by hom aan. En die grondlegger van die priesterdom stem in: “Bring julle goue oorbelle!” beveel hy, en baie gou heers daar ‘n

feestelike stemming in die kamp van die Israeliete. Onder die kunstige hand van Moses se broer kry die beeld van ‘n bulkalf stadig vorm.

Dalk sou jy wil vra waar daar so baie goue oorbelle gekry is tussen ‘n klomp voormalige slawe? Die antwoord is eenvoudig: Voor hulle vertrek het die Israeliete goud en silwer en ander kosbaarhede van hulle Egiptiese bure ge-eis as geskenke.

Wanneer die bulkalf-beeld voltooi is rig Aäron dit op en bou hy ‘n altaar voor die beeld. “Môre vier ons fees vir die Here!” verkondig

Aäron. En wát ‘n fees was dit nie! Al van vroegdag af is daar offerandes gebring, en dan begin die groot fees. Hulle onthou nog baie goed van die vrugbaarheidsrituele en hoe hulle kon fees vier in Egipte, en hier het dit dus ook baie jolig gegaan. Wellus en losbandigheid is aan die orde van die dag. Alle inhibisies word totaal vergeet. Al wat nou saak maak is hulle eie begeertes.

Maar bo op die berg is Moses besig met God. Dan sê die Here vir Moses iets wat hom yskoud laat word: “Moses, klim van die berg af, want jou volk het iets

vreesliks gedoen!” Moses skrik hom asvaal - waar is Aäron dan? En dan sê die Here dat die volk Israel net eenvoudig nie wil saamwerk nie - hulle bly in opstand kom. “Ek wil hulle vernietig!” sê die Here, “Vir jou sal ek dan ‘n groot nasie maak.”

Alles lyk verlore. Is alles waardeur Abraham en Isak en Jakob is dan tot niet? Is dit die einde van Israel? Inderdaad is God almagtig. As Hy uit Abraham ‘n groot volk kon vorm binne slegs ‘n paar honderd jaar, kan Hy mos dieselfde met Moses doen. Maar Moses pleit by die Here vir die volk: “Asseblieftog, spaar hulle!”

En dan luister God na Moses se gebed. Hy besluit om die volk te spaar.

Dit wys net weereens vir ons hoe kragtig gebed is. Hy luister na Moses en Hy luister na my en jou. Hy verander selfs Sy oordeel op grond van Moses se gebed. Ja, die Here luister na my en jou, selfs wanneer ons bid vir iemand wat dit nie verdien nie.

Wanneer Moses die berg afstap met die twee plat klippe in sy arms, kan hy nie glo wat hy sien nie. Van ver af hoor hy al die lawaai, en as hy by die kamp kom, sien hy hoe die spul skaamteloos rondom die goue

kalf dans. Hy is rasend van woede, en dan gooi hy die twee klippe waarop God geskryf het dat hulle aan flarde spat. Die beeld word in die vuur gegooi en daarna fyn gemaal en in die drinkwater gegooi. Dan word die Israeliete gedwing om dit te drink. Aäron word voor stok gekry, maar hy pak die skuld op die volk: “Ek het maar net die goud in die vuur gegooi, en toe kom hierdie kalf daar uit....” is sy patetiese verduideliking.

En dan doen Moses iets amper onverstaanbaar: Hy klim op na die Here toe en gaan vra God se vergifnis namens die volk. “Vee

maar my naam uit die Boek van die Lewe ter wille van hulle," pleit Moses. Hy is bereid om sy eie lewe prys te gee vir hulle - die volk wat hom soveel hoofbrekens gee. Sal ek en jy bereid wees om so onselfsugtig op te tree soos Moses? Inderdaad het Jesus dit gedoen. Hy het Sy lewe opgeoffer aan die kruis sodat ek en jy die ewige lewe kan hê.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die voorbeeld van Moses. Leer my om ook so onselfsugtig te lewe.**

# 35 In Gesprek met God
# Eksodus 33

Die kinders is opgewonde: “Ons gaan Wildtuin toe!” sing hulle, terwyl hulle ‘n kussing geveg hou in die slaapkamer. Pietie slaan sy sussie ’n kishou dat jy net sien vere waai. Al die kampeergereedskap en tente en opvoutafels en stoele is klaar gepak, net reg vir die ry môre vroeg. Dan roep Pa die gesin byeen: “Ek het besluit,” sê hy gewigtig, “julle kan maar alleen gaan - ek gaan nie meer saam nie!”

“Maar Paaaa.....?” kerm Pietie. Sommer dadelik sien hy in sy

verbeelding hoe hy alleen al die tente moet opslaan. “Julle kinders het my nou gedaan met julle streke - julle kan sélf opsnork!” Ma se moed sak in haar skoene - sy sien dat Pa ernstig is, en sy weet sommer dat sy nooit al die verantwoordelikhede self kan dra nie.

Kan jy jouself so ‘n situasie voorstel? Pa het genoeg gehad van die kinders se nonsens, en nou moet hulle alleen gaan uitkamp in die wildtuin. Hulle sal natuurlik verlore wees! Maar dit is presies wat die Here vir Moses gesê het. Daardie weerbarstige volk kan nou maar alleen verder

trek na die Beloofde Land. Hy sal ‘n engel saam met hulle stuur om hulle vyande te verdelg, maar Hy sal nie verder saamgaan nie, want hulle is moedswillig.

Moses is platgeslaan: “Here, hoe gaan ek dit alleen uithou met hierdie klomp?” worstel hy met die Here.

“As Ek net ‘n oomblik saam met hulle trek, sal Ek hulle uitdelg!” sê die Here vir Moses, “Maar Ek sal later besluit wat ek met hulle sal doen.” Vir die volk is dit ‘n groot skok as hulle hoor dat God nie meer daar gaan wees nie. As ‘n teken van rou, haal hulle al hulle juwele af. Wat sal God se besluit

inhou? Wat sal Hy later met hulle doen? God vra gehoorsaamheid van Sy volk, maar daar is g’n teken van gehoorsaamheid by hulle nie.

As Moses terugdink oor die laaste paar maande se trek deur die woestyn, dan wonder hy waarom die Here dan nog so genadig is met hierdie klomp. As hy die Here was, het hy hulle lankal van die gesig van die aarde af weggevee. Al wat hulle kan doen is mor en kerm en kla, en as hy vir ‘n oomblik sy rug draai, dan gaan staan en bou hulle afgodsbeelde.

Dan neem Moses ‘n besluit: Hy gaan vir hom ‘n tent opslaan ver

buite die kamp van die Israeliete. Daar kan hy alleen met God gaan gesels, want hy wéét dat God steeds sy Vriend is, al is die volk so afvallig. Hy noem hierdie ontmoetingsplek met die Here “Die Tent van Ontmoeting.” Baie gou kom die volk agter dat Moses gereeld na hierdie geheimsinnige tent daar eenkant stap. En wanneer die gryse ou man daar instap, dan sien hulle ‘n eienaardige ding gebeur. Die wolkkolom, wat nog steeds saam met hulle is van die eerste dag dat hulle uit Egipte getrek het, daal neer op Moses se tent en gaan hang voor die ingang. “Dit is God wat Moses ontmoet.” fluister

hulle vir mekaar, en dan word hulle gevul met groot ontsag. Uit eerbied vir wat daar besig is om te gebeur, staan hulle op. Later word dit 'n ritueel - wanneer hulle vir Moses na die tent sien stap, staan die volk soos een man op, en wanneer die wolkkolom neerdaal, dan buig hulle in aanbidding. Het daar werklik iets met hulle gebeur? Het hulle berou oor die manier wat hulle vir Moses en God behandel het? Slegs die tyd sal leer.

Wanneer Moses die tent instap, voel hy die heilige teenwoordigheid van God. Die Here is nie meer vir hom 'n

Vreemdeling soos by daardie héél eerste ontmoeting nie. Moses het geleer dat hy waarlik sy hart kan oopmaak teenoor die Here, en hy gesels dan ook met die Allerhoogste soos met ‘n Vriend.

Daar was ‘n jong man in Israel wat nie voor die goue kalf gebuig het nie - ‘n man van integriteit, wat in totale verwondering aanskou het hoe Moses met die Here gesels. Joshua het mettertyd Moses se assistent geword, en saam met sy meester na die Tent van Ontmoeting gegaan, en in stilswye geluister na die gesprekke tussen Moses en God. Hierdie jong man sou dit

nog baie ver bring in die lewe, en Moses het kennis geneem.

“Here,” pleit Moses tydens een van hulle vele gesprekke, “moet ons asseblief nie hiervandaan laat wegtrek as U nie met die volk saamgaan nie”, smeek die desperate man, “dit is U wat ons anders maak as al die ander volke!”

“Ek ken jou op jou naam, Moses, en daarom sal Ek doen wat jy vra.” kom God se antwoord.

Hoe lyk my en jou verhouding met God? Sal die Here ook van my kan sê dat Hy my op my naam ken? Of het Hy al van my vergeet omdat ek so selde met Hom

gesels? En hoe lyk my gesprekke met God? Is dit maar net vinnige wenslysies, of is dit waarlik ‘n gesprek soos met ‘n intieme Vriend, waar jy jou hart oopmaak en sommer net gesels? Moses moes in die tent gaan gesels - vandag kan ek en jy enige plek en enige tyd, heeldag lank met Hom gesels. Is dit nie wonderlik nie!

**Gebed:**

**Here, my God, dankie dat ek met U kan gesels, en dat U my Vriend en Vertroueling is.**

# 36 Die Ark

# Eksodus 34-40

Versigtig draai Moses die doek van sy gesig af. Nou is hy alleen hier in die tent van ontmoeting, weg van al die nuuskierige gesigte af. Nee, hééltemal alleen is hy beslis nie - hy is baie deeglik bewus van God se teenwoordigheid hier saam met hom. "Here, ek is so opgewonde!" begin Moses met God gesels terwyl hy sy gesig ontbloot. Moses se gesig is skitterblink - half onmenslik. Dit is waarom hy deesdae met hierdie doek oor sy gesig moet loop sodat net sy twee oë uitsteek. Mense word

bang vir hom as hy kaalgesig rondloop.

Moses dink terug aan al die gebeure van die afgelope tyd. Hy moet homself knyp om séker te maak dat alles nie nog maar ‘n droom is nie, maar dan kom hy net weereens tot die besef van hoe werklik God is. God se Stem is nie maar net ‘n stem wat hy in sy verbeelding hoor nie - dit is so werklik as hy, Moses sélf.

Moses kyk na die plek waar die ark gaan staan wanneer dit klaar is. Hy kan nie meer wág dat Basaleël klaarkry met hierdie meesterstuk nie. “Here, dit gaan so mooi lyk!” jubel Moses terwyl

die ou grysaard ‘n paar wilde bokspringe gee. Hy kyk vinnig om net om séker te maak dat daar nie iemand in die tent se opening staan wat hom dalk kan sien nie. Dan gee hy weer so ‘n plesierige bokspring en klap sy hakke teenmekaar. “Waarom is U so goed vir my, Here?” wil hy weet, “Wat het ek ooit gedoen om dit te verdien?” Moses is séker dat hy die Here saggies kon hoor lag, maar dit is seker maar sy verbeelding.

Daar het so baie dinge gebeur die afgelope ruk. Hy, Moses was nogal ‘n baie besige man met al die reëlings. Alles het begin by

daardie verskriklike laagtepunt na die goue kalf, toe die Here vir hom gesê het dat Hy nie verder saam met die volk gaan trek nie. Hoe het hy nie gepleit by die Here om tog asseblief van plan te verander nie. En toe gebeur dit: Die Here luister na sy pleidooi. En toe weer die onbeskryflike hoogtepunt, toe die Almagtige God in al Sy glorie en majesteit aan hom, armsalige Moses verskyn. Ja, elke keer was die Here verberg in ‘n wolk of iets, maar hierdie slag...... Eers het Hy vir Moses opdrag gegee om weer ‘n slag die berg op te klim met twee gekapte plat klippe. Die

voriges is toe mos stukkend gegooi daar by die kalf.

Daardie dag moes hy stoksiel alleen die magtige berg opklim met sy klippe. En toe daal God na hom toe neer. Hoe wonderlik; hoe asemrowend; watter almag het hy nie daar ervaar nie. Nee, vir God het hy nie gesien nie - dit sou sy dood beteken. Maar hy het die almag van God beleef. “Ek is die Here,” het God se stem duidelik hoorbaar na hom gekom, “Ek is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon My liefde aan geslagte en geslagte.” Moses kry hoendervleis as hy terugdink aan

daardie wonderlike dag. "Dankie Here," prewel hy, "dankie vir U groot genade!"

Met 'n glimlag op sy gesig dink hy aan die lang gesprek met God daar op die berg. Tyd het verby gegaan, en Moses het dit nie eers agtergekom nie. Ure het dae geword, en dae weke. Moses het nie ge-eet of water gedrink nie - dit was nie nodig nie. Hy het net geluister na wat God alles vir hom sê. In sy kop het hy prentjies geteken van wat God aan hom voorgeskryf het. Hy het gepraat oor verskillende offerandes en wetsbepalinge en hoe die Sabbat onderhou moet word. God het

aan Moses verduidelik van ‘n heiligdom wat gebou moes word - ‘n tent van ontmoeting. Maar hierdie een sal anders wees as die enetjie wat Moses nou gebruik - hierdie tent sal ‘n sierraad wees vir die hele volk. En Hy het beduie van ‘n tabernakel en kandelare en ‘n altaar en waskomme. En die ark. Die hoogtepunt van dit alles is die verbondsark wat die volk altyd moet herinner aan die verbond wat God met die volk gesluit het. Noukeurig het God aan Moses beskryf hoe hierdie ark moes lyk. Van doringhout moes dit gemaak wees en dan oorgetrek met suiwer goud. Goue ringe om dit

mee te dra en ‘n deksel van suiwer goud, versier met twee goue gerubs. Daar was net een vakman onder die volk waaraan hy hierdie meesterstuk kon toevertrou - die meester-vakmak Basaleël. Maar Basaleël moet darem nou wikkel - Moses kan nie meer wag vir daardie ark om klaar te kom nie!

“Waar was jy so lank?” onthou Moses nog sy broer se bekommerde vraag toe hy die dag daar van die berg afkom met twee splinternuwe tablette waarop die Here die verbondsbepalinge geskryf het. “En jou gesig?” wou Aäron weet,

“Wat makeer jou gesig?” Veertig dae lank was hy daar bo saam met God. En toe hy afkom het sy gesig geskitter. Dit wou nie weggaan nie, en hy was maar verplig om ‘n doek om sy gesig te draai, anders wou niemand naby hom kom nie.

Moses kyk op na die hemel. “Here God, dankie!” prewel hy. Vandag is die laaste keer dat Hy hier in sy ou tent van ontmoeting met sy Vriend kan gesels. More is die eerste dag van die eerste maand - dan gaan die splinternuwe Tent van Ontmoeting ingewy word, met die nuwe tabernakel met sy goue rame en

silwer voetstukke. En die asemrowende ark. As Basaleël nou net wil klaarkry! “Basaleël!!!!!!!”

**Gebed:**

**Here, Ek moet elke dag besef dat U die Almagtige God is, maar U is ook my Vriend net soos vir Moses van ouds. Dankie dat U vir my so ‘n wonderlike genadige, liefdevolle Vriend is.**

# 37 Ons Soek Vleis!

## Numeri 1, 9 en 11:4-23

‘n Volle jaar het soos ‘n oogwink verby gevlieg sedert Moses daardie heuglike dag die volk Israel met groot gejuig uit Egipte uitgelei het. Die volk kry opdrag om gereed te maak vir Paasfees. Moses laat sy gedagtes terugdwaal oor die afgelope jaar. Watter asemrowende dinge het daar nie al in hierdie jaar gebeur nie. Dit voel soos gister wat hulle triomfantlik uit Egipte gestap het. Hy glimlag as hy terugdink hoe die Here hulle deur die Rietsee laat gaan het, en hoe hulle agtervolgers deur die watermassa

verswelg is. Met groot ontsag dink hy aan die gebeure daar by die berg, en dan vervies hy hom opnuut vir sy broer, Aäron, wat saamgespeel het om die verfoeilike goue kalf te maak.

Intussen het hy maande lank gewerk om die wetboek saam te stel met al die verskillende voorskrifte soos God dit vir hom gegee het - voorskrifte vir die priesters en oor reinheid en oor offerandes en hoe om op te tree teenoor iemand wat die een of ander velsiekte het. Daar is voorskrifte oor seksuele verhoudings en feeste en

weereens offerandes en nóg offerandes.

En toe kom die bevel van God dat hy ‘n sensus moet hou om al die weerbare manne in afdelings in te deel. Moses was stomgeslaan toe hy hoor hoeveel manne daar is wat geskik is vir militêre diens - meer as 600’000 manne. Dit sluit nie die manne uit die stam van Levi in nie - hulle word vrygestel van militêre diens, want hulle moet diens doen as priesters.

“Dankie Here,” sug Moses, “U het ons so ver gebring. Dankie dat U steeds elke dag saam met ons is - dat ek U kan sien in die wolk wat elke dag die Tent van

Ontmoeting omgewe, en die vuurkolom wat elke nag die kamp van Israel verlig.

Paasfees het gekom - ‘n heuglike dag - en Paasfees het gegaan. Die Israeliete het kamp afgebreek en verder getrek tot waar God hulle gewys het waar om te stop. “Wonderlik,” dink Moses, “hoe die Here elke keer wanneer ons moet trek, die wolkkolom van die tent af laat lig. En daar waar Hy wil hê dat ons moet uitspan, daar het Hy die wolk laat sak.”

“Ek kan dit nou nie meer vat nie!” hoor Moses een mooi oggend iemand kerm. Hy spits sy ore om te hoor waaroor die kabaal gaan.

“Ek wurg nou al aan hierdie manna” hoor hy ‘n tweede persoon kla. “Ja,” mor ‘n derde kêrel, “In Egipte het ons minstens darem vleis gekry om te eet, en vis in oorvloed.”

“Oeeee - komkommers en waatlemoene, preie, uie en knoffel - ek sal my voortande gee vir heerlike kraakvars groente.” droom nog een. “En wat kry ons? Manna, manna en nogmaals manna. Dit peul al by my ore uit! Ek kan dit nie meer vat nie!”

Dit neem nie lank nie, voordat die volksleiers vir Moses kom spreek. “Die mense is bitter ongelukkig”,

kla hulle. “As ons tog net vleis gehad het.......” kla die manne.

Moses is bitter omgekrap. Die afgelope jaar nou al kan hierdie mense niks anders doen as kerm en kla nie. Hulle is met niks tevrede nie. “En hierdie spul kermkouse is almal my verantwoordelikheid!” sug Moses. “Here,” hef hy sy stem hemelwaarts, “waarom behandel U my so sleg? Waarom moet ek al hierdie verantwoordelikheid alleen dra?” Moses se moed is totaal gebreek: “Here, ek was tog nie swanger nie? Ek het tog nie hierdie volk in die wêreld gebring nie?” kerm hy voort, “Ek is tog nie

hulle moeder nie?" Moses se hart is stukkend oor die volk: "Here, nou kerm hulle alweer oor vleis 'Gee vir ons vleis om te eet!' het hulle vir my gesê. Waar moet ek vleis vandaan kry Here?"

Moses sug swaar - die lewe druk verskriklik op sy arme twee skouertjies: "Here, ek sien nie meer kans vir hierdie volk nie. As U wil, kan U my maar liewer om die lewe bring, want ek kan dit rêrag nou nie meer vat nie." En dan sug Moses weer hartverskeurend swaar.

Maar dan antwoord die Here vir Moses: "Bring vir my sewentig van Israel se goeie leiers." kry

Moses ‘n opdrag, “Ek sal die Gees wat op jou is ook op hulle laat kom sodat hulle saam met jou die verantwoordelikheid kan dra.” Moses wil opspring en die manne loop haal, maar die Here is nog nie klaar nie: “En gaan sê vir die volk dat hulle hulleself moet reinig, want môreoggend gaan hulle vleis eet. Hulle gaan vir dertig dae lank elke dag vleis kry totdat hulle siek word daarvan en dit hulle walg!”

“Here, waarvandaan gaan al die skape en beeste moet kom om so ‘n groot klomp mense vir ‘n maand lank kos te gee?” kla Moses ongelowig, “As al die vis in

die see gevang word, sal daar nie eers genoeg wees vir hierdie volk nie......"

"Moses, dink jy miskien Ek het nie die mag nie? Maar toemaar - kyk maar self...."

Tóg snaaks hoe gou 'n mens vergeet van die wonderlike dinge wat die Here vir jou doen. Sodra dit 'n bietjie swaar gaan, dan kerm en kla jy. Selfs die gelowige Moses het aan die kerm gegaan. Kom ons vertrou die Here - Hy is immers almagtig!

**Gebed:**

**Here, ek wil U loof vir al U wonderdade. Behoed my**

**asseblief daarvan dat ek nie ook moedeloos raak soos Moses nie.**

# 38 Delegeer jou Pligte

## Eksodus 11:24-35

Dit is nie maklik om 'n Christenleier te wees nie. Kritiek teen jou is dikwels amper ondraaglik, veral as jy die regte ding doen. Moses het dit so ervaar. Alles wat met die Israeliete gebeur is kwansuis sy skuld, en hy moet spring om dit reg te stel. Dit is daarom dat Moses moedeloos voor die Here sy hart uitstort. "Laat my liewer sterf!" snik hy dit wanhopig uit. As dit met so 'n kolos van 'n gelowige kan gebeur, dan kan dit met jou en my ook gebeur. So, as jy dalk in die spervuur beland van

bittere kritiek - moenie eensaam voel nie - jy bevind jouself saam met ‘n skare van gelowiges wat dieselfde deurmaak.

Daar is egter ‘n ander baie moeilike ding wat baie Christenleiers ondervind: ‘n werkslas wat swaarder is as wat jy kan dra. As dit begin gebeur, dan moet jy plan maak. Ek was sélf al dikwels in daardie posisie, en dan moet ’n man wéét waar om te begin krane toedraai en van jou werk vir ander gee. Ek is baie geseënd met ’n wederhelf wat die gevaartekens raaksien en my waarsku. Natuurlik luister ek nooit na haar nie, totdat dit byna

te laat is! My probleem is dat ek liewer alles self doen sodat ek weet dat dit reg is. Die feit is egter dat daar dikwels ander mense is wat graag betrokke wil raak, en wat uiteindelik die taak beter as ek self kan hanteer.

Toe Moses op die punt was om uit te brand, het die Here ingegryp en Moses beveel om sewentig goeie leiers te kry wat baie van sy take kan oorneem en so sy werkslas verlig. Die manne is ontbied na die tent van Samekoms, en daar het die Gees van God op hulle gekom om hulle toe te rus vir hierdie groot taak wat op hulle skouers sou rus.

Twee van die manne was egter nie teenwoordig daar by die tent toe dit gebeur het nie. Nogtans het God se Gees ook op hulle gekom waar hulle elders besig was. Dit wys net weereens dat ons God nie kan vasvang op een bepaalde plek nie. Hy is alomteenwoordig.

Die vraag is: Waarom moes hierdie leiers dan nou eers met God se Gees vervul word voordat hulle hulle taak kon uitrig? Die antwoord is dood eenvoudig: Sonder die Heilige Gees in jou, is jou werk vir God ‘n blote gejaag na wind. As ons deur die Ou Testament gaan blaai, dan sien

ons dat al die groot leiers die Heilige Gees ontvang het. Dink maar aan Dawid, Simson, Elia, Elisa, Samuel en Otniël, om maar net ‘n paar name te noem van groot leiers wat onder die leiding van die Heilige Gees regeer het. Al hierdie leiers - ook Moses en sy sewentig manne - het per geleentheid as profete opgetree. Nou moet ons eers verstaan wat bedoel word met “profeteer”. Dit is nie noodwendig om die toekoms te voorspel soos wat Jesaja gedoen het nie, maar om die wil van God te verkondig. Dit is presies wat die leraar elke Sondag van die kansel af doen.

En dit is wat elke gelowige deur sy lewe behoort te doen.

Maar nou was daar die kwessie van die vleis waaroor ons in gister se oordenking berig het. Die Here het vir Moses opdrag gegee om die volk mee te deel dat hulle vleis gaan kry totdat dit by hulle ore uitloop.

Daardie selfde nag nog begin daar ‘n wind opsteek van die see se kant af. Toe die Israeliete die volgende oggend opstaan, is dit nie alleen die manna wat hulle sien lê nie, maar daar kom kwartels ingevlieg. “Vleis!” skree hulle opgewonde, en hulle begin kwartels vang. Maar die kwartels

raak al meer en meer. Swart wolke van kwartels vlieg oor hulle en kom land reg in Israel se kamp. Die manne raak skoon beserk en vang net kwartels. Maar hoe meer hulle vang, hoe meer kom steeds ingevlieg, totdat daar vir kilometers rondom die kamp kwartels gelê het, ‘n meter diep.

In Numeri 11:32 word daar berig dat elke Israeliet omtrent ‘n ton vleis bymekaargemaak het. Die kwartels is geslag en dan gedroog in die son. Die vraag is: wat maak jy met ‘n ton vleis? Die Israeliete het net een ding in hulle koppe gehad, en dit is om te eet

en eet totdat hulle nie meer kon nie. En toe tref die ongeluk hulle: omdat hulle vrate van hulleself gemaak het, het hulle siek geword van al die kwartelvleis. Talle mense is daar dood as gevolg van vraatsug.

Wat doen ons as ons by ‘n onthaal kom en daar is kos en drank in oorvloed? En alles is verniet! Ek het al dikwels moes aanskou hoe ‘n doodgewone mens skielik in ‘n vraat verander en homself net eenvoudig volstop met die mees eksotiese kos op die onthaal. En om die kroon daarop te plaas, verorber hy

drankie op drankie, totdat hy totaal onkapabel is.

Gulsigheid lei gewoonlik tot mense se ondergang, en ja, dit geld ongelukkig ook vir gelowiges. Ons is dikwels ontevrede met dit wat ons van God ontvang, en dan, wanneer daar die dag ‘n oorvloed is, dan maak jy ‘n vraat van jouself. Ons vergeet so maklik dat God vir ons sorg, ook in die omstandighede waarin ons is. Oor die afgelope jaar het ek dit baie goed ondervind. Toe ons in ‘n finansiële krisis beland, het ons die versorgende hand van God so intens begin ervaar. Elke keer as

dit lyk asof ons paadjie doodloop, gaan daar net weereens ‘n deur oop, en God voorsien.

**Gebed:**

**Here, ek kan U nooit genoeg bedank vir al U weldade aan my nie - dat U maar net bly voorsien in my behoeftes.**

# 39 Land van Melk en Heuning

## Numeri 13:1-33

Uiteindelik! Die Beloofde Land! Na ‘n baie lang trek deur die woestyn met hierdie opstandige volk, is Moses nou oorstelp van vreugde om die land te sien wat die Here hom en die volk beloof het. Hy gee ‘n paar huppelspronge, en dan vra hy: “Here, wat nou?” Vir hom het dit gevoel soos ‘n hond wat ‘n kar jaag - maar wat maak hy as hy die kar vang?

“Moses,” antwoord die Here hom, “Stuur ‘n span om die land te gaan verken. Vat ‘n verteenwoordiger uit elkeen van

die twaalf stamme.” Moses het gedink en gedink. Die Here vra van hom om ‘n plan van aksie op te stel om hierdie land in te neem. Die eerste stap is om hulle te vergewis van wat hulle in die land te wagte kan wees. Hoeveel teenstand gaan hulle kry van die volke? Is hulle leër van 600’000 man genoeg om die stede baas te raak? En dan moet hulle darem weet of dit alles die moeite werd is - of die land vrugbaar is en of hulle ‘n goeie bestaan daar sal kan maak. Hulle wil darem mos nie net blindelings in ‘n ding inloop en dan onverhoeds gevang word nie. Hulle moet voorbereid die land in besit gaan neem.

Moses het baie goed besef dat die Here by hulle is, en dat Hy vir hulle die oorwinning sal gee, soos wat Hy nog die hele tyd doen. Nogtans moet hy voorbereid wees. Op dieselfde wyse moet ek en jy as gelowige vandag ook toekomsbeplanning doen en onsself voorberei vir dit wat op ons kan wag, al weet ons dat die Here met ons is. Ons kan nie sommer blindelings die toekoms instap en sê: “Die Here sal voorsien!” nie. As ek weet dat ek ‘n maraton gaan hardloop, gaan ek immers beplan en oefen en voorberei daarvoor.

En so stel Moses dan ‘n span spioene saam om te gaan kyk hoe hierdie land lyk. Hulle kry ‘n spesifieke opdrag oor waarna hulle moet oplet. Hoe lyk die mense - sterk of swak? En is daar min of baie? Hoe lyk die land - goed of sleg? Hoe lyk die stede - oop of beskerm? Hoe lyk die grond - vrugbaar of arm? “En bring vrugte saam asseblief!” Voeg Moses by. Hy het darem al lankal lus vir ‘n heerlike sappige trossie druiwe.

En so is die twaalf spioene die land in. Vir veertig dae lank verken hulle die land Kanaän van hoek tot kant om vir Moses al sy

antwoorde te kry. Dit was ‘n goeie tyd om die land te verken, want die eerste vrugte het net mooi begin ryp word. Al die heerlike vrugte wat hulle die afgelope jaar of twee nooit gesien het daar in die woestyn nie, sien hulle nou in hierdie vrugbare land, en hulle monde kwyl. “Dis ‘n mooi land” stem hulle almal saam. Op pad terug, langs die Eskolspruit, merk een van die manne ‘n ding wat sy mond wawyd laat oophang: ‘n wingerd vol druiwe. Maar wat vir hom totaal ongelooflik lyk, is die grootte van die trosse. Versigtig sluip hulle die wingerd binne toe niemand naby is nie, en sny een enkele tros af. Dit is so swaar dat

twee manne aan hierdie enkele tros druiwe moet dra.

Veertig dae nadat die twaalftal vertrek het, kom hulle die kamp van Israel ingestap onder groot gejuig van almal. “Hoe lyk dit?” wil almal weet, en dan sien hulle die tros druiwe, en hulle monde hang onbeskaamd oop. “Is dit die soort van vrugte wat die land oplewer?” Almal is opgewonde, maar nou moet die twaalftal eers gaan verslag lewer by Moses.

Moses roep al die volksleiers bymekaar. Vandag vat dit nie lank vir die klomp om te kom nie, want almal is nuuskierig om te hoor van die nuwe land. Wanneer

almal sit, begin die manne verslag lewer, en die manne se monde water eintlik as hulle vertel van al die vrugte. “Dit loop oor van melk en heuning!” stem die spioene almal saam. Die reuse tros druiwe en die bloedrooi granate wat hulle saamgebring het bevestig alles. “Dis ’n goeie land” sê die jong Josua. “Maar,” sê een kêrel versigtig, “die mense wat in die land woon is sterk!” En dan vertel hy van die stede wat hy gesien het, en hoe verskriklik die stede ommuur is. Niemand kan daar in nie. En hulle gaan nie net met een volk te doene kry nie, daar is Kanaäniete en Jebusiete en Amoriete en Hetiete - almal

gedugte teenstanders. “Ons kan hulle nooit oorwin nie - nie met ons powere weermag nie!” kerm hy.

Daar gaan ‘n gemor deur die leiers, maar dan staan Kaleb op: “Manne, ons kán dit doen. Ons kán daardie land oorwin. Ons moet beslis die land inval!” Sy vriend Josua stem saam. “Maar die mense daar is reuse!” kerm een kort Joodjie, “Ek het hulle met my eie oë gesien!” “Ja,” beaam sy maat, “ons was soos sprinkane teenoor hulle.” ‘n Derde kêrel reken dat daardie inwoners van die land die lewe vir Israel baie moeilik gaan maak.

Moses het al die inligting wat hy nodig gehad het. Hoe gaan hy dit verwerk? Hoe gaan hy besluit? Hulle het nou reeds so ver gekom - hulle kan mos nie omdraai en terug gaan Egipte toe nie? Die Egiptenare sal hulle net eenvoudig uitlag!

**Gebed:**

**Here, so dikwels sien ek net die reuse raak, en vergeet dat U baie groter as hulle almal is. Ek bid dat U my die visie sal gee om verby hulle te kyk en U raak te sien.**

# 40 Water uit die Rots

## Numeri 20:1-13

Moses luister na die gekerm van die volk daar buite, en waar hy dan in die koelte van sy tent in die Sinwoestyn sit, druk hy sy ore toe om die geweeklaag te probeer uitsluit. “Water, ons soek water!” skree hulle, “Ons soek dit nou!”

“Ons kon nou in die land van melk en heuning gewees het,” sug Moses, “’n land waar water gladnie ‘n probleem is nie.” En dan dink hy terug aan die gebeure die afgelope ruk - van die verspieders wat die land Kanaän gaan verken het, en die heerlike vrugte wat hulle daar

gekry het. Josua en Kaleb was baie positief dat hulle die land kan inneem - God is mos aan hulle kant. Maar die ander klomp was bang, en toe sweep hulle die hele volk op om te sê dat dit onmoontlik is. “As ons maar in Egipte gesterf het, of in die woestyn!” het hulle gemor. ‘n Klomp het selfs beplan om ‘n nuwe leier te kies en dan terug te gaan Egipte toe.

Ja, daardie volksvergadering wat toe gevolg het, sal Moses nooit vergeet nie. Josua het hard probeer om die manne te oortuig dat dit ‘n buitengewoon goeie land is - hulle het immers die

druiwetros gesien wat hulle saamgebring het! En oor die vyande - “Ons sal hulle maklik verslaan!” het Josua gesê. En wat was die reaksie van die vergadering? Hulle het klippe opgetel om Moses en Aäron dood te gooi!

Op daardie oomblik skrik die volk hulle asvaal toe die magtige teenwoordigheid van God sigbaar word by die Tent van Ontmoeting waar hulle bymekaar was. “Hoe lank sal hierdie volk My almag bly onderskat?” het die Here gevra, “Hoe lank sal hulle bly weier om My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle

gedoen het?" En terwyl die Israeliete bibber van angs, sê die Here vir Moses: "Ek gaan hulle tref met die pes en hulle uitroei, en dan sal ek jou 'n volk maak, groter as hulle!"

Vir die soveelste keer moet die arme Moses weer pleit by die Here vir hierdie volk, dat Hy hulle asseblieftog nie moet uitdelg nie. "Here, U het tog sélf gesê: 'Ek, die Here is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding'" En dan sug Moses: "Vergewe dan tog die sonde van hierdie volk in U groot liefde."

God het vir Moses geantwoord: “Ek vergewe hulle soos jy gevra het.” Maar dan voeg Hy by dat nie een van hierdie manne wat Hom so bly tart het, die beloofde land sal sien nie. Hulle lyke sal verstrooi lê in die woestyn. Die enigste manne wat die woestyn gaan oorleef is Josua en Kaleb - die twee wat bly vasklou het aan God se beloftes.

Toe die volk hoor wat God se oordeel oor hulle was, het hulle begin trek na die bergland. Al die pad het hulle gekerm en gehuil: “Ons was verkeerd” het hulle gesanik, “Ons wil nou optrek na die land wat die Here beloof het!”

Hulle het egter vir Moses en die verbondsark net daar laat agterbly in die kamp. In die bergland het die Amalakiete en Kanaäniete die klomp uitmekaar gejaag, en hulle moes maar weer druipstert terugkom.

“Ja,” dink Moses met ‘n glimlag op sy gesig, “Moenie vir God tart nie!” Soos die slag toe Korag, Datan en Abiram teen Moses in opstand gekom het. Hulle het ‘n klomp manne saam met hulle teen Moses opgesweep. En wat was hulle einde? Terwyl die hele volk toekyk, het die aarde onder die drie manne se tente oopgeskeur, en hulle, saam met

hulle gesinne en al hulle besittings is deur die aarde ingesluk. Die Israeliete het al skreeuend in alle rigtings uitmekaar gehardloop uit vrees dat dieselfde lot hulle sou tref.

En nou, waar hy in sy tent sit by Kades, hoor hy alweer die volk kerm. Hy kan dit nie meer vat nie! “Waarom het julle ons na hierdie ellendige plek toe gebring?” hoor hy die volk skree, “Hierdie plek deug vir niks - g’n granate of vye of enigiets nie - en hier is nie eers water nie!” skree hulle. Ja, dis mos alwéér Moses en Aäron se skuld as iets skeefloop. Hulle het alweer lankal vergeet dat dit húlle

was wat verkies het om nie die beloofde land in te gaan nie!

Moses staan op en roep sy broer Aäron: “Kom, ons gaan met die Here gesels.” sê hy. Hulle stap na die Tent van Ontmoeting. “Vat Aäron se kierie, en gaan praat met die rots.” gee die Here vir Moses opdrag. Met ‘n glimlag tel Moses die kierie op - dieselfde amandelhout kierie wat ‘n tydjie gelede gebot het en selfs amandels gedra het. Wat ‘n asemrowende wonder!

Moses roep die volk bymekaar. Hy is nou siek en sat van al hulle gesanik. “Moet ek en my broer vir julle water uit die rots laat kom?”

skree Moses woedend, en daarmee slaan hy met die kierie teen die rots. Op daardie oomblik spuit die water uit die rots - heerlike, vars, yskoue lawende water in die middel van die woestyn.

Toe alles weer rustig is, kom praat die Here met Moses. “Ek is teleurgestel in jou, Moses.” sê die Here vir hom. Hierdie wonderwerk was veronderstel om God se almag aan die volk te bevestig. En wat doen Moses? Hy maak asof dit hy, Moses is wat die wonderwerk laat gebeur, en hy gee nie die eer aan God nie. Ja, Moses het van beter geweet,

maar sy woede vir die kermende volk het die oorhand oor hom gekry. “Moses, nie jy of Aäron sal die volk in die beloofde land inlei nie.”

**Gebed:**

**Here, so dikwels wil ek die eer vir myself vat. Vergewe my asseblief, want alle eer kom U alleen toe.**

# 41 Bileam se Donkie

## Numeri 22:1-35

In die verre land Assirië lees Bileam die dokument wat boodskappers uit Moab aangebring het: "'n Volk wat uit Egipte kom het hier by my kom intrek," lees Bileam. Hy kyk die manne deur wat hierdie nota gebring het, en hy glimlag - "Hier is werk vir die berugte Bileam!" lag hy in sy binneste. Hy lees verder: "Die aarde is toe onder hulle. Kom asseblief en vervloek hierdie volk vir my!"

Bileam lees so tussen die lyne deur dat Balak, die koning van Moab in baie groot nood is.

“Vertel my van hierdie volk,” vra hy vir die boodskappers. Grootoog vertel hulle dat daardie volk soos ‘n swerm sprinkane is wat die hele land opvreet. “En hulle het nie eers ‘n koning nie!” hyg een van die manne. “Ja, hulle het net ‘n leier, maar daai ou staan met sy een voet in die graf - seker al 130 jaar oud!”

“En nou wil julle koning hê dat ek hulle moet kom vervloek?” Bileam het al die berigte gehoor van hierdie volk - die Israeliete met hulle groot leier Moses. Die ongelooflike stories wat sy ore bereik het laat hom lag. Hy is seker daarvan dat daar maar baie

bygeloof gegaan het saam met daardie stories, want hoe is dit dan nou moontlik vir ‘n hele groot volk om droogvoets deur die see te trek? Nee wat, dis sommer stories! Maar aan die ander kant - waar daar ‘n rokie trek moet daar seker ook maar iewers ‘n vuurtjie brand. Foeitog, die arme Balak moet baie desperaat wees om hom wat Bileam is so ver te laat reis net om ‘n vloek te kom uitspreek. Dan moet daar dalk waarheid in die stories steek! Maar die betaling is baie goed, dus kan hy nie juis nee sê vir hierdie aanbod nie. Die gesante vertel vir Bileam, die beroemde waarsêer, hoe hierdie Israeliete

die magtige Kanaäniete verslaan het. Hulle trek deur die land soos ‘n swerm treksprinkane op pad na nêrens. Hulle het ook nog vir Sihon en Og verslaan, en nou bedreig hulle die Moabiete. En koning Balak is baie bang.

Daardie nag skrik Bileam wakker as hy baie duidelik ‘n stem met hom hoor praat: “Wie is die manne hier by jou?” “Dis...dis Koning Balak van Moab se boodskappers....” stotter hy dit uit. Dadelik besef Bileam dat hierdie bonatuurlike stem aan niemand anders as die God van Israel behoort nie. “Moenie met hulle saamgaan nie!” beveel God hom,

“Jy mag nie die volk vervloek nie, want hulle is geseën!”

Die volgende oggend is die gesante baie verbaas as ‘n natgeswete Bileam hulle meedeel dat hy nie meer saam met hulle gaan nie. “Die God van Israel het my belet!” is al wat hulle uit hom kry.

Later kom ‘n tweede afvaardiging van Balak by Bileam aan. “Selfs al gee Balak vir my sy paleis vol silwer, sal ek steeds nie saamgaan nie!” steek hy viervoet vas. Maar daardie nag praat God weereens met hierdie heidense waarseêr: “Gaan saam met hulle,

maar jy mag net sê wat Ek jou beveel." beveel God.

Die volgende oggend saal Bileam sy donkie op. "Ek het van plan verander." sê hy vir die verbaasde amptenare. Hy het nou God se toestemming om te gaan. Hy glimlag: "Hier wag groot rykdom op my!" dink hy. Hy het wel God se toestemming, maar sy motiewe is baie duister.

En dan gebeur die eienaardige ding: Skielik steek sy donkie viervoet vas, en hy weier om 'n tree verder te loop. Hy loop 'n wye draai deur die veld, maar op hierdie pad loop hy nie 'n tree verder nie! Bileam gryp sy

karwats en slaan die donkie, totdat hy naderhand onder luide protes begin aanstap. In ‘n nou steeg tussen die wingerde is dit weer sulke tyd, en hierdie slag is daar nie eers uitdraaiplek nie. Bileam krul van die pyn as die donkie sy voet teen ‘n muur vasdruk. Met groot moeite en ‘n hewige drag slae kry Bileam weer die steeks donkie aan die loop. En dan gebeur dit ‘n derde keer, en hierdie slag gaan lê die donkie plat op sy maag onder Bileam. Die man is woedend en hy gryp ‘n stok en begin die stomme dier te slaan.

“Wat het ek jou aangedoen dat jy my slaan?” kerm die donkie. “Jy hou my vir die gek!” antwoord Bileam, “as ek ‘n swaard gehad het, was jy nou dood!” “Maar ek is dan jou getroue ou donkie waarop jy altyd ry.” Skielik besef Bileam wat besig is om te gebeur. “Maar dis onmoontlik!” wil hy skree, “Donkies praat nie! Is ek besig om gek te word?”

En dan gaan Bileam se oë oop en hy sien die Engel van die Here voor hom staan. “Die donkie het jou lewe gered,” sê die Engel, “As hy nie gestop het nie, dan was jy dood.” Weereens kry Bileam opdrag om aan te gaan, maar

dan moet hy God se opdrag haarfyn uitvoer. Hierdie slag is Bileam gehoorsaam, en wanneer hy die vloek oor Israel moet uitspreek, spreek hy in die plek daarvan ‘n seën uit oor die volk, tot groot ontsteltenis van Balak.

Hierdie eienaardige verhaal vertel vir ons dat die Here almagtig is - dat Hy selfs ‘n heidense waarsêer gebruik vir Sy heilige doel. Op dieselfde wyse het Hy die Farao gebruik om Israel te laat trek. Ons kan nie vir God voorskryf wat Hy moet doen nie. Maar ons mag maar kinderlik ons behoeftes voor Sy voete lê. Hy sal luister na die gebed van elke gelowige.

## Gebed:

**Here, vandag moet ons besef dat alles en almal binne U mag is, en dat U selfs ongelowiges kan gebruik vir U doel. Here, ek is tot U beskikking - gebruik my waar U wil.**

# 42 Moses Sterf

## Deuteronomium 34

Moses is ‘n stokou man - 120 jaar oud. Die laaste veertig jaar het hom oud gemaak, want vir veertig jaar lank het hy opgeskeep gesit met hierdie weerbarstige klomp Israeliete en al hulle streke. Kort-kort moes hy net wal gooi, of die Here het hulle totaal van die gesig van die aarde afgevee. Maar nou besef Moses dat sy tyd gekom het. Die einde van sy lewe is naby.

Ja, dit was ‘n rowwe veertig jaar in die woestyn. En hulle was só naby daaraan om veertig jaar gelede al die beloofde land in te

gaan - was dit nie vir hierdie volk wat weer alles kom opmors het met hulle gedwarstrekkery nie. Dankie tóg vir die jongman Josua - hy was die enigste ou ligpuntjie - hy en sy vriend Kaleb. Was dit nie vir hulle nie, dan het hy wat Moses is al lankal boedel oorgegegee! Ja, jonk is Josua al lankal nie meer nie - trek seker nou al by die sewentig rond. Maar in Moses se oë is hy steeds 'n jong mannetjie. Maar propvol wysheid en liefde vir God!

Moses wou so graag die beloofde land beleef, maar dit was hom nie beskore nie. En dit alles net die skuld van hierdie spul

moeilikheidmakers. Hy is sommer opnuut weer kwaad. Hulle het hom uitgelok, en toe verloor hy sy humeur, en toe sondig hy teen God. O ja, die Here het hom lankal daarvoor vergewe, maar die gevolg is dat hy nie die land kan ingaan nie. Ja, hy kan maklik die skuld pak op die Israeliete, maar eintlik was dit gladnie hulle skuld nie. Hy, Moses, het van beter geweet. Het hy nie elke dag met die Here gesels nie? Het hy nie die Here geken as ‘n Vriend nie? Hy het groot verantwoordelikheid op sy skouers gedra, maar die Here het hom genoeg toerusting gegee om dit te kon doen. Dit was net ‘n

oomblik van waansin, ‘n oomblik toe hy die Here uit sy gedagte geskuif het, toe die sonde kom. O hoe bitter het hy nie berou oor daardie dag nie! Maar die skade is gedoen - dit kon nie weer heelgemaak word nie.

Maar daar is darem ‘n troos: God het hom belowe dat hy die land sal kan sien. Wanneer hulle getrek het tot reg oorkant Jerigo, sal Moses die hele land kan sien as hy die berg uitklim. Hy kan nie wág dat hulle daar kom nie!

Maar Moses dra ‘n effense bekommernis in hom: “Here, maar wie gaan my opvolg? Wie gaan hierdie volk die beloofde

land inlei?" Moses is gladnie verbaas as die Here hom antwoord dat Josua daardie taak sou kry nie. "Daardie jongman gaan dit nog ver in die lewe bring!" glimlag Moses. Nou kan hy maar in vrede sterf, want hy weet dat die volk in goeie hande sal wees.

Maar Moses het nog 'n vraag: "Here, hoe gaan die volk weet waar hulle grense nou eintlik is?" Dan verduidelik die Here vir Moses dat die nuwe land sal strek van die suidpunt van die Soutsee in die suide tot by die Horberg in die noorde, en van die Jordaanrivier in die ooste tot by

die groot see in die weste. Moses slaan sy hande saam in verwondering: “So baie grond!” Hy is opnuut sommer opgewonde as hy vir Josua roep en vir hom vertel van die landsgrense. Hy wens so dat hy dit kan sien!

Nie baie maande later nie laat roep Moses die volk bymekaar: “Ek is nou 120 jaar oud,” sê hy vir hulle. Hy kyk hulle deur, waar die derduisende mense voor hom staan. Nie ‘n enkele een van hulle was daar toe hulle oorspronklik die land sou ingaan nie, buiten Josua en Kaleb. Die res is almal dood in die woestyn - net hulle kinders is vandag hier.

"Anderkant hierdie berg lê die Jordaanrivier" gaan hy voort, "en oorkant dit, die Beloofde Land. Ek kan nie saam met julle daar oorstap nie." Verbeel hy hom, of sien hy die volk huil? "Maar Josua is julle nuwe leier, en hy sal julle daar deurlei die beloofde land in. Hou moed, wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir die inwoners skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, en Hy sal julle nooit alleen laat nie."

Terwyl Moses praat, is hy bewus van die Here se teenwoordigheid. Hy hoor duidelik dat die Here vir

hom sê dat sy einde aangebreek het - hy gaan binnekort sterf. Sy hart klop vinniger by die gedagte, want hy weet dat hy dan vir altyd by God sal wees! En dan begin Moses ‘n aangrypende lied sing: “Hoor hemele, ek praat, luister na my woorde aarde!” Klokhelder sweef die klanke van Moses se lied oor die vlaktes van Moab, “Dit gaan goed met jou, Israel! Wie is soos jy? Jy is ’n volk wat deur die Here verlos is!” Daar is nie ‘n droë oog in die hele groot gehoor nie. Moses se lied raak elke hart diep aan as hy sing van God se grootheid - van sy lewenslange Vriend wat hom deur dit alles

gelei het en hom tot hier gebring het.

Die volgende oggend vroeg klim Moses die berg uit. Daar is, ten spyte van sy hoë ouderdom, steeds ‘n huppel in sy stap en ‘n glimlag op sy gesig. As hy die top bereik, tuur hy met ‘n helder oog oor die landstreek oorkant die Jordaan, tot waar dit verdwyn in die verte oor die horison. “Dankie Here, nou kan ek rus - nou het ek die land gesien wat U aan my voorvader Abraham beloof het soveel jare gelede.”

Moses se liggaam lê iewers op die Moabvlakte begrawe. Niemand weet waar nie, want

God het hom Persoonlik daar begrawe. Die groot man sal vir ewig onthou word vir sy leierskap en veral vir sy wonderlike verhouding met God.

**Gebed:**

**Here, dankie vir die lewe van Moses en die wonderlike voorbeeld wat hy vir ons elkeen gestel het.**